# BYDRAES WAT KERNROLSPELERS KAN LEWER OM HUISOUERS BINNE DIE HUISOUERMODEL IN DIE UITVOERING VAN HULLE TAKE TE ONDERSTEUN

deur

**KAREN VAN NIEKERK**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE**

(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

STUDIELEIER: MEV. I.F. JACOBS

NOVEMBER 2010

# DANKBETUIGINGS

Die volgende persone en instansies word van harte bedank vir hulle bystand en steun met die voltooiing van hierdie verhandeling:

- Mev. Issie Jacobs, my studieleier, vir haar positiewe leiding, geduld en motivering.
- Hennie, Sonika en Janneke vir hulle liefde, begrip, ondersteuning en opofferinge gedurende die afgelope jaar. Baie dankie, ek waardeer julle.
- My ouers vir hulle deurlopende belangstelling en aanmoediging in die tye wat ek moedeloos gevoel het.
- My kollegas en vriende by Bethany House Trust vir hulle belangstelling, morele ondersteuning en goedgesindheid teenoor my studies.
- Mev. Maretha van Zyl en Ronel Pieterse by die kinderhuis waar die studie geloods is, vir hulle positiewe insette en bystand tydens die insameling van die empiriese data vir die studie.
- Aan al die deelnemers se tyd en bereidwilligheid om deel te neem aan die studie, asook vir hulle waardevolle insette wat hierdie navorsing moontlik gemaak het.
- Lambert Jacobs vir die taalkundige versorging van die verhandeling.

***Liewe Jesus, baie dankie dat U my gehelp skryf het aan hierdie verhandeling en dat U my gedra het deur die baie nagte wat ek gevoel het ek kan nie meer nie. U liefde en u goedheid is wonderlik. Ek prys U daarvoor.***

## VERKLARING DEUR NAVORSER

Ek verklaar hiermee dat

**BYDRAES WAT KERNROLSPELERS KAN LEWER OM HUISOUERS BINNE DIE HUISOUERMODEL IN DIE UITVOERING VAN HULLE TAKE TE ONDERSTEUN**

my eie werk is en dat alle bronne wat ek gebruik het of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is.

Handtekening                    Datum

Studentenommer: 43362001

# VERKLARING DEUR TAALVERSORGER

Ek verklaar hiermee dat ek die taalversorging en proefleeswerk van die verhandeling

**BYDRAES WAT KERNROLSPELERS KAN LEWER OM HUISOUERS BINNE DIE HUISOUERMODEL IN DIE UITVOERING VAN HULLE TAKE TE ONDERSTEUN**

deur Karen van Niekerk vir die graad MDiac gehanteer het.

Ek is ’n vryskut taalversorger na ’n loopbaan as publikasiehoof van ’n leidende uitgewershuis.

Lambert Daniel Jacobs (BA Hons, MA, BD, MDiv)
22 November 2010

# OPSOMMING

**BYDRAES WAT KERNROLSPELERS KAN LEWER OM HUISOUERS BINNE DIE HUISOUERMODEL IN DIE UITVOERING VAN HULLE TAKE TE ONDERSTEUN**

deur KAREN VAN NIEKERK

STUDIELEIER: MEV. I.F. JACOBS

Die huisouermodel word tans internasionaal in kinderhuise gevolg. ’n Huisouer of huisouerpaar tree as surrogaatouer(s) op en woon saam met die kinders in ’n huis in ’n gewone woonbuurt, weg van die hoofkampus van die kinderhuis. Direkte waarneming van die daaglikse funksionering van huisouers binne die huisouermodel het die navorser bewus gemaak van die kompleksiteit van die huisouer(s) se take.

Die doel van hierdie navorsing was gevolglik om ’n verkennende studie te onderneem, ten einde te bepaal watter bydrae kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel van ’n kinderhuis in die uitvoering van hulle take te ondersteun. Om hierdie doel te bereik is ’n kwalitatiewe navorsingstudie uitgevoer waartydens semi-gestruktureerde onderhoude met huisouers en kernrolspelers van drie satelliethuise van ’n kinderhuis, as data-insamelingsmetode benut is.

Die kwalitatiewe data is geanaliseer en die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun, is beskryf.

## SLEUTELTERME

Huisouermodel, huisouer, satelliethuis, kernrolspelers, ondersteuning.

## SUMMARY

**THE CONTRIBUTION THAT KEY ROLE PLAYERS CAN PROVIDE TO SUPPORT HOUSEPARENTS WITHIN THE HOUSEPARENT MODEL WITH THE FULFILMENT OF THEIR DUTIES**

by KAREN VAN NIEKERK

STUDY LEADER: MS I.F. JACOBS

Internationally, children's homes follow the houseparent model. A houseparent or houseparent couple act as surrogate parent(s) and live with children in a home, away from the main campus of the children's home. Direct observation of the functioning of houseparents within the houseparent model brought awareness with regards to the complexity of houseparents' tasks.

The goal of this research was to conduct an exploratory study to determine what contribution key role players can make to support houseparents within the houseparent model with the fulfilment of their tasks. To achieve this goal, data was gathered through the application of a qualitative research study, utilising semi-structured interviews that were conducted with houseparents and key role players within three satellite homes.

The qualitative data was analysed and the contribution that key role players can make to support houseparents in the fulfilment of their duties was described.

## KEY CONCEPTS

Houseparent model; houseparent; satellite home; key role players, support.

## INHOUDSOPGAWE


**DANKBETUIGINGS…………………………………………………………………..……..ii**

**VERKLARING DEUR NAVORSER…………………………………………….….……iii**

**VERKLARING DEUR TAALVERSORGER……………………………………………iv**

**OPSOMMING………………………………………………………………………….…...v**

**SLEUTELTERME……………………………………………………………………..…...v**

**SUMMARY…………………………………………………………………………….…...vi**

**KEY CONCEPTS………………………………………………………………..…….…...vi**


**HOOFSTUK EEN: INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE**


**1.1 INLEIDING…………………………………………………………………………..1**

**1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP……………………………..2**

**1.3 PROBLEEMFORMULERING……………………………………………….………4**

**1.4 NAVORSINGSVRAAG……………………………………………………………….5**

**1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK……………………………………………..……….6**

**1.5.1 Doel van die navorsingstudie……………………………………………………6**

**1.5.2 Doelwitte van die studie……………………………………………….……….6**

**1.6 NAVORSINGSBENADERING ……………………………………………………….7**

**1.7 SOORT NAVORSING ……………………………………………………….……….8**

**1.8 NAVORSINGSONTWERP………………………………………………………...8**

**1.9 WERKWYSE EN NAVORSINGSMETODOLOGIE ……………………………………9**

**1.9.1 Universum, afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming………………………………………………………………………9**

**1.9.2 Data-insameling………………………………………………………………..11**

**1.9.3 Prosessering en analisering van data…………………………………………..12**

- **Stap 1: Bestuur en organisering van data ………………………………………12**
- **Stap 2: Lees en skryf van notas ……………………………………………….…12**

- **Stap 3: Die daarstelling van kategorieë, temas en patrone……………………12**
- **Stap 4: Kodering van data………………………………………………………13**
- **Stap 5: Eksplorering van alternatiewe verduidelikings………………………13**
- **Stap 6: Die skryf van die verslag………………………………………………13**
    - Geloofwaardigheid…………………………………………………………**13**
    - Oordraagbaarheid……………………………………………………………**14**
    - Afhanklikheid…………………………………………………………………**14**
    - Bevestigbaarheid………………………………………………………………**15**

**1.10 DIE WYSE WAAROP DIE LITERATUUROORSIG VIR HIERDIE STUDIE GEDOEN IS ……………………………………………………………………15**

**1.11 ETIESE ASPEKTE VAN DIE NAVORSING ………………………………...16**

- **Vrywillige deelname ……………………………………………………...17**
- **Ingeligte toestemming …………………………………………………...17**
- **Misleiding van deelnemers ……………………………………………...17**
- **Vertroulikheid en anonimiteit …………………………………………..17**
- **Ontlonting ………………………………………………………………….18**
- **Publisering van data ……………………………………………………..18**

**1.12 DEFINISIES VAN DIE HOOFKONSEPTE ………………………………..19**

**1.12.1 Huisouermodel ……………………………………………………………19**

**1.12.2 Huisouer……………………………………………………………………19**

**1.12.3 Satelliethuis…………………………………………………………………..20**

**1.12.4 Kernrolspeler…………………………………………………………………20**

**1.12.5 Ondersteuning………………………………………………………………..21**

**1.13 SAMEVATTING ……………………………………………………………21**


**HOOFSTUK TWEE: DIE TAKE VAN HUISOUERS EN KERNROLSPELERS BINNE DIE HUISOUERMODEL**


**2.1 INLEIDING ……………………………………………………………………22**

**2.2 DIE HUISOUERMODEL ……………………………………………………..23**

**2.3 DIE ROL EN TAKE VAN DIE HUISOUER BINNE DIE HUISOUERMODEL……..26**

**2.3.1 Werk met individuele kinders……………………………………………………….27**
**2.3.2 Werk met 'n groep kinders……………………………………………………….29**
**2.3.3 Skakeling met verskillende netwerke…………………………………………….32**

- **Skakeling met lede van elke individuele kind se netwerk ……………………32**
- **Skakeling met netwerke rondom die huis ………………………………………33**

**2.3.4 Skakeling met die breër organisasie………………………………………………33**
**2.3.5 Instandhouding van persoonlike welstand………………………………………34**
**2.3.6 Stressors wat huisouers ervaar……………………………………………………34**
**2.4 KERNROLSPELERS EN HULLE ONDERSTEUNINGSFUNKSIE AAN HUISOUERS BINNE DIE HUISOUERMODEL IN 'N KINDERHUIS ……………………35**
**2.4.1 Kernrolspelers…………………………………………………………………………36**
**2.4.2 Wyses waarop kernrolspelers die huisouers in die uitvoering van hulle take kan ondersteun…………………………………………………………………………………38**
**2.5 SAMEVATTING ………………………………………………………………………..39**

**HOOFSTUK DRIE: 'N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP DIE GESTALTTEORIE**

**3.1 INLEIDING ……………………………………………………………………………...41**
**3.2 DIE VELDTEORIE ……………………………………………………………………42**
**3.3 KONTAK………………………………………………………………………………...46**
**3.3.1 Die ontmoeting met ander………………………………………………………….47**
**3.3.2 Kontakgrens: die plek van kontak…………………………………………………47**
**3.3.3 Voorgrond en agtergrond: differensiasie van kontak……………………………48**
**3.3.4 Kreatiewe aanpassing: die ontwerp van kontak…………………………………48**
**3.4 GESTALTFORMASIE ………………………………………………………………...49**
**3.4.1 Fases van Gestaltformasie…………………………………………………………50**

- **Onttrekking…………………………………………………………………………51**
- **Sensasie……………………………………………………………………………51**
- **Bewustheid…………………………………………………………………………51**
- **Mobilisering………………………………………………………………………...51**

- **Aksie……………………………………………………………………………………...51**
- **Finale kontak…………………………………………………………………………52**
- **Satisfaksie……………………………………………………………………………..52**
- **Onttrekking……………………………………………………………………………52**

**3.5 SAMEVATTING ……………………………………………………………………53**


**HOOFSTUK VIER: EMPIRIESE STUDIE EN NAVORSINGSBEVINDINGS**


**4.1 INLEIDING …………………………………………………………………………...54**

**4.2 EMPIRIESE GEGEWENS ……………………………………………………………54**

**4.2.1 Hooftema 1: Deelnemers se menings ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel**

4.2.1.1 *Subtema 1: Rolverwarring ten opsigte van die onderskeie take en verantwoordelikhede van deelnemers*……………………………………………………56

- **Kategorie 1: Rol van huisouer…………………………………………………...56**
- **Kategorie 2: Rol van gemeenskapskomitee en gemeenskapslede…………59**
- **Kategorie 3: Rol van die maatskaplike werker en bestuur……………………60**

**4.2.2 Hooftema 2: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik….62**

4.2.2.1 *Subtema 1: Die regte van huisouers*……………………………………………..63

- **Kategorie 1: Die reg om die kinders te dissiplineer……………………………65**
- **Kategorie 2: Reg om met respek behandel te word……………………………67**
- **Kategorie 3: Reg tot insae in kinders se agtergrondgeskiedenis, asook behandelingsprogram…………………………………………………………………69**

4.2.2.2 *Subtema 2: Gevoelens van minderwaardigheid*……………………………….70

- **Kategorie 1: Huisouers voel bedreig deur bestuur, maatskaplike werkers en die betrokkenheid van vrywilligers…………………………………………………72**

4.2.2.3 *Subtema 3: Tyd*……………………………………………………………………….74

- **Kategorie 1: Vervoer van kinders…………………………………………………75**
- **Kategorie 2: Kontrolering van huiswerk…………………………………………76**

- **Kategorie 3: Administratiewe take……………………………………………….77**
- **Kategorie 4: Verantwoordelikheid teenoor eie gesin…………………………78**

4.2.2.4 *Subtema 4: Keuring van kinders vir satelliethuise*……………………………….79

- **Kategorie 1: Profiel van kind in satelliethuis…………………………………..79**

**4.2.3 Hooftema 3: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take sal vergemaklik ……………………………………………………………………………..83**

4.2.3.1 *Subtema 1: Ondersteuning*…………………………………………………………83

- **Kategorie 1: Emosionele ondersteuning………………………………………...83**
- **Kategorie 2: Fisiese ondersteuning………………………………………………86**

4.2.3.2 *Subtema 2: Positiewe verhoudings*…………………………………………………86

- **Kategorie 1: Verhoudings met gemeenskapslede……………………………..86**
- **Kategorie 2: Verhoudings met die maatskaplike werkers en bestuur……...87**

4.2.3.3 *Subtema 3: Opleiding*……………………………………………………………...88

- **Kategorie 1: Relevante kwessies waarmee huisouers daagliks gekonfronteer word……………………………………………………………………89**
- **Kategorie 2: Praktiese implementering van opleidingsessies………………89**

**4.3 SAMEVATTING ……………………………………………………………………..89**

**HOOFSTUK VYF: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

**5.1 INLEIDING ……………………………………………………………………………..91**

**5.2 NAVORSINGSVRAAG ………………………………………………………………….91**

**5.3 EVALUERING VAN DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE…………………...91**

**5.3.1 Doel van die navorsingstudie……………………………………………………….92**

**5.3.2 Doelwitte van die studie……………………………………………………………...92**

**5.4 GEVOLGTREKKINGS ………………………………………………………………….94**

**5.5 AANBEVELINGS ……………………………………………………………………...98**

**5.5.1 Algemene aanbevelings……………………………………………………………..98**

**5.5.2 Aanbevelings vir verdere navorsing……………………………………………...100**

**5.6 SAMEVATTING ……………………………………………………………………….100**

**BRONNELYS ……………………………………………………………………………….101**

**BYLAES**

**BYLAAG 1 (a): Toestemming om deel te neem aan navorsing (kernrolspelers) 108**

**BYLAAG 1 (b): Toestemming om deel te neem aan navorsing (huisouers)……..112**

**BYLAAG 2: Etiekkomitee-aansoekvorm……………………………………………..116**

**BYLAAG 3 (a): Onderhoudskedule vir huisouers……………………………………124**

**BYLAAG 3 (b): Onderhoudskedule vir kernrolspelers in satelliethuise………….125**

**BYLAAG 3 (c): Whitaker, Archer en Hicks (1998) se tabelle ter gedeeltelike verklaring van die formulering van vrae vir die onderhoudskedule………………126**

**LYS VAN FIGURE**

**FIGUUR 3.1: Jantsch se model van die veld..........................................................45**

**LYS VAN TABELLE**

**TABEL 1: Uiteensetting van hooftema 1, die subtemas en kategorieë...................55**

**TABEL 2: Uiteensetting van hooftema 2, die subtemas en kategorieë...................62**

**TABEL 3: Uiteensetting van hooftema 3, die subtemas en kategorieë...................82**

# HOOFSTUK EEN: INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

In die hedendaagse praktyk word daar in kinderhuise primêr gefokus op die implementering van ’n benadering wat aan die kinders ’n gevoel gee van ’n gesinslewe, eerder as inrigtingversorging. Berridge en Brodie (1988) en Whitaker, Archer en Hicks (1998) beklemtoon die belangrikheid van ontspanne, informele maaltye; slaaptye; ontspanningsaktiwiteite; interaksies en verhoudings met bure, skole en die plaaslike omgewing. Hierdie benadering kan ook waargeneem word in die vestiging van kleiner huiseenhede waar kinders in “gewone” huise in “gewone” woonbuurte gehuisves word.

Jones, Landsverk en Roberts (2007:101) en Törrönen (2006:129) verwys na die model wat tans internasionaal in kinderhuise gevolg word as die huisouermodel en dit is ook die model waarop daar in hierdie studie gefokus sal word. Hierdie model beklemtoon die belangrikheid van ’n “gesinstipe” omgewing binne die kinderhuisopset. Huisouers is veronderstel om ’n intieme en huislike atmosfeer te skep wat die biologiese gesin weerspieël en aan die kinders ’n gevoel van behoort en stabiliteit gee. ’n Huisouer of huisouerpaar tree as surrogaatouer(s) op en woon saam met die kinders in die huis (Jones *et al.*, 2007:101).

Ward (2006:337) is van mening dat dit ’n gegewe is dat kinders voor hulle plasing in kinderhuise ekstreme probleme in hulle gesinne van oorsprong, sowel as binne die ekologiese konteks van skool, buurt en gemeenskap, ervaar het. Hierdie kinders is heel waarskynlik ook blootgestel aan verskillende vorme van misbruik, verwaarlosing, trauma en disfunksionele gesinsverhoudings. ’n Uitdaging waarmee huisouers daarom op ’n daaglikse basis gekonfronteer word, is om ondersteunende en bemagtigende alledaagse lewenservarings aan hierdie kinders te voorsien wat uit problematiese agtergronde kom, wat hoë vlakke van angs ervaar en wie se toekoms dikwels onseker en onvoorspelbaar is. ’n Bepalende faktor in die suksesvolle uitvoering van huisouers se take is, na die navorser se mening, die mate van ondersteuning wat die huisouers

ontvang van rolspelers wat by die huisouermodel betrokke is. Volgens Nevis (2002:81) en Parlett (1997:29) verwys rolspelers na die verskillende partye wat by die huise betrokke is en wat mede-verantwoordelik is vir die instandhouding, bestuur en funksionering van die huise, asook die inskakeling van die kinders in die gemeenskap (verwys 1.12.4). Die bydrae wat kernrolspelers kan lewer met betrekking tot die uitvoering van huisouers se veelvuldige take, word in hierdie studie ondersoek.

In hoofstuk een gee die navorser 'n uiteensetting van die motivering en rasionaal vir die studie, asook die metodologie waarvolgens die navorsing hanteer is. Die teoretiese agtergrond van die studie is gebaseer op die holistiese benadering van die Gestaltteorie wat op die persoon in sy geheel fokus, asook die veldteorie-perspektief, wat impliseer dat 'n persoon slegs verstaan kan word binne die sisteem waarvan hy 'n betekenisvolle, integrerende deel vorm (Clarkson, 1995:8). In hoofstuk een word daar ook aan die etiese aspekte van navorsing, asook die wyse waarop dit tydens die studie hanteer is, aandag geskenk. Sleutelterme wat relevant is vir hierdie studie word gedefinieer en vir die doeleindes van hierdie studie omskryf. In hoofstuk twee is 'n literatuurstudie gedoen wat die take van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel bespreek. Hoofstuk drie gee 'n teoretiese perspektief van Gestaltteorie, asook hoe dit op huisouers binne die huisouermodel betrekking het. Die empiriese data wat vanuit die studie verkry is word in hoofstuk vier weergegee en die studie word afgesluit deur gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsingsbevindinge in hoofstuk vyf.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die navorser het haar internskap by 'n satelliethuis, asook twee huiseenhede van die hoofkampus van 'n kinderhuis in Johannesburg, gedoen. Direkte waarneming van die daaglikse funksionering van die huisouers in die verskillende huiseenhede, sowel as individuele gesprekke met huisouers, het die navorser bewus gemaak van die intensiteit en kompleksiteit van die huisouers se rol as kinderversorgers. Die werk van huisouers blyk 'n stresvolle taak te wees en wel om die volgende redes:

- Die omstandighede wat daartoe bygedra het dat ’n kind in die kinderhuis geplaas is, is uiteenlopend en dit is die huisouers se taak om die omstandighede en behoeftes van elke unieke individu in die huis te verstaan en te erken (Hicks, Archer & Whitaker, 1998:362);
- Kinders in ’n kinderhuis manifesteer met emosionele en gedragsprobleme en hulle kan met tye onaangenaam, vyandiggesind, aggressief en selfdestruktief wees, asook openlik poog om die gesag van huisouers te ondermyn (Lipscombe, Farmer & Moyers, 2003:244; Heron & Chakrabarti, 2003:82; Hicks *et al.*, 1998:363). Stevens (2004:237) maak in dié verband die stelling dat gedragskontrole juis een van die stressors is waarmee huisouers op ’n daaglikse basis gekonfronteer word;
- Die algemene publiek het dikwels ’n negatiewe houding teenoor die kinders en die huisouers, wat verder versterk word deur mediaberigte van skandale binne kinderhuise. Dit versterk die publiek se opvatting dat kinderhuiskinders kriminele is en/of dat huisouers kinders misbruik (Whitaker *et al.*, 1998:116-117).
- Die huisouers het nie die vryheid van keuse om na eie goeddunke besluite ten opsigte van die bestuur van die huis en die versorging en opvoeding van die kinders te neem nie, maar moet binne ’n voorgeskrewe raamwerk (soos deur die bestuurspan van die organisasie daargestel), optree (Pieterse, 2010; Van Zyl, 2009).
- Die kinderhuis is vir die publiek oopgestel en rolspelers in die gemeenskap het vrye toegang om die huiseenhede enige tyd van die dag te besoek. Huisouers ervaar dus dat hulle weinig of geen privaatheid het nie (Van Zyl, 2009);
- Die uitvoering van huisouers se take vind plaas in ’n omgewing met ’n spesifieke bewustheid van die regte van kinders en die verwagting dat huisouers die regte van die kinders in die daaglikse praktyk in ag sal neem en sal bevorder (Kendrick, 2008:187; Milligan & Stevens, 2006:10).
- Huisouers word meestal gekeur en aangestel op grond van hulle beskikbaarheid, asook gewilligheid om die rol te vertolk en nie noodwendig op grond van hulle ouderdom, opleiding, geskiktheid vir die posisie of passing van persoonlikhede nie. Huisouers is dus nie altyd voorbereid of opgelei om die kompleksiteit en intensiteit van die taak as ouer te hanteer nie (Price, Chamberlain, Landsverk & Reid, 2009:235; Van Zyl, 2009).

Navorsing deur Guishard-Pine, McCall en Hamilton (2007:22) dui aan dat die hoofrede waarom huisouers gewoonlik hulleself beskikbaarstel om kinders in ’n kinderhuis te versorg, is omdat hulle hulle lewe met kinders wil deel en kies om kinders in nood te ondersteun. Stressors soos uiteengesit hierbo, sowel as reëls en prosedures wat nagevolg moet word, kan egter huisouers se morele impuls om vir die kinders te sorg, dreineer en uitbranding veroorsaak. Dit het volgens Smith (2009:166) tot gevolg dat huisouers nie meer primêr op onderlinge verhoudings nie, maar eerder op huisreëls en gedragsbeheer fokus.

Die navorser se opleiding in Gestaltteorie het haar bewus gemaak van die belangrikheid van gesonde kontak, intrapersoonlik (kontak tussen die individu en aspekte van die self), sowel as interpersoonlik (kontak tussen die individu en die omgewing), ten einde ’n individu in staat te stel om sy/haar behoeftes te bevredig en as ’n holistiese entiteit te funksioneer (vergelyk Blom, 2004:41). Die verskillende netwerke waarmee die huisouers op ’n daaglikse basis skakel is onlosmaaklik tot die huisouers verbind, is in ’n konstante staat van beweging en verandering en kan ’n invloed hê op die huisouers se gedrag (vergelyk Woldt & Toman, 2005:41-63; James & Gilliland, 2003:45). Ondersteuning van kernrolspelers, asook huisouers se bewustheid van die mate waartoe hulle kernrolspelers kan benut om hulle in die uitvoering van hulle take te help, kan huisouers in staat stel om primêr op die kinders se verhoudings met hulleself, hulle mede-huislede en die gemeenskap te fokus. Hierdie aspek dien as motivering vir die navorser om ’n verkennende studie te doen, ten einde vas te stel watter bydrae kernrolspelers in ’n kinderhuis kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle veelvuldige take te ondersteun.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Volgens Mouton (2001:48) behels die eerste fase van enige navorsingsprojek die transformering van ’n interessante navorsingsidee in ’n uitvoerbare navorsingsprobleem. Lourens (2004:23) beskou die formulering van ’n navorsingsprobleem as waarskynlik dié belangrikste gedeelte van die

navorsingsvoorstel en uiteindelik ook die navorsingsprojek, omdat dit die essensie van die voorgenome studie weergee. Die probleemstelling vir hierdie studie kan soos volg geformuleer word, naamlik:

Langdurige blootstelling aan stres, asook huisouers se ervaring dat hulle nie voldoende ondersteuning van die betrokke rolspelers ontvang nie, kan tot uitbranding lei en die huisouers se funksionering, sowel as onderlinge verhoudings in die huis, negatief beïnvloed (Osmond, Scott & Clark, 2008:264; Petty & Brewer, 2005:58; Heron & Chakrabarti, 2003:93).

Die ondersteuning van kernrolspelers in die uitvoering van huisouers se veelvuldige take mag daartoe bydra dat huisouers bemagtig word om as holistiese entiteite binne ’n voortdurend veranderde sisteem te funksioneer en op so ’n wyse effektiewe organismiese selfregulering bevorder (vergelyk Blom, 2004:11-12).

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Volgens Fouché en De Vos (2005:101) word die navorser in sy studie gerig deur ’n navorsingsvraag of geformuleerde werkshipotese. Thomas (1998:51) is van mening dat die formulering van ’n probleem in die vorm van ’n vraag, die soort antwoord identifiseer wat die navorsing verwag om te voorsien in die oplossing van ’n probleem. ’n Hipotese verteenwoordig ’n waarskynlike antwoord op ’n navorsingsvraag, maar die waarskynlikheid van die antwoord moet nog deur middel van navorsingsaktiwiteite getoets word. Wallen en Fraenkel (1991:13), sowel as Rubin en Babbie (2008:134), identifiseer die volgende eienskappe waaroor ’n goeie navorsingsvraag moet beskik, naamlik:

- Die vraag is duidelik en spesifiek (die sleutelterme in die vraag kan duidelik geïdentifiseer word);
- Die vraag is betekenisvol en relevant (die ondersoek daarvan is waardevol omdat die inligting wat ingesamel word ’n belangrike bydrae kan lewer om omstandighede te verbeter);

- Die vraag is eties korrek (dit sal nie fisiese of psigologiese skade aan mense of die omgewing aanrig nie);
- Die vraag dui op ’n verhouding van een of ander aard (daar word veronderstel dat twee of meer eienskappe op een of ander manier met mekaar verband hou);
- Data wat ingesamel moet word om die vraag te beantwoord, is bereikbaar.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die volgende navorsingsvraag gestel word:
**Watter bydrae kan kernrolspelers lewer om huisouers binne die huisouermodel van ’n kinderhuis in die uitvoering van hulle take te ondersteun?**

## 1.5 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Fouché en De Vos (2005:104) omskryf die doel van navorsing as die breër, meer abstrakte voorstelling van die oogmerk wat die navorser met die studie het en hulle verwys na doelwitte as die spesifieke take wat die navorser stapsgewys binne ’n bepaalde tydsverloop moet uitvoer, ten einde die oorhoofse doel van die studie te bereik.

### 1.5.1 Doel van die navorsingstudie

Die oorhoofse doel van die navorsing is om ’n verkennende studie te onderneem ten einde te bepaal watter bydrae kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel van ’n kinderhuis in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

### 1.5.2 Doelwitte van die studie

Die praktiese doelwitte vir die studie word soos volg geformuleer:

- Om ’n konseptuele raamwerk daar te stel ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers sowel as kernrolspelers binne die huisouermodel in ’n kinderhuis;

- Om die Gestaltkonsepte veldteorie, kontak en kontakmaking, asook Gestaltformasie teoreties binne die konteks van die studie te verken en te beskryf;
- Om kwalitatiewe data in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met huisouers en kernrolspelers van drie verskillende satelliethuise van ’n spesifieke kinderhuis in Johannesburg;
- Om die kwalitatiewe data te analiseer en met literatuur te verifieer, ten einde die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers te ondersteun in hulle take, te beskryf;
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bydraes wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun, in ’n navorsingsverslag te vervat wat onder meer aan die bestuur van die kinderhuis, asook die gemeenskapsleiers, bekend gemaak sal word.

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Die navorsingsbenadering in hierdie studie is kwalitatief van aard. Volgens Fouché en Delport (2005:74) het kwalitatiewe navorsing ten doel om die sosiale lewe en die betekenis wat individue daaraan heg, te verstaan. Smith en Dunworth (2003:603-604) ondersteun bogenoemde en noem verder dat elke deelnemer se betekenis en ervaring vasgevang word en dat kwalitatiewe navorsing die navorser se begrip van die deelnemers se persoonlike en sosiale ervarings bevorder. Kerfoot en Winberg (1997:18) dui aan dat navorsers in kwalitatiewe navorsing poog om alle betrokkenes by die navorsingsproses te betrek. Die betrokkenes kan enige persoon, organisasies of instansies wees wat ’n rol speel in die kwessies wat nagevors word en wat by die bevindinge van die studie kan baatvind. Hoe meer mense by die navorsingsproses betrek word, hoe meer akkuraat word die realiteit gereflekteer. Die navorser betrek verskillende rolspelers in hierdie studie ten einde akkurate inligting in te win oor die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun. Die persepsies van die huisouers sowel as die kernrolspelers sal die praktiese uitvoerbaarheid van aanbevelings verseker.

## 1.7 SOORT NAVORSING

Sidhu (2004:3) is van mening dat navorsing ten doel het om kennis te vermeerder en om die praktyk te verbeter. Hy klassifiseer navorsing in twee kategorieë, naamlik basiese of fundamentele navorsing en toegepaste navorsing. Sidhu (2004:13) omskryf basiese of fundamentele navorsing as navorsing wat gerig is op oplossings van fundamentele probleme of kwessies van kardinale belang. Resultate word weergegee in die vorm van breë veralgemenings, beginsels of teorieë. Dit fokus op die ontdekking van basiese waarhede en wette en beklemtoon kontrole en akkuraatheid eerder as die direkte toepassing van resultate in die praktyk. Fouché en De Vos (2005:105), Sidhu (2004:13) en McMillan en Schumacher (2001:19) omskryf toegepaste navorsing as navorsing wat daarop gerig is om kennis te voorsien wat relevant is tot die oplossing van probleme in die praktyk. Vir die doeleindes van hierdie studie word toegepaste navorsing van 'n verkennende aard gebruik. Die navorser wil aanbevelings aan die bestuur van die kinderhuis en die gemeenskapsleiers maak ten opsigte van die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

McMillan en Schumacher (2001:599) omskryf die navorsingsontwerp of navorsingstrategie as 'n plan wat die voorwaardes en prosedures vir die insameling en analisering van inligting beskryf. Fouché (2005:268) is van mening dat die keuse van 'n navorsingsontwerp deur die doel van die studie, die aard van die navorsingsvraag en die vaardighede en bronne tot die navorser se beskikking, bepaal word. Die navorser gaan 'n gevallestudie as navorsingsontwerp gebruik. Volgens Creswell (in Fouché, 2005:272) kan 'n gevallestudie beskou word as 'n verkenning of in-diepte analise van 'n sisteem, begrens deur tyd en/of plek. Die navorser wil deur middel van 'n verkennende studie 'n beter begrip verkry van die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun. Die navorser gaan 'n intrinsieke

gevallestudie gebruik wat primêr daarop fokus om ’n beter begrip van ’n individuele geval (die huisouer binne die huisouermodel) te verkry (Fouché, 2005:272).

## 1.9 WERKWYSE EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

DeMarrais en Lapan (2004:5) is van mening dat dit belangrik is om tussen die verskillende betekenisse van die terme metode en metodologie te onderskei. ’n Metode is ’n spesifieke navorsingstegniek of wyse waarop inligting oor ’n verskynsel ingevorder word. Dit is die spesifieke navorsingsgereedskap wat in navorsingsprojekte gebruik word om ’n beter begrip van ’n verskynsel te verkry. Voorbeelde van metodes is vraelyste, onderhoude en waarneming.

Harding (in DeMarrais & Lapan, 2004:5) omskryf navorsingsmetodologie as “… *a theory and analysis of how research does or should proceed*”. DeMarrais en Lapan (2004:5) ondersteun hierdie siening en stel dit dat metodologie navorsers se totale benadering tot navorsing omvat. Navorsers se aannames oor wat hulle glo kennis is, rig metodologiese besprekings, asook die ontwerp en implementering van navorsingstudies. Fouché en Delport (2005:71) vat, na die navorser se mening, bogenoemde omskrywing eenvoudig saam deur na navorsingsmetodologie te verwys as die wyse waarop die navorser te werk gaan om ’n probleem wetenskaplik op te los.

### 1.9.1 Universum, afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming

Volgens Gravetter en Forzano (in Strydom, 2005a:193) impliseer die term steekproef altyd die gelyktydige bestaan van ’n populasie of universum waarvan die steekproef ’n kleiner gedeelte van ’n populasie uitmaak. Arkava en Lane (in Strydom, 2005a:193) beskryf ’n universum as alle potensiële voorwerpe wat eienskappe waarin die navorser belangstel, besit. Die universum vir die navorsingstudie bestaan uit al die huisouers en kernrolspelers van kinderhuise in Gauteng wat die huisouermodel volg.

’n Populasie word omskryf as individue in die universum wat spesifieke eienskappe deel (Strydom, 2005a:193). Rubin en Babbie (2008:345) verwys na ’n populasie as ’n teoretiese, gespesifiseerde versameling van studie-elemente en omskryf ’n element as daardie eenheid waaroor inligting ingesamel word en wat die basis van ontleding voorsien. Die populasie vir hierdie navorsingstudie bestaan uit huisouers en kernrolspelers (bestuur, maatskaplike werkers en gemeenskapslede) van ’n spesifieke kinderhuis in Johannesburg wat die huisouermodel volg.

’n Steekproef verwys na individue wat uit die populasie geselekteer is vir insluiting by die studie. Die navorser maak van doelbewuste steekproefneming gebruik. Volgens Singleton (in Strydom, 2005a:202) is doelbewuste steekproefneming uitsluitlik op die navorser se oordeel gebaseer. Die kinderhuis in Johannesburg waar die navorser die studie doen, bestaan uit ’n hoofkampus met gespesialiseerde huiseenhede, ’n kampus met huiseenhede wat gewone sorgbehoewende kinders akkommodeer en sewe satelliethuise. Die satelliethuise funksioneer uitsluitlik volgens die huisouermodel en die kinders word in “gewone” huise in “gewone” woonbuurte gehuisves. Die steekproef bestaan uit die volgende deelnemers, naamlik:

- Die huisouer(s) van drie satelliethuise (noordelike voorstede);
- Die bestuurder van die satelliethuise;
- Die hoof van die kinderhuis;
- Die maatskaplike werker wat by die verskillende huiseenhede betrokke is;
- Die voorsitters van die gemeenskapskomitees van die onderskeie satelliethuise.

Die kriteria vir insluiting by die steekproef behels die volgende:

- Dat deelnemers beide Afrikaans en Engels magtig kan wees;
- Manlik of vroulik kan wees;
- Vrywillig aan die studie deelneem.

### 1.9.2 Data-insameling

Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met die huisouers van drie satelliethuise (noordelike voorstede), die voorsitters van die gemeenskapkomitees van die onderskeie satelliethuise, die bestuurder van die hoofkampus, die hoof van die kinderhuis en die maatskaplike werker betrokke by die verskillende huiseenhede. Volgens Greeff (2005:296) en DeMarrais (in DeMarrais & Lapan, 2004:52) word semi-gestruktureerde onderhoude gebruik om insig te verkry oor deelnemers se oortuigings of persepsies van ’n spesifieke onderwerp. DeMarrais (in DeMarrais & Lapan, 2004:52) is verder van mening dat die doel van semi-gestruktureerde onderhoude is om, deur middel van ’n onderhoudskedule en opvolgvrae, so ’n volledige beeld as moontlik van die deelnemer se woorde en ervarings saam te stel. Bell (2005:157) brei hierop uit deur op te merk dat die voordeel van onderhoudvoering daarin geleë is dat dit aanpasbaar is en die onderhoudvoerder in staat stel om idees op te volg, response te peil en motiewe en gevoelens te ondersoek. ’n Onderhoudskedule [verwys Bylaag 3(a), 3(b) & 3(c)] voorsien volgens Bell (2005:161) ’n raamwerk wat die onderhoud rig en verseker dat relevante inligting vir die studie ingevorder word, maar gee ook aan die deelnemers die vryheid om hulle eie mening weer te gee.

Volgens DeMarrais (in DeMarrais & Lapan, 2004:64) is ’n belangrike element van onderhoudvoering die vermoë om aktief te luister en om, waar van toepassing, (en soos reeds deur Bell hierbo aangedui is) die betekenis van antwoorde te peil. Om die navorser in staat te stel om op die insette van die deelnemer te fokus, word daar met die deelnemer se toestemming, video-opnames van die onderhoude gemaak (vergelyk Greeff, 2005:298) wat getranskribeer word vir die doeleindes van data-analise.

Kerfoot en Winberg (1997:19) omskryf die term triangulering as die proses waartydens navorsers poog om ’n balans te handhaaf tussen hulle opinies of interpretasies van data en die opinies of interpretasies van deelnemers aan die navorsing. Triangulering word in hierdie studie gebruik, omdat die navorser die menings van verskillende

kernrolspelers en huisouers benut het om inligting te verkry en data te verifieer, wat die betroubaarheid van die resultate verhoog (vergelyk De Vos, 2005a:361-362).

### 1.9.3 Prosessering en analisering van data

Creswell (in De Vos, 2005b:334) is van mening dat die proses van data-ontleding en -interpretering die beste deur middel van ’n spiraalvoorstelling verteenwoordig word. De Vos (2005b:334) het die analitiese proses van Marshall en Rossman met die spiraalvoorstelling van Creswell geïntegreer en spesifieke stappe vir data-ontleding in ’n liniêre vorm uiteengesit. Die navorser gebruik hierdie stappe as riglyn tydens die studie. Die ses stappe sal kortliks bespreek word sodat die werkwyse van die navorser begryp kan word.

- **Stap 1: Bestuur en organisering van die data**

Volgens De Vos (2005b:336-337) is dit die eerste stap na afloop van die onderhoud. Dit behels die liassering van al die relevante inligting in rekenaarlêers. Video-opnames word direk na die onderhoude getranskribeer. Die rou data word gesorteer en geanaliseer.

- **Stap 2: Lees en skryf van nota**

Patton (in De Vos, 2005b:337) stel voor dat die navorser deeglik vertroud moet wees met die data. Die navorser lees herhaaldelike kere deur die transkripsies ten einde ’n gevoel te kry van die inligting en om patrone te identifiseer.

- **Stap 3: Die daarstelling van kategorieë, temas en patrone**

Creswell (in De Vos, 2005b:338) is van mening dat dit die taak van die navorser is om die kwalitatiewe inligting te ontleed en in kategorieë, temas of dimensies van inligting te klassifiseer. Die navorser identifiseer en organiseer die verskillende ooreenstemmende temas. Hierdie temas word weer onderverdeel in subtemas en kategorieë. Direkte aanhalings van deelnemers word gebruik om die temas, subtemas en kategorieë te staaf.

- **Stap 4: Kodering van data**

Volgens Marshall en Rossman (in De Vos, 2005b:338) kan kodering geskied deur middel van afkortings van sleutelwoorde, kleur of nommers. Die navorser gebruik kleurmerkers om die verband tussen die temas aan te dui.

- **Stap 5: Ekplorering van alternatiewe verduidelikings**

Die bruikbaarheid en relevansie van die data met betrekking tot die beantwoording van die navorsingsvraag word deurlopend geëvalueer en met bestaande literatuur geverifieer.

- **Stap 6: Die skryf van die verslag**

Delport en Fouché (2005:351) noem dat die navorsingsverslag ten doel het om die navorsingsproses, die data wat ingesamel is en die bevindinge wat verkry is, aan ’n spesifieke teikengroep te kommunikeer. Die navorsingsverslag word aan die bestuur van die kinderhuis, die maatskaplike werker, asook die gemeenskapsleiers voorsien.

Die bevindinge van die studie word getoets aan die hand van Lincoln en Guba (in De Vos, 2005b:346-347) se vier kriteria wat die geldigheid en betroubaarheid van die data ondersoek. Die vier konstrukte wat deur Lincoln en Guba geïdentifiseer word is soos volg:

- Geloofwaardigheid

  Die doel van geloofwaardigheid is om te demonstreer dat die ondersoek op so ’n manier onderneem is om te verseker dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Die sterkte van enige kwalitatiewe studie is om sy kredietwaardigheid te bepaal. Die navorser moet dus vooraf duidelik bepaal wat die parameters na aanleiding van die omgewing, populasie en teoretiese raamwerk is. Daar word in werklikheid grense rondom die studie geplaas om te verseker dat die studie geldig is (De Vos, 2005b:346).

Die navorser het die parameters van die studie duidelik gestel sodat grense rondom die studie geplaas word waarbinne die teoretiese raamwerk en universum geloofwaardig is. Die konteks van die studie is spesifiek blootgelê deur middel van die literatuurfokus op die take van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel in kinderhuise. Die geloofwaardigheid is verder versterk deur die huisouers, gemeenskapsleiers, maatskaplike werker en bestuur van die satelliethuise as deelnemers tot die navorsingstudie te selekteer.

- Oordraagbaarheid

’n Kwalitatiewe studie se oordraagbaarheid tot ander gevalle of omstandighede kan volgens De Vos (2005b:346) problematies wees. Die eksterne geloofwaardigheid, met ander woorde die kwalitatiewe bevindings tot ander populasies, gevalle en behandelingsooreenkomste, word tradisioneel as ’n swakpunt van hierdie benadering beskou. Om dit teen te werk, kan die navorser terugverwys na die oorspronklike teoretiese raamwerk om te toon hoe die data-insameling en -analise deur die konsepte en modelle gelei word. Daar word dan in werklikheid teoretiese parameters vir die navorsing gestel. Om die data nog sterker te maak, kan dit uitgebrei word deur van verskeie bronne gebruik te maak wat die navorsing onderskryf en verifieer (De Vos, 2005b:346).

Die navorser het van triangulering gebruik gemaak deur semi-gestruktureerde onderhoude met die huisouers, sowel as kernrolspelers betrokke by die huisouermodel, te voer. Volgens De Vos (2005b:346) versterk die benutting van verskillende data-insamelingsmetodes, asook deelnemers, die nuttigheid van die studie binne ander opsette. Empiriese data is ook deurlopend met bestaande literatuur geverifieer.

- Afhanklikheid

Afhanklikheid is die alternatief vir betroubaarheid, wat hier spesifiek verwys na die konsep van herhaling van die gevolgtrekkings van die studie, waarbinne die navorser poog om rekenskap te gee vir veranderende omstandighede binne die

verskynsel wat deur ’n studie nagevors word. Betroubaarheid veronderstel ’n onveranderde universum waar empiriese data gedupliseer kan word deur ’n soortgelyke studie. Hierdie siening van ’n onveranderde sosiale wêreld is in direkte kontras met die kwalitatiewe veronderstelling dat die sosiale wêreld voortdurend besig is om gevorm te word, en dat die konsep van herhaling problematies is (De Vos, 2005b:346).

Huisouers se belewenis van die kinders in die huis, die ondersteuning van die bestuur van die kinderhuis, asook die betrokkenheid van die gemeenskap by die uitvoering van hulle take, is faktore wat ’n invloed kan hê op empiriese data en wat dus die herhaling van die studie kan bemoeilik.

- Bevestigbaarheid

Bevestigbaarheid hou volgens De Vos (2005b:346) verband met objektiwiteit. Dit behels dat die bevindings van die studie ook deur ander studies geverifieer kan word. Tydens die weergee van die empiriese data, het die navorser direkte aanhalings van die deelnemers gebruik om hulle menings en gevoelens weer te gee, ten einde te voorkom dat enige subjektiewe gevolgtrekkings gemaak word. Die empiriese data is ook met bestaande literatuur geverifieer.

## 1.10 DIE WYSE WAAROP DIE LITERATUUROORSIG VIR HIERDIE STUDIE GEDOEN IS

Finn (2005:90) beklemtoon die waarde van ’n literatuurbeskouing ten einde ’n oorsig van die voorgenome onderwerp, asook die konteks daarvan binne die breër navorsingsdissipline, te verkry. Die doel van ’n literatuurbeskouing is verder ook om te voorkom dat navorsing wat reeds gedoen is, herhaal word en om kennisleemtes te identifiseer.

Om die behoefte vir en relevansie van die navorsing te bepaal, het die navorser toepaslike literatuur oor die huisouermodel, sowel as die funksionering van huisouers

binne die huisouermodel, geraadpleeg. Die navorser het ook gesprekke met die hoof van kinderdienste van die kinderhuis in Johannesburg (Van Zyl, 2009) en die assistentbestuurder van die satelliethuise (Pieterse, 2010) gevoer wat bevestig het dat die huisouers se take baie kompleks en stresvol van aard is en dat dit tot emosionele uitbranding lei. Hierdie gesprekke is tydens die voorondersoek vir die studie gevoer en die inligting wat ingevorder is, is nie as deel van die empiriese data benut nie.

Die navorser maak van die volgende klassieke verwysings gebruik, omdat die outeurs baanbrekerswerk op die gebied van navorsing in kinderhuise gedoen het, naamlik:

- Berridge, D. & Brodie, I. 1988. *Children's homes revisited.* London: Jessica Kingsley Publishers.
- Kahan, B. 1994. *Growing up in groups.* London: HMSO.
- Brown, E., Bullock, R., Hobson, C. & Little, M. 1998. *Making residential care work: Structure and culture in children's homes.* Farnham: Ashgate Publishing.
- Sinclair, I. & Gibbs, I. 1998. *Children's homes: A study in diversity.* Chicester: John Wiley & Sons.
- Whitaker, D., Archer, L. & Hicks, L. 1998. *Working in children's homes: Challenges and complexities.* Chicester: John Wiley & Sons.

## 1.11 ETIESE ASPEKTE VAN DIE NAVORSING

Volgens Strydom (2005b:56) is dit noodsaaklik dat navorsers hulleself moet vergewis van wat algemeen aanvaar word as behoorlike en onbehoorlike optrede in wetenskaplike navorsing. Beide Strydom (2005b:57) en Pring (2004:142) is van mening dat daar in die algemeen 'n onderskeid getref word tussen die konsepte etiek, waardes, moraliteit, gemeenskapstandaarde, wette en professionaliteit. Levy (in Strydom, 2005b:57) beskou waardes as voorkeure vir 'n sekere vorm van optrede, terwyl etiek verwys na voorkeure wat gedrag in menslike verhoudings beïnvloed. Strydom (2005b:57) bied 'n samevattende definisie van etiek aan en beskryf die konsep as 'n stel morele beginsels wat deur 'n individu of groep voorgestel is, wat vervolgens alom aanvaar is en wat reëls en verwagtinge aanbied met betrekking tot die mees korrekte

optrede teenoor eksperimentele onderwerpe en deelnemers, werkgewers, borge, ander navorsers, assistente en studente. Etiese riglyne dien dus as standaarde waarvolgens navorsers hulle eie optrede moet evalueer.

Strydom (2005b:58-66) en Rubin en Babbie (2008:69-73) gee ’n volledige uiteensetting van etiese riglyne wat navorsers as standaarde moet gebruik om die navorsingsproses, asook hulle eie optrede en gedrag tydens die implementering van die navorsingsproses, te evalueer. Vervolgens word etiese aspekte wat vir die doel van hierdie studie van toepassing is, bespreek.

- **Vrywillige deelname:** Die navorser het telefonies met die deelnemers kontak gemaak, die doel van die navorsingstudie aan hulle verduidelik en aan hulle die geleentheid gegee om die keuse uit te oefen of hulle aan die studie wil deelneem of nie.
- **Ingeligte toestemming:** Die navorser het na afloop van bogenoemde kontak aan al die deelnemers die navorsingsvoorlegging, asook die toestemmingsvorm [verwys Bylaag 1(a), Bylaag 1(b)] wat hulle voor die aanvang van die onderhoudvoering moes onderteken, per e-pos gestuur sodat hulle hulleself deeglik kon vergewis van die aard en motivering vir die ondersoek. Daar is twee verskillende toestemmingsvorms opgestel vir die huisouers en rolspelers onderskeidelik, omdat die bewoording, naamlik kernrolspeler en huisouer, verskil het.
- **Misleiding van deelnemers:** Volgens Strydom (2005b:60) en Graziano en Raulin (2004:67) is die misleiding van deelnemers die opsetlike waninterpretasie van die feite om deelnemers iets vals te laat glo. Die feit dat die navorser voor die onderhoude die navorsingsvoorlegging aan die deelnemers per e-pos gestuur het, het verseker dat die deelnemers ten volle ingelig was oor die doel en werkwyse van die studie. Die onderhoude is getranskribeer en direkte aanhalings is in die studie gebruik, wat verdere misleiding van data geëlimineer het.
- **Vertroulikheid en anonimiteit:** Die beginsel van vertroulikheid is beklemtoon. Sapsford en Abbott (in Bell, 2005:48) omskryf vertroulikheid as die belofte dat die deelnemer nie geïdentifiseer sal word nie, en anonimiteit as ’n belofte dat selfs nie

eers die navorser in staat sal wees om te onderskei watter inligting deur watter deelnemer verskaf is nie. Dit is dus na Bell (2005:49) se mening belangrik dat die navorser die begrippe voor die ondertekening van enige skriftelike ooreenkoms, met die deelnemer sal uitklaar. Vir die doel van hierdie studie is onderhoude op videokamera opgeneem, wat dit dus nie moontlik gemaak het om algehele anonimiteit te verseker nie, aangesien die navorser wel in staat was om die deelnemers te identifiseer. Die navorser het egter beklemtoon dat die video-opnames slegs aan die navorser beskikbaar is vir data-insameling en -analise. Anonimiteit met betrekking tot verslagdoening van die inligting, asook die verspreiding daarvan, is gehandhaaf.

- **Ontlonting:** Strydom (2005b:66) en Graziano en Raulin (2004:67) beskryf ontlontingsessies as die geleentheid vir deelnemers om, onmiddellik na afloop van die studie, deur hulle ervarings van die studie te werk. Tydens die studie is daar vir die deelnemers die geleentheid gegun om na afloop van die onderhoude hulle ervaring hiervan te kon deel, deur te vra oor hulle belewenis van die onderhoude en deur gesprekvoering hieroor moontlik te maak. Die meeste deelnemers het ’n behoefte gehad om hulle belewenis van huisouers se take, asook die behoefte aan ondersteuning, met die navorser te deel. Al die deelnemers se ervaring van die onderhoude was dus baie positief en het hulle met hoop gevul dat omstandighede kan verbeter.
- **Publisering van data:** Finn (2005:83-84) dui aan dat ’n navorsingsondersoek en gepaardgaande verslagdoening ’n bydrae kan lewer tot die bevordering van kennis en die vooruitgang van die samelewing. Die navorser het dus die verantwoordelikheid om akkurate en betroubare inligting weer te gee. Die navorser het gebruik gemaak van verskillende hulpbronne (huisouers sowel as kernrolspelers) om inligting in te samel, ten einde in staat te wees om inligting akkuraat en betroubaar weer te gee.

## 1.12 DEFINISIES VAN DIE HOOFKONSEPTE

### 1.12.1 Huisouermodel

Volgens Jones *et al.* (2007:99) veronderstel die huisouermodel dat ’n “gesinstipe” omgewing nodig is binne ’n kinderhuis-opset en dat dit verkry kan word deur inwonende werkers na wie as huisouers verwys word. Die huisouers voorsien ’n omgewing wat die biologiese gesin weerspieël en aan die kinders ’n gevoel van “behoort” en stabiliteit gee.

Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:111) omskryf die huisouermodel as ’n surrogaatgesin. Die model is gebaseer op ’n gesinseenheid wat deur huisouers bestuur word en wat aan die kinders ’n gesinsatmosfeer waarbinne hulle daagliks kan funksioneer, voorsien.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die huisouermodel dus verwys na kleiner huiseenhede binne ’n kinderhuisopset, wat ’n maksimum van tien (10) kinders huisves en wat deur huisouers bestuur word wat op ’n permanente basis by die kinders inwoon.

### 1.12.2 Huisouer

Jones *et al.* (2007:99) definieer ’n huisouer(s) as ’n enkelouer of ’n getroude paar wat as surrogaatouer(s) binne ’n kinderhuisopset optree.

Kahan (1994:255) beskryf die huisouer as ’n ouer wat die verantwoordelikheid het om vir kinders in groepsverband te sorg en wat die rolle en take van biologiese ouers vervul.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die huisouer(s) verwys na ’n enkelouer of ouerpaar wat verantwoordelik is vir die bestuur van ’n huishouding, asook die versorging van tien (10) kinders wat deur die Kinderwet 38 van 2005 (Staatskoerant, 1 April 2010, no. 33076) as sorgbehoewend geïdentifiseer is, en vir wie geen alternatiewe sorg beskikbaar is nie.

### 1.12.3 Satelliethuis

In die literatuur word na ’n satelliethuis as ’n groephuis verwys. In die *Encyclopedia of mental disorders* word ’n groephuis omskryf as ’n klein, residensiële fasiliteit wat binne ’n gemeenskap geleë is en wat ses of minder inwoners huisves met personeel wat 24 uur per dag inwoon en vir die versorging van die inwoners verantwoordelik is.

Abraham Kriel Kindersorg (2007) definieer ’n satelliethuis as ’n gewone huis in ’n voorstad, weg van die hoofkampus, maar nog steeds onder die beheer en beskerming van die kinderhuis. ’n Satelliethuis word bestuur deur ’n komitee wat saamgestel is uit inwoners van die onmiddellike omgewing, asook bestuurslede van die hoofkampus. Huisouers bied liefde en versorging aan die kinders op ’n daaglikse basis. Terapeutiese dienste word deur maatskaplike werkers van die hoofkampus gelewer.

Vir die doeleindes van hierdie studie word ’n satelliethuis omskryf as ’n huiseenheid van ’n kinderhuis wat buite die tradisionele inrigtingsopset van die kinderhuis in vennootskap met ’n gemeente of ander gemeenskapgroepering bedryf word. Elke huis het huisouers wat die huis soos ’n normale huishouding bestuur en die kinders in die huis ontvang formele skoolopleiding deur skole in die onmiddellike omgewing by te woon.

### 1.12.4 Kernrolspeler

Nevis (2002:81) omskryf ’n kernrolspeler as ’n persoon of groep wat besorgd is oor een aspek van ’n spesifieke diens of kwessie. Hulle deel ’n gemeenskaplike belangstelling en besef dat hulle meer effektief kan wees indien hulle met mekaar kommunikeer en saamwerk.

Parlett (1997:29) verwys na kernrolspelers as individuele sisteme wat mede-verantwoordelik is vir die voortbestaan en bestuur van die groter sisteem waarvan hulle ’n deel vorm.

Vir die doeleindes van hierdie studie verwys kernrolspelers na individue en/of groepe met wie huisouers op ’n daaglikse basis skakel en wat ’n direkte invloed op die instandhouding, bestuur en funksionering van ’n huiseenheid het.

### 1.12.5 Ondersteuning

Darlington, Healy en Feeney (2010:356) verwys na ondersteuning as die vermoë om bystand te verleen in terme van onmiddellike praktiese en fisiese behoeftes, soos behuising en die skep van ’n tuiste.

*The Free Online Dictionary* (Farlex) definieer ondersteuning as om te voorsien of in stand te hou, byvoorbeeld deur die voorsiening van geld of benodighede.

Vir die doeleindes van hierdie studie verwys ondersteuning na praktiese of emosionele bystand wat kernrolspelers aan huisouers kan bied.

## 1.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die motivering vir die navorsingstudie, die navorsingsvraag, asook die navorsingsbenadering en metodologie, uiteengesit. Etiese aspekte wat op hierdie studie betrekking het, is geïdentifiseer en omskryf. Sleutelkonsepte is gedefinieer en die betekenis daarvan binne die konteks van hierdie studie, is bespreek.

In hoofstuk twee word die take van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel vanuit die literatuur bespreek.

# HOOFSTUK TWEE: DIE TAKE VAN HUISOUERS EN KERNROLSPELERS BINNE DIE HUISOUERMODEL

## 2.1 INLEIDING

Davidson-Arad, Dekel en Wozner (2004:77) is van mening dat kinderhuise daar is om kinders, wat om verskeie redes nie by hulle eie gesinne of families kan woon nie, te versorg en hulle belange te bevorder. Om stabiliteit en kontinuïteit te bevorder, asook om ’n gevoel van normaliteit en ’n meer huislike atmosfeer te skep, word daar toenemend in die praktyk op die huisouermodel gefokus, waar kinders in kleiner groepe deur huisouers versorg word (vergelyk Smith, 2009:26).

Courtney en Iwaniec (2009:200) het ’n navorsingstudie gedoen waarin hulle die funksionering van kinderhuise in elf verskillende lande ondersoek het. Hulle het bevind dat die afname in die grootte van huise die oortuiging dat kleiner, meer gesinstipe fasiliteite ’n meer normale ervaring aan kinders bied, reflekteer.

Die versorging van agt tot tien getraumatiseerde kinders in verskillende ontwikkelingsfases en met verskillende gesinsagtergronde bly egter veeleisend en kompleks (vergelyk Hicks, Gibbs, Weatherly & Byford, 2007:93-94). Huisouers binne die huisouermodel benodig daarom die ondersteuning van die organisasie en die gemeenskap om hulle in staat te stel om in die verskillende behoeftes van elke kind, asook die groep as ’n geheel, te voorsien.

Die fokus van hierdie hoofstuk is om ’n konseptuele raamwerk daar te stel van die take van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel. Aspekte wat spesifiek aandag sal kry is die huisouermodel, die rol en take van die huisouer binne die huisouermodel, asook kernrolspelers en hulle ondersteuningsfunksie aan huisouers binne die huisouermodel in ’n kinderhuis.

## 2.2 DIE HUISOUERMODEL

Soos reeds in 1.1 bespreek is, veronderstel die huisouermodel volgens Jones *et al.* (2007:99) dat ’n “gesinstipe” omgewing binne ’n kinderhuisopset nodig is en dat dit verkry kan word deur inwonende werkers na wie as huisouers verwys word. Die huisouers voorsien ’n omgewing wat die biologiese gesin weerspieël en aan die kinders ’n gevoel van “behoort” en stabiliteit gee.

Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:111) beweer dat die huisouermodel op twee aannames gebaseer word, naamlik:

- dat kinders dit nodig het om te ervaar hoe dit voel om binne ’n voldoende, funksionerende gesin te woon, ten einde vader-, moeder- en broers- /sustersfigure as deel van hulle ontwikkelende persoonlikhede te internaliseer;
- dat kinders wie se biologiese gesin nie ’n geskikte gesinservaring voorsien nie, kan baatvind by ’n korrekte surrogaatgesin. ’n Gesinseenheid wat deur huisouers bestuur word, kan positiewe ouerrolmodelle voorsien, wat die kinders met verloop van tyd in staat sal stel om normale gesinne van hulle eie te skep.

Genoemde aannames word deur die bindingsteorie van Bowlby ondersteun (vergelyk Smith, 2009:26). Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:111) maak die stelling dat, wanneer kinders van betroubare ouerfigure binne ’n gesinstruktuur voorsien word, hulle bekende, dikwels negatiewe patrone van gedrag, herstruktureer. Binne die huisouermodel kry die huisouers die geleentheid om die kinders se behoefte aan ’n versorgende ouerfiguur te vervul, wat eksterne kontrole op ’n gerusstellende wyse voorsien. ’n Basis vir positiewe, bevredigende binding word dus geleidelik gevorm (Gluck in Chakrabarti & Hill, 2000:111).

’n Getroude paar of ’n enkelouer tree gewoonlik as huisouer(s) op. Jones *et al.* (2007:103) het navorsing gedoen oor die huisouermodel en het gevind dat die huiseenhede so ontwerp is dat dit agt tot tien kinders kan huisves en dat elke huiseenheid ’n aparte wooneenheid vir die huisouers het. Die take van huisouers sluit

onder andere in om deel te neem aan aktiwiteite soos die doen van inkopies saam met die kinders, om hulle vir mediese afsprake te neem, die bywoning van skoolfunksies en om kinders met huiswerk te help. Die kinders het huishoudelike verantwoordelikhede, soos om te help met die voorbereiding van maaltye en die opruim van die kombuis na maaltye. Op hierdie wyse kry die kinders die geleentheid om onafhanklike lewensvaardighede aan te leer (Jones *et al.*, 2007:101). Smith (2009:82) beklemtoon die waarde van huisouers wat saam met die kinders in ’n huis woon; vier en twintig uur daar is om alledaagse gebeure met hulle te deel en voltyds vir die versorging van die kinders verantwoordelik is, om kinders se groei en ontwikkeling te bevorder.

Een van die kenmerkende eienskappe van die huisouermodel is dat die sentrale doel daarin geleë is om ’n omgewing te voorsien wat spesifiek geskep is om die behoeftes van kinders wat vir alternatiewe versorging verwys is, aan te spreek. Anglin (2002:80) is van mening dat die huisouermodel ’n omgewing voorsien wat in ’n groot mate die ontwikkelings- en terapeutiese behoeftes van die inwoners kan hanteer en daarby kan aanpas. Ontwikkeling in die kinderwelsynbeleid in Suid-Afrika moedig verder ook die skep van kleiner huiseenhede naby aan kinders se families en gemeenskappe aan (Courtney & Iwaniec, 2009:200; Smith, 2009:55).

In die praktyk word daar na hierdie huise binne ’n woonbuurt as satelliethuise verwys. ’n Satelliethuis is ’n gewone huis in ’n voorstad, weg van die hoofkampus van die kinderhuis, maar nog steeds onder die beheer en beskerming van die kinderhuis (Van Zyl, 2009). Kinders woon skole in die plaaslike omgewing by en neem deel aan buitemuurse aktiwiteite in die gemeenskap. Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:110) wys daarop dat kinders, tensy anders deur die hof bevind, binne hierdie model hulle biologiese ouers en/of vakansie-ouers elke tweede naweek en vakansies kan besoek.

Jones *et al.* (2007:101) argumenteer dat kritici van die huisouermodel hierdie model as onrealisties en kompeterend met die biologiese gesin beskou. Die huisouers voorsien nie dieselfde kontinuïteit gedurende die lewensiklus van die kind soos die biologiese ouers nie en die titel huisouer kan onrealistiese verwagtings skep in terme van die aard

van die verhouding tussen die kinders en die huisouer. Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:113-114) stem saam dat die huisouermodel nie die kinders van ’n *ideale, alternatiewe* gesin kan verseker nie en dat huisouers nie die biologiese ouers kan vervang nie. Die ervaring en opbouing van verhoudings binne ’n *gesinsatmosfeer* kan egter ’n betekenisvolle bydrae tot die kinders se normale ontwikkeling lewer. Huisouers word ook aangemoedig om die biologiese ouers by die kinders se lewe te betrek. Die huisouers kan as ’n verlenging van die biologiese gesin beskou word; vennote van die biologiese ouers in die vervulling van die kinders se behoeftes.

Verdere kritiek teen die huisouermodel is dat die huisouers se vryheid om besluite te neem meer beperk is as in die geval van biologiese ouers. Die huisouers moet die kinderhuis se reëls en begroting navolg. Die maatskaplike werker betrokke by die kinders in ’n huis, neem die finale besluite oor wat met die kinders gebeur en nie die huisouer nie (Jones *et al.*, 2007:101). ’n Voordeel egter hiervan, volgens Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:112), is dat die verantwoordelikheid van die kinders nie net dié van huisouers is nie, maar dat dit met die kinderhuishoof en maatskaplike werkers gedeel word. Indien verhoudingsprobleme tussen die huisouers en kinders voorkom, kan die kinders hulle klagtes teenoor die maatskaplike werker of kinderhuishoof lug. Hiermee saam kan die huisouers ook hulp vra in die oplossing van byvoorbeeld dissiplinêre probleme. Die navorser is van mening dat dit die veiligheid van beide die kinders en die huisouers verseker en fisiese en emosionele mishandeling in ’n groot mate voorkom (vergelyk Anglin, 2002:105).

Kritici is ook van mening dat die kinders wat saamwoon in een huis, nie aan mekaar verwant is nie en dat die kinders dit moeilik kan vind om die ander inwoners as familie te beskou (Jones *et al.*, 2007:101). Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:109) het egter ’n navorsingstudie gedoen waarin die effektiwiteit van die huisouermodel geëvalueer is en daar bevind is dat, ten spyte van die feit dat die gesinservaring nie die ideaal is nie, die ervaring en opbou van verhoudings binne ’n gesinsatmosfeer, ’n betekenisvolle bydrae tot die kind se normale ontwikkeling lewer. Die feit dat die kinders een van ’n groep is wat almal in dieselfde situasie is, maak persoonlike betrokkenheid met die huisouers en

die ander inwoners minder intensief as byvoorbeeld in ’n pleegsorgsituasie. Die kinders het ’n keuse hoe hulle teenoor die ander inwoners en die huisouers wil optree. Hulle word nie, soos in die geval van ’n pleegsorgplasing, gedwing om vreemdelinge soos familie te behandel nie (Gluck in Chakrabarti & Hill, 2000:109).

Anglin (2002:102) ondersteun bogenoemde deur ten gunste te wees van die versorging van kinders in groepe en beklemtoon die voordeel van ’n verskeidenheid van moontlike verhoudings en rolmodelle binne die huisouermodel wat daartoe aanleiding gee dat daar nie soveel druk op die kinders geplaas word om met almal in die huis oor die weg te kom nie. ’n Studie deur die National Association of Young People In Care (in Milligan & Stevens, 2006:23) het bevind dat kinders en adolessente dikwels kinderhuisversorging bo pleegsorgplasing verkies, omdat dit ’n meer geborge, veilige en langtermynplasing voorsien en dus kontinuïteit in versorging verseker. Anglin (2002:102) is verder van mening dat die huisouermodel stabiliteit in die konsekwentheid van verwagtings, reëls en reaksies op gedrag voorsien.

## 2.3 DIE ROL EN TAKE VAN DIE HUISOUER BINNE DIE HUISOUERMODEL

Kahan (1994:56, 93) beweer dat dit die siening van die algemene publiek is dat die enigste taak van huisouers is om die daaglikse versorging van die kinders in die huis te behartig. Daar bestaan geen twyfel nie dat goeie, basiese versorging een van die belangrikste elemente van die huisouers se take uitmaak. Vanuit die navorser se ervaring strek huisouers se rol egter baie wyer as bloot die versorging van die kinders. Hierdie versorging vind boonop plaas binne ’n omgewing van die bewustheid van die regte van kinders en die verwagting dat die huisouers sal aandag gee aan en die regte van die kinders in die praktyk sal bevorder. Hierdie stelling word deur die Konsepregulasie van die Kinderwet 38 van 2005, artikel 83 (Staatskoerant no. 31165, 2008) ondersteun.

Smith (2009:82) beklemtoon dat ’n kernaspek om in gedagte te hou in terme van die huisouers se rol en take, is dat hulle 24 uur vir die kinders beskikbaar is en moet

aandag gee aan en betrokke moet wees by die daaglikse lewe van die kinders in die huis. Milligan en Stevens (2006:10-11) sluit by laasgenoemde aan en beweer verder dat dit waarskynlik veilig is om te sê dat daar nie ’n tipiese dag in ’n huiseenheid is nie. Die rede hiervoor is dat die meeste kinders in die huis veelvuldige probleme het en ernstige struikelblokke in verskeie aspekte van hulle lewe ervaar het. Die huisouers het dus ’n reeks intense en hoogs komplekse take om uit te voer ten einde die emosionele en fisiese welstand van die kinders in hulle sorg, te verseker.

Whitaker, Archer en Hicks (1998) het ’n studie geloods waarin hulle die ervarings van personeellede wat in ’n kinderhuis werk, geëksploreer het. Hulle het die “*working life space*” as model gebruik om te demonstreer met wie die personeel in interaksie is en die veldkraganalise om die faktore wat goeie praktyk en uitkomste fasiliteer of verhinder, in tabelvorm te plaas. Vir personeellede om hulle oorhoofse doel te bereik, naamlik om die kinders in hulle sorg te bevoordeel, moet hulle in die volgende vyf hoofareas werk:

- werk met individuele kinders;
- werk met die groep kinders;
- skakeling met ander mense en organisasies buite die huis;
- skakeling met die breër organisasie;
- werk om hulleself te ontwikkel en as ’n effektiewe span te handhaaf.

Vervolgens sal die navorser Whitaker *et al.* (1998) se uiteensetting as raamwerk gebruik om ’n groter begrip en bewustheid te skep van die kompleksiteit van die take van die huisouer binne die huisouermodel.

### 2.3.1 Werk met individuele kinders

Anglin (2002:123) meld dat een van die uitdagings vir huisouers is om nie toe te laat dat hulle reaksies op die groep as ’n geheel, die behoefte om elke kind as ’n individu te sien en so akkuraat as moontlik te verstaan, oorskadu nie. Elke kind is uniek en moet dienooreenkomstig behandel word. Huisouers moet die individuele verskille tussen die

kinders in die huis daarom in ag neem. Heim (in Eriksson & Tjelflaat, 2004:62) ondersteun Anglin se siening en is van mening dat die intensiteit van huisouers se verhouding met elke kind moet ooreenstem met die kind se behoeftes. ’n Studie deur Whitaker *et al.* (1998:201) bevestig dat dit huisouers se taak is om spesifiek aandag te skenk aan kinders se daaglikse gedrag, aandagtig te luister na wat hulle sê en om nie net te aanvaar dat die kinders se waarneembare gedrag ’n refleksie van dieperliggende gevoelens is nie. Kendrick (2008:201) is van mening dat die huisouers *bewustelik* alledaagse gebeure moet gebruik om sinvolle verhoudings met elke kind op te bou. Die rede hiervoor is dat ’n kind se oënskynlike wangedrag in die “hier en nou” volgens Smith (in Kendrick, 2008:201) ’n refleksie kan wees van emosies of response wat hulle oorsprong in ervarings uit die kind se verlede het. Dit is dus belangrik dat huisouers kennis en begrip sal hê van elke kind se persoonlike agtergrond, ten einde huisouers in staat te stel om die kind se gedrag in die “hier en nou” te verstaan.

Dit is verder die huisouers se taak om vas te stel watter behoeftes op ’n gegewe tydstip op kinders se voorgrond is en om saam met hulle te beplan hoe die spesifieke behoeftes aangespreek kan word (Whitaker *et al.*, 1998:169). Heim (in Eriksson & Tjelflaat, 2004:59) is van mening dat daar altyd ’n spesifieke rede is vir kinders se gedrag en dat dit van die kinders afhang of hulle die gedrag wil verander. Die taak van huisouers is slegs om die regte geleenthede vir nuwe leerprosesse te skep en om te verseker dat hulle verhouding met die kinders, die omgewing en hulle eie gedrag, in orde is en ’n positiewe voorbeeld stel.

Osmond, Scott en Clark (2008:266), sowel as Whitaker *et al.* (1998:168), beklemtoon dat huisouers se aandag gerig moet wees op die voorsiening van geleenthede om traumatiese gebeure wat kinders in die verlede ervaar het, te herstel. Huisouers het die taak om begrip te ontwikkel vir watter areas in kinders se lewe heling nodig het; om uit te vind hoe hulle kinders se introjekte (byvoorbeeld dat volwassenes onbetroubaar is) kan verander en geleenthede soek tydens individuele kontak en binne die konteks van alledaagse aktiwiteite, om die kinders se introjekte verkeerd te bewys.

### 2.3.2 Werk met ’n groep kinders

Die navorser het in die praktyk waargeneem dat die kinders wat in die huiseenhede geplaas word, nie ’n homogene groep is nie. Die kinders kom almal uit verskillende gesinsagtergronde (die redes waarom hulle in die kinderhuis geplaas is, is uiteenlopend); hulle is in verskillende ontwikkelingsfases (ouderdomme wissel van 4 tot 18 jaar); hulle is van verskillende rassegroepe wat dus ook kultuurverskille insluit en hulle is van verskillende geslagte. Hills en Child (2000:131) verwys ook spesifiek na hierdie praktyk waar kinders en adolessente in gemengde groepe in huise geakkommodeer word en waar aggressie, seksistiese en rassistiese gedrag kan voorkom. Fulcher (in Smith, 2009:92) verwys na die toenemende bewustheid van kwessies rondom “kulturele veiligheid” in kinderhuise en definieer dit soos volg, naamlik:

> *“… that state of being in which the child knows emotionally that her/his personal well-being, as well as social and cultural frames of reference, are acknowledged – even if not fully understood. Furthermore, she/he is given active reason to feel hopeful that her/his needs and those of her/his family members and kin will be accorded dignity and respect.”*

Die konsepregulasie van die Kinderwet 38 van 2005, artikel 83 (j) (Staatskoerant no. 31165, 2008) stipuleer baie spesifiek dat elke kind in ’n kinderhuis die reg het tot versorging en intervensie wat die kind se kulturele, godsdienstige en taalerfenis respekteer, beskerm en bevorder, asook die reg om daarvan te leer en dit in stand te hou. Soos reeds vroeër aangedui (verwys 1.2) manifesteer bykans al die kinders in die huis, as gevolg van vroeëre trauma, met emosionele en gedragsprobleme. Om saam met ’n groep kinders met soveel uiteenlopende eienskappe te leef en elkeen se gesins- en kulturele agtergronde te probeer verstaan en te respekteer, kan fisies baie veeleisend en emosioneel dreinerend vir die huisouer wees.

’n Belangrike bydrae tot die literatuur oor kinder- en jeugversorging is *The core of care* van Henry Maier wat reeds in 1979 gepubliseer is (vergelyk Smith, 2009:82; Kendrick,

2008:203 & Kahan, 1994:89). Maier het sewe belangrike komponente van die versorging van kinders in kinderhuise geïdentifiseer, naamlik liggaamlike gemak, onderskeiding tussen individue, ritmiese interaksie, voorspelbaarheid, afhanklikheid, persoonlike gedragsopleiding en versorging van die kinderversorger (Kendrick, 2008:202-203). Die navorser is van mening dat hierdie komponente relevant is ten opsigte van die huisouers se take ten opsigte van die werk met ’n groep kinders en daarom word dit vervolgens kortliks bespreek:

- *Liggaamlike gemak* behels dat die huisouers moet seker maak dat daar in die kinders se fisiese behoeftes voorsien word en dat die omgewing waarin die kinders woon, die nodige sekuriteit voorsien (Maier in Kahan, 1994:90).
- *Onderskeiding tussen individue:* Alle kinders en jongmense is verskillend. Volgens Maier (in Kahan, 1994:90) is dit belangrik om kinders as individue te behandel en om hulle individuele behoeftes te erken, byvoorbeeld ’n behoefte aan verlengde periodes van persoonlike aandag of om alleen gelaat te word. Huisouers moet onderskeid tref tussen die wyses waarop hulle teenoor kinders en adolessente optree, omdat hulle in verskillende ontwikkelingsfases is en die gedrag dikwels normaal vir die spesifieke ontwikkelingsfase is (Kahan, 1994:90). Maier (in Smith, 2009:83) beklemtoon ook die feit dat kinders se persoonlikhede verskil en dat hulle, as gevolg van persoonlikheidsverskille, situasies verskillend kan benader. Konsekwentheid in die response van huisouers is, volgens Maier, dus nie moontlik of wenslik nie.
- *Ritmiese interaksie* word deur Kendrick (2008:203) omskryf as die proses waardeur die huisouers en kinders ’n gemaklike manier van saamwees vind. Smith (2009:83) omskryf dit as *“… getting onto a similar wavelength”* en vergelyk dit met die bons van ’n tafeltennisballetjie aan beide kante van ’n tafel. Uit die ervaring van ritme kom ’n mate van voorspelbaarheid.
- *Voorspelbaarheid:* Om min of meer te weet wat om in die onmiddellike toekoms te verwag, gee volgens Maier (in Kahan, 1994:90) ’n gevoel van orde aan kinders se lewe en stel hulle in staat om betekenis aan hulle aktiwiteite te gee. Smith (2009:83) ondersteun hierdie stelling van Maier en beweer dat dit kinders ook in staat stel om

die reaksie van huisouers in verskillende situasies te voorspel. Kendrick (2008:203) verwys hier na rituele wat deel raak van ’n huis se wyse van funksionering en wat ’n spesiale betekenis het vir die huisouers en kinders, byvoorbeeld om saam ’n geliefkoosde televisieprogram te kyk.

- *Afhanklikheid:* Maier (in Kahan, 1994:91) is van mening dat, wanneer kinders en adolessente die wyse waarop huisouers en mede-inwoners in die huis teenoor hulle optree, leer ken en hulle optrede kan begin voorspel, hulle ’n gevoel van afhanklikheid van genoemde persone ontwikkel. ’n Gevoel van afhanklikheid skep binding en binding is noodsaaklik vir die welstand en gevoel van sekuriteit vir enige kind. Smith (2009:83) beklemtoon die feit dat dit slegs deur die ervaring van gesonde afhanklikheid is dat kinders kan aanbeweeg na die bereiking van betekenisvolle onafhanklikheid of interafhanklikheid.
- *Opleiding in persoonlike gedrag:* Maier (in Kahan, 1994:92) meld dat een van die take van huisouers is om te verseker dat aanvaarbare standaarde van gedrag binne die huis, sowel as in die breër samelewing, gehandhaaf word. Dit is deel van huisouers se take om aan die kinders “selfbestuur” te leer en om kinders se vermoë om hulle eie grense te stel, sinvolle besluite te neem en oor die algemeen toepaslik op te tree, te bevorder. Maier (in Smith, 2009:83) beweer dat baie huisouers poog om aanvaarbare gedrag deur middel van ’n stel huisreëls af te dwing. Maier is egter van mening dat goeie gedrag slegs bevorder word deur goeie persoonlike verhoudings.
- *Versorging van die huisouers:* Maier (in Kahan, 1994:92) argumenteer dat huisouers slegs vir kinders kan sorg indien hulle ondersteun word, verseker is van hulle eie fisiese gemak en persoonlike ruimte en van deeglike bronne voorsien word om hulle take uit te voer. Die kommunikasie tussen die huisouers en bestuur van die organisasie moet ook goed genoeg wees dat huisouers die vrymoedigheid kan hê om vir die bestuur te sê wanneer hulle voel hulle kry nie die nodige ondersteuning om hulle take uit te voer nie.

Opsommend kan gesê word dat dit die taak van die huisouers is om stabiliteit, sekuriteit en voorspelbaarheid in die kinders se lewe te fasiliteer (vergelyk Smith, 2009:100;

Anglin, 2002:68). Huisroetines, reëls en prosedures moet geïmplementeer word sodat die kinders weet wat van hulle verwag word en hoe hulle teenoor mekaar en die huisouers moet optree. Dit is belangrik om die kinders by besluitneming ten opsigte van bogenoemde te betrek, sodat hulle die geleentheid kry om positiewe insette tot die huis en die huishouding te maak (vergelyk Anglin, 2002:67; Whitaker *et al.*, 1998:171).

### 2.3.3 Skakeling met verskillende netwerke

Die navorser is van mening dat huisouers in vennootskap met ander rolspelers in die kinders se lewe moet werk, ten einde die kinders in hulle sorg se behoeftes te bevredig. Die take van huisouers stem vir die navorser ooreen met dié van die sleutelwerker waarna Hicks, Gibbs, Weatherly en Byford (2007:107-108) verwys. Die sleutelwerker is primêr verantwoordelik vir die versorging van die kinders en tree as verteenwoordiger vir die kinders op in verhouding tot ander rolspelers wat by die kinders betrokke is. Die inisiëring en handhawing van die betrokkenheid van ander rolspelers in die kinders se lewe, word grootliks deur die pogings van die sleutelwerker bepaal. Die verskillende netwerke waarmee die huisouers op ’n daaglikse basis skakel, is die netwerk van elke individuele kind, asook die netwerk rondom die huis (Hicks *et al.,* 2007:107-108). Vervolgens word hierdie verskillende netwerke kortliks bespreek:

- **Skakeling met lede van elke individuele kind se netwerk**

Beide Smith (2009:141) en Kendrick (2008:65) beklemtoon die belangrikheid van deurlopende kontak met die kinders se biologiese ouers en is van mening dat dit die huisouers se taak is om die kinders se ouers sover as moontlik by hulle versorging te betrek en om kontak tussen die kinders en hulle ouers te ondersteun. Die huisouers moet ook die kinders in staat stel om verhoudings met ander familielede (byvoorbeeld broers/susters en grootouers) op te bou en te handhaaf. Voortgesette kontak met familie bevorder die kinders se kanse om terug te gaan na hulle biologiese huis toe. In ’n studie deur Kosonen (in Chakrabarti & Hill, 2000:129-138) is bevind dat kontak met broers/susters die kind van ’n gevoel van gesinsidentiteit, nabyheid en warmte voorsien.

Kosonen (in Chakrabarti & Hill, 2000:131, 141) ondersteun verder die rol wat vriende in kinders se lewe gedurende die middelkinderjare speel en beskou vriende as een van die grootste bronne van ondersteuning en kameraadskap vir kinders. Huisouers moet die kinders in die middelkinderjare daarom aanmoedig om kontak met hulle vriende te behou. Dit is egter die huisouers se taak om die kinders se verhoudings met vriende te keur en om sensitief te wees vir vriendskappe wat ’n negatiewe effek op die kinders se gedrag kan hê. Indien ’n vriendskap die huisouers se goedkeuring wegdra, moet geleenthede geskep word waar kinders saam met hulle vriende kan kuier. Huisouers het ook die verantwoordelikheid om te besluit wanneer dit in ’n kind se beste belang sal wees om byvoorbeeld met ’n onderwyser/skoolhoof kontak te maak, ten einde die kind se behoeftes te bespreek en leer- en/of gedragsprobleme te voorkom (vergelyk Whitaker *et al.*, 1998:174).

- **Skakeling met netwerke rondom die huis**

Whitaker *et al.* (1998:175) beklemtoon die verantwoordelikheid wat huisouers het om geleenthede te skep om goeie verhoudinge met die bure, skole en onderwysers, die plaaslike polisie, die algemene praktisyns en die kerk te handhaaf.  Dit moet op ‘n gereelde basis geskied, ongeag die feit of hierdie persone huidiglik by die kinders betrokke is of nie.

### 2.3.4 Skakeling met die breër organisasie

Tydens individuele gesprekvoering met Van Zyl (2009) is die feit dat huisouers met die breër organisasie moet skakel beklemtoon. Dit sluit onder meer in dat huisouers die organisasie se vereistes in terme van verslagdoening en die rapportering van insidente noukeurig moet navolg. Huisouers kry met hulle aanstelling ’n uiteensetting van die organisasie se beleid en prosedures en moet streng daarvolgens optree. Daar word van huisouers verwag om hulle samewerking te gee met betrekking tot interne inspeksies en ondersoeke. Van Zyl (2009) beweer dat huisouers by die besluitneming oor die plasing van nuwe kinders in die huis betrek word en met die bestuur kan onderhandel

indien hulle voel ’n spesifieke kind sal nie met die ander huislede oor die weg kom nie of ’n negatiewe invloed op van die huislede se gedrag hê.

### 2.3.5 Instandhouding van persoonlike welstand

Smith (2009:122) argumenteer dat die effektiewe versorging van moeilike kinders vereis dat die huisouers hulleself moet ken en dat hulle hoë vlakke van selfvertroue en verantwoordelikheid, asook ’n algemene en onmiddellike bewustheid van hulleself, moet hê. Gluck (in Chakrabarti & Hill, 2000:115) ondersteun die inskakeling van huisouers by individuele en groepsupervisiesessies, waartydens hulle die geleentheid kry om hulle gevoelens, houdings en gedrag teenoor die kinders in hulle sorg te ventileer en te evalueer. Inskakeling by individuele en groepsupervisiesessies stel huisouers in staat om wyses waarop hulle hulle stresvlakke kan beheer en hulle moraal hoog kan hou, te eksploreer. Whitaker *et al.* (1998:128) stem saam met bogenoemde outeurs se sienings en het bevind dat langdurige periodes van stres en/of lae moraal ’n negatiewe effek op huisouers se fisiese en emosionele welstand het en hulle verhouding met die kinders negatief beïnvloed.

### 2.3.6 Stressors wat huisouers ervaar

Whitaker *et al.* (1998:81) het in hulle studie bevind dat huisouers die volgende stressors in die uitvoering van hulle take ervaar, naamlik:

- die opeenhoping van take;
- om bewus te wees van die feit dat dit onmoontlik is om in beheer te bly van al die situasies wat kan opduik;
- verbale en nie-verbale misbruik deur die kinders in hulle sorg;
- onvoorspelbare en onbeheerbare gedrag van die kinders;
- gevoelens van hulpeloosheid en weerloosheid;
- vrese vir beskuldigings/aantygings deur kinders;
- ’n gebrek aan ’n gevoel van ondersteuning en vertroue van die bestuur.

Sinclair en Gibbs (1998:144) het in hulle navorsing ook verdere stresfaktore geïdentifiseer, naamlik:

- kwessies wat met geld, sekuriteit en beroepsvooruitsigte verband hou;
- gevoelens van personeel oor hulle verhouding met kinders en hulle eie gevoel van nuttigheid;
- bekommernis oor die veiligheid van kinders in hulle sorg, asook hulle vordering op skool;
- werksure en die effek wat die werk op hulle familie en sosiale lewe het;
- verhoudings met kollegas.

Smith (2009:137) is van mening dat die behoeftes van kinders in ’n kinderhuis nie deur die huisouers of die organisasie alleen aangespreek kan word nie, maar vereis dat verbintenisse met ander professionele persone gevestig moet word ten einde in die beste belang van die kind op te tree. Osmond *et al.* (2008:269) ondersteun Smith se siening en maak die stelling dat, indien huisouers nie voldoende ondersteuning ontvang nie, hulle buitengewone stres en moegheid kan ervaar, wat tot uitbranding en ontydige bedanking kan lei. In die volgende afdeling gaan die navorser spesifiek fokus op kernrolspelers waarmee huisouers kan skakel en hoe hulle huisouers in die uitvoering van hulle take kan ondersteun.

## 2.4 KERNROLSPELERS EN HULLE ONDERSTEUNINGSFUNKSIE AAN HUIS-OUERS BINNE DIE HUISOUERMODEL IN ’N KINDERHUIS

Die invloed van rolspelers het ’n effek op die daaglikse bestuur van ’n huis en ook die effektiwiteit waartoe huisouers in staat is om die individuele doelstellings vir elke kind te bereik (Hills & Child, 2000:172; Sinclair & Gibbs, 1998:110). Kahan (1994:312) is onder meer van mening dat rolspelers addisionele bronne in die vorm van tyd, verhoudings, vaardighede, materiële bates en selfs geld kan voorsien wat die daaglikse lewe van die kinders en huisouers op hierdie wyse kan verryk. Kahan (1994:312) beklemtoon egter dat dit belangrik is dat rolspelers se betrokkenheid en bydraes sal ooreenstem met die behoeftes en wense van die kinders, asook die huisouers se vermoë om dit te aanvaar.

### 2.4.1 Kernrolspelers

Berridge en Brodie (1988:105) is van mening dat die effektiewe versorging van kinders in ’n kinderhuis afhanklik is van positiewe verhoudings met ander organisasies en rolspelers. Die komplekse agtergrond en reeks probleme wat kinders wat in ’n kinderhuis geplaas is, ervaar het, maak onderlinge samewerking tussen betrokke rolspelers juis noodsaaklik. Die nalating om rolle te definieer en toepaslike verantwoordelikhede aan die verskillende rolspelers toe te ken, kan voorkom dat kinders se behoeftes aangespreek word.

Fundamentele strukturele beperkings kan daarom daartoe aanleiding gee dat interpersoonlike samewerking in die praktyk belemmer word (Berridge & Brodie, 1988:105). Hills en Child (2000:173) ondersteun hierdie argument en verwys na strukturele struikelblokke wat die beskikbaarheid van effektiewe ondersteuning op plaaslike vlak belemmer.

Uit die bespreking van die verskillende take van huisouers is dit duidelik dat huisouers met die familie (ouers; broers/susters; grootouers), die onderwysers waar kinders skoolgaan, die bure, die plaaslike polisie, die algemene praktisyn, sielkundiges, maatskaplike werkers en die bestuur van die organisasie skakel. Uit die literatuur word daar egter verskillende struikelblokke ten opsigte van samewerking met rolspelers geïdentifiseer, naamlik dat:

- huisouers nie ’n positiewe beeld het van hulleself in verhouding tot ander professies nie; hulle het ’n tekort aan ’n gevoel van outoriteit (as gevolg van die swak beeld van kinderhuise) en bevoegdheid (as gevolg van ’n gebrek aan spesifieke opleiding en waardering vir hulle versorgingsrol) (Smith, 2009:145; Milligan & Stevens, 2006:37; Berridge & Brodie, 1988:135; Sinclair & Gibbs, 1998:135);
- huisouers onseker voel oor wat presies van hulle verwag word in terme van hulle versorgingsrol, asook samewerking met gemeenskapsbronne (Smith, 2009:145; Courtney & Iwaniec, 2009:202; Heron & Chakrabarti, 2003:87). Volgens Milligan en Stevens (2006:37) en Turnbull (in Chakrabarti & Hill, 2000:72) word professionele

grense tydens onderlinge samewerking bedreig en kan konflik voorkom oor watter professie op watter areas van die kind se lewe moet fokus;

- die publiek oor die algemeen ’n negatiewe persepsie van kinderhuiskinders het en nie betrokke wil raak nie. Hulle beskou die kinders as gevaarlik en geneig om moeilikheid te maak. Kinders raak dus die fokus van suspisie en vyandigheid (Smith, 2009:55; Berridge & Brodie, 1988:104). Dit het tot gevolg dat die buurt waarin ’n satelliethuis opgerig word, byvoorbeeld petisies opstel om die vestiging daarvan in hulle gemeenskap te voorkom (Sinclair & Gibbs, 1998:110); die plaaslike polisie die huis as ’n bron van misdaad beskou (Sinclair & Gibbs, 1998:110); die skole nie die kinders wil akkommodeer nie en hulle vir die geringste oortreding skors (Courtney & Iwaniec, 2009:201). Volgens ’n studie deur die Departement van Gesondheid (1998:18) is die publieke verwagtings wat ’n gemeenskap aan die kinderhuiskinders stel, naamlik om te alle tye onberispelik op te tree, onrealisties en is dit een van die beperkings waarbinne die huisouers en kinders moet funksioneer.

Fulcher en Ainsworth (in Smith, 2009:146) beklemtoon die belangrikheid van ’n holistiese benadering tot die aanspreek van die spesifieke behoeftes van kinders in kinderhuise. Hulle identifiseer vier gemeenskapsbronne waarbinne groepversorgingsfasiliteite gelokaliseer is, naamlik gesondheidsorg, opvoeding, maatskaplike welsyn en straf(regs)pleging. Enige groepversorgingsentrum moet op verskillende maniere aspekte van behandeling, onderrig, versorging en beheer inkorporeer op grond van die spesifieke behoeftes van kinders wat daarheen verwys is.

Smith (2009:147) is van mening dat kinderhuisdienste toegespits moet wees op die breë spektrum van die kinders se behoeftes en die bemagtiging van huisouers om dit as surrogaatouers op te volg. Dit sal impliseer dat huisouers kennis moet hê van plaaslike dienste en namens die kinders vir toegang tot beskikbare dienste moet onderhandel. Die navorser is van mening dat die bestuur van die kinderhuis, asook die maatskaplike werkers wat by die verskillende huise betrokke is, die huisouers hierin sou kon ondersteun.

### 2.4.2 Wyses waarop kernrolspelers die huisouers in die uitvoering van hulle take kan ondersteun

Volgens Van Zyl (2009) en Pieterse (2010) is die satelliethuise (in die literatuur bekend as groephuise) van die kinderhuis in Gauteng waar die empiriese ondersoek geloods is, gevestig vanuit ’n vennootskapsverhouding tussen die kinderhuis en gemeentes of ander gemeenskapsgroeperings. In die Praktykhandleiding van die satelliethuise (2003) word ’n huiskomitee omskryf as ’n komitee wat vanuit ’n gemeente saamgestel word en die kontakpunt tussen ’n gemeente en die kinderhuis vorm. Die komitee bestaan uit verteenwoordigers van ’n gemeente, die huisouers en die bestuurspan van die kinderhuis. ’n Gemeente het deur middel van die huiskomitee geleentheid om betrokke te wees by die fasilitering van hulpbronne en dienste aan kinders (pastoraal, medies, opvoedkundig, tandheelkundig, sielkundig); die ontwikkeling en ontspanning van die kinders; die praktiese en emosionele ondersteuning van die huisouers; die onderhoud van die huis, voertuig en toerusting, asook finansiële en materiële bydraes (Praktykhandleiding, 2003).

Die kinderhuis waar die navorsing gedoen is, staan onder beheer van ’n direksie van die Hoëveld Sinode van die NG Kerk en word bestuur binne die raamwerk van die Wet op Kindersorg van 2005, die beleidsraamwerk van die Departement van Maatskaplike Dienste en sy provinsiale eweknieë, die beleidsraamwerk van die Algemene Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) van die NG Kerk, asook die kinderhuis se besigheidsplan wat op die diensooreenkoms met die staat gebaseer is (Praktykhandleiding, 2003). Die huisouers en maatskaplike werker betrokke by die satelliethuis werk in spanverband saam om die kinders se volle potensiaal te ontsluit. Die maatskaplike werker is statutêr verantwoordelik vir die koördinering van alle terapeutiese en ontwikkelingsdienste ten opsigte van elke individuele kind.

Van Zyl (2009) meld dat ’n professionele span, saamgestel uit kundige professionele lidmate of gemeenskapslede, die huisouers, die maatskaplike werker en die bestuurder van kinderdienste, dienste aan die kinders lewer met die doel om hulle ontwikkelings-

en terapeutiese behoeftes te bevredig. Die dienste word gelewer binne die raamwerk van elke kind se individuele ontwikkelingsplan (IDP). Die maatskaplike werker betrokke by ’n huis koördineer en bestuur alle psigososiale dienste wat deur die professionele span gelewer word en fasiliteer effektiewe kommunikasie tussen lede van die professionele span, betrokke bestuurslede, eksterne rolspelers soos skole, asook ander betekenisvolle persone in ’n kind se leefwêreld.

In die Praktykhandleiding (2003) word uiteengesit dat dit die bestuurder van die kinderhuis en die hoof van versorgingsdienste se verantwoordelikheid is om die huisouers met betrekking tot die versorging en opvoeding van die kinders by te staan en praktykleiding te voorsien wanneer nodig. Die bestuurder van die kinderhuis en die hoof van versorgingsdienste evalueer die huisouers se werkverrigtinge en skep geleenthede vir professionele ontwikkeling van die huisouers. Die huiskomitee word aangemoedig om die huisouers te ondersteun in die skep van ’n milieu waarbinne die kinders se volle potensiaal ontsluit kan word en om emosionele en praktiese ondersteuning aan die huisouers te bied. Pieterse (2010) wys egter daarop dat die huiskomitee primêr verantwoordelik is vir die ontginning van hulpbronne in die gemeenskap, byvoorbeeld die werwing van vakansievriende, persone wat rygeleenthede na en van skole kan behartig, werksgeleenthede vir kinders kan voorsien, kinders met studieprobleme kan help, asook die fasilitering van toegang tot privaat mediese en tandheelkundige dienste. Vanuit hierdie inligting blyk dit dat die maatskaplike werker betrokke by ’n huis, asook die huiskomitee, ’n belangrike rol speel in die huisouers se skakeling met kernrolspelers, asook die mate waarin die huisouers deur kernrolspelers in die uitvoering van hulle take, ondersteun word.

## 2.5 SAMEVATTING

Smith (2009:82) argumenteer dat die versorging van kinders binne die huisouermodel in ’n kinderhuis nie die ideaal is nie en nie die biologiese gesin kan vervang nie. Dit bied egter aan die kinders ’n tuiste waarbinne hulle so “normaal” as moontlik binne ’n huislike atmosfeer kan funksioneer. Die huisouermodel bied aan huisouers die geleentheid om

daaglikse gebeure wat binne ’n huishouding plaasvind, te gebruik om kinders se groei, ontwikkeling en lewensvaardighede te bevorder. Dit herken die potensiaal vir kommunikasie met kinders in nood deur middel van gedeelde lewenservarings. Daaglikse gebeure word gebruik om kinders te help om verskillende areas van hulle lewe beter te verstaan.

Beide Smith (2009:83) en Kendrick (2008:202) is van mening dat die huisouers en die kinders in ’n huis gesamentlik die atmosfeer in die huis, asook die kinders se ervaring van die plasing, bepaal. Die verhouding tussen die huisouers en die kinders is dus van kardinale belang. Volgens Maier (in Smith, 2009:83) word goeie gedrag nie deur ’n stel huisreëls bevorder nie, maar wel deur middel van goeie persoonlike verhoudings. Die navorser is van mening dat die kompleksiteit van huisouers se versorgingsrol en take deurlopende ondersteuning van die bestuur, maatskaplike werkers en die gemeenskap noodsaak. Interaksie met ander rolspelers, soos byvoorbeeld die polisie, skole, gesondheidsdienste en maatskaplike werkers is ook betekenisvol, ten einde die huisouers in staat te stel om hulle take effektief uit te voer. Die rol en take van die kernrolspelers is hoofsaaklik om die huisouers emosioneel en fisies te ondersteun. Die verskillende netwerke waarmee die huisouers op ’n daaglikse basis skakel vorm deel van die huisouers se onmiddellike veld en het ’n invloed op hulle gedrag (vergelyk Woldt & Toman, 2005:41-63; James & Gilliland, 2003:45). Veranderinge in die houdings en gedrag van betrokke rolspelers, kan die huisouers se uitvoering van hulle take, asook hulle moraal, positief of negatief beïnvloed.

Die rol en take van huisouers soos in hierdie hoofstuk bespreek, asook die ondersteuningsfunksie van kernrolspelers in die uitvoering van hulle take, reflekteer teoretiese konsepte soos veldteorie, kontak en kontakmaking en Gestaltformasie van die Gestaltteorie. In hoofstuk drie gaan die navorser verken en beskryf hoe die Gestaltteorie toegepas kan word in die ondersteuning van huisouers binne die huisouermodel in ’n kinderhuis.

# HOOFSTUK DRIE: ’N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP DIE GESTALTTEORIE

## 3.1 INLEIDING

Blom (2004:40) verwys na Gestaltteorie as ’n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering tot menslike verandering, met die klem op die verkryging van die bewustheid in die hier en nou, asook op die interafhanklikheid tussen mense en hulle omgewing. Hierdie omskrywing word deur Latner (1992) ondersteun wat die fokus van Gestaltteorie identifiseer as bewustheid van die hier en nou, asook die idee dat die mens onlosmaaklik vasgevang is in ’n web van verhoudings met ander dinge in die omgewing. Gestaltteorie voorsien, volgens Latner (1992), ’n sisteem van konsepte wat die struktuur en organisering van lewe in terme van bewustelike verhoudings beskryf.

Laasgenoemde siening word deur Yontef (in Gurman & Messer, 1995:263) onderskryf wat van mening is dat daar geen betekenisvolle manier is om ’n persoon psigologies apart van die omgewing te beskou nie, net soos daar geen manier is om die omgewing waar te neem behalwe deur iemand se waarnemende perspektief nie. Selfs die behoefte om alleen te wees, word volgens Yontef (in Gurman & Messer, 1995:263) in verhouding tot ander gedefinieer.

In aansluiting by bogenoemde bespreking is Parlett (1997:16) van mening dat individue altyd binne sisteme van verhoudings bestaan. Individue identifiseer met families, gemeenskappe, beroepsgroepe en nasionaliteite. Sulke affiliasies lewer ’n betekenisvolle bydrae tot ’n gevoel van identiteit. Lewens en kollektiewe sisteme is met mekaar verweef en moet as ’n eenheidsveld beskou word. Parlett (1997:16) omskryf ’n eenheidsveld as ’n web van onderlinge verbindings tussen ’n persoon en situasie, self en ander, organisme en omgewing, asook die individu en gemeenskap. In hierdie verband beklemtoon Frazao (1999) die belangrikheid van kontak en bewustheid ten einde individue in staat te stel om interaksie met die omgewing te ervaar.

Na aanleiding van bogenoemde wil die navorser Gestaltkonsepte met spesifieke verwysing na die veldteorie, kontak en Gestaltformasie teoreties binne die konteks van hierdie studie verken en beskryf.

## 3.2 DIE VELDTEORIE

Lewin se veldteorie het ’n groot invloed op die Gestaltteorie gehad (Goodwin, 1999:287). Lewin (in Neill, 2004) definieer veld as “… *the totality of coexisting facts which are conceived of as mutually interdependent*”. Parlett (in Woldt & Toman, 2005:46) en Neill (2004) beskryf Lewin se veldteorie verder as verskeie kragte of invloede wat saamwerk om ’n spesifieke, unieke uitkoms in ’n gegewe situasie op ’n gegewe tydstip te bepaal. Volgens Parlett (in Woldt & Toman, 2005:46) en Goodwin (1999:287) verwys Lewin se veld na komplekse, wisselwerkende insidente, wat beide eksterne sosiale kragte behels, sowel as interne persoonlike behoeftes, wat in die praktyk in interaksie is en ’n invloed op mekaar uitoefen. Die totale psigologiese veld, of lewensruimte waarbinne persone funksioneer, moet daarom in ag geneem word ten einde gedrag te verstaan.

Binne die konteks van hierdie studie word huisouers se lewensruimte met tien kinders gedeel wat, soos reeds in 2.3.2 aangedui, uiteenlopende eienskappe het met verskillende gesins- en kulturele agtergronde. Die individuele behoeftes van die huisouers sowel as die kinders, tesame met eksterne kragte, soos byvoorbeeld dat die skool sekere verwagtings het ten opsigte van akademiese prestasies, sal volgens Lewin se veldteorie, dus ’n effek op die huisouers en kinders se gedrag en onderlinge verhouding hê.

Yontef (2002:17-18) en Hergenhahn en Olson (1997:255) definieer die veld in Gestaltteorie ook as ’n dinamiese, onderling verbonde sisteem waarvan enige deel ’n invloed op elke ander deel het. Hierdie outeurs meld egter dat die belangrikste aspek van die veld die feit is dat niks binne die veld in isolasie bestaan nie. Hierdie siening word deur Latner (1992) onderskryf wat primêr op die interaktiewe aard van die veld

fokus. Vanuit ’n veldteoriese perspektief bestaan spesifieke dinge, of dit voorwerpe, lewendige dinge of idees is, eerstens op grond van die wisselwerking tussen mekaar en hulle verhouding met die veld. Die spesifieke eienskappe van elk word in ag geneem, maar altyd binne die konteks van die veld. In hierdie studie impliseer dit dus dat die individuele kenmerke van die huisouers en kinders in ag geneem word, en wel binne die konteks van die “gesinstipe” omgewing waarbinne hulle funksioneer. Volgens die veldteorie sal die gedrag van die huisouers ’n effek hê op die kinders se gedrag onderling en die gedrag van die kinders ’n effek op die huisouers se gedrag hê.

Parlett (1997:22) is van mening dat die veldteorie op die erkenning van individue se onverdeelde bestaan, naamlik hulle eenheidsveld wat georganiseerd is, fokus. Binne die konteks hiervan is die persoon dus nie die siekte nie, maar die siekte vorm deel van die persoon se totale lewensruimte. Individue se gesondheidstoestand het daarom betekenis, gevolge en ’n rimpeleffek op hulle lewe binne die verskillende verhoudingsisteme waarvan hulle deel vorm. Parlett (1997:22-23) stel dit dat ’n persoon emosioneel, fisies, ekonomies en sosiaal in ’n bepaalde toestand van wees bestaan, wat van tyd tot tyd kan beweeg van ’n toestand van ekwilibrium tot ’n toestand van disekwilibrium.

Insidente wat plaasvind kan daarom omskryf word as veranderinge in die balans van kragte in ’n persoon se lewe wat byvoorbeeld familie en werkverwante ontwikkelings, wat deel vorm van die wisselwerkende matriks, beïnvloed. Stressors wat huisouers ervaar en soos in 2.3.6 deur Whitaker *et al.* (1998:81) en Sinclair en Gibbs (1998:144) aangedui is, sal dus ’n effek hê op hulle verhoudings met die kinders in hulle sorg. Die navorser is van mening dat, indien huisouers nie die stressors kan hanteer nie en byvoorbeeld ’n emosionele uitbarsting het, dit die ekwilibrium in die huis kan versteur.


In ’n bespreking oor die veld in Gestaltteorie, beweer Brownell (2001) dat veld ’n relatiewe begrip is, afhangende van wat die belangstelling of fokuspunt is. Brownell (2001) is onder meer van mening dat Parlett se eenheidsveld na die omgewing verwys; die konteks waarvan ’n organisme ’n lid is. Indien daar egter na die fenomenologie van

’n organisme verwys word, impliseer dit Lewin se lewensruimte, wat al die faktore wat ’n invloed op ’n persoon se aksies uitoefen, insluit. Crocker (2001) verwys juis na die veld as ’n sfeer van invloed en is daarom van mening dat dit nodig is om relevante sfere van invloed wat ’n impak op voortgesette prosesse en elemente binne die veld het, in ag te neem. In algemene terme bestaan die veld vir Crocker (2001) uit georganiseerde elemente soos molekules, atome, verskeie subatomiese dele binne ’n veld van kragte, individuele persone, pare, families, rassegroepe, skole, stede, lande en gelowe wat almal binne verskeie relevante sfere van invloed bestaan.

Crocker (2001) is van mening dat indien daar op die verhoudings tussen bogenoemde elemente gefokus word, ’n sistemiese uitgangspunt gevolg word. ’n Sistemiese uitgangspunt impliseer dat elke element (byvoorbeeld ’n gesin) as ’n sistemiese geheel beskou kan word, wat elke element of dele (byvoorbeeld gesinslede) toelaat om op sekere maniere te funksioneer wat kenmerkend is van die geheel (met ander woorde die gesin), maar nie kenmerkend van die dele (gesinslede) nie. Indien die belangstelling op individue se vermoëns om kontak te maak, gerig word, is dit nodig om op verskeie elemente in individue se sistemiese lewe te fokus, byvoorbeeld gewoontes, besluitnemingsprosesse en kognitiewe oortuigings wat oor die verloop van tyd ontwikkel het. In laasgenoemde geval is dit nuttig om individue as komplekse velde te beskou wat voortdurend besig is om hulleself te herorganiseer met elke nuwe ervaring. Die klem is dus op die fundamentele dinamika van individue, met die implikasie dat alles wat al in individue se lewe gebeur het, teenwoordig is in hoe hulle hulleself in die hier en nou organiseer (Crocker, 2001).

Jantsch (in Yates, 1991:108) het ’n model ontwikkel wat, na die navorser se mening, die sistemiese en tydsfaktor van Crocker (2001) in ag neem en wat die veld in twee onafskeidbare, komplementêre dimensies van ruimte en tyd verdeel. Jantsch (in Yates, 1991:108) verwys na die verhouding van sisteme in ruimte as horisontale verhoudings en die verhouding van sisteme oor tyd as vertikale verhoudings. Sy model kan deur middel van Figuur 3.1 geïllustreer word.

**Figuur 3.1: Jantsch se model van die veld**




Bron: Jantsch (in Yates, 1991:108)

Die horisontale as verteenwoordig die ruimtelike dimensie van ’n kontinuum van mikrosisteme (links) tot makrosisteme (regs); van subatomiese dele tot die ganse heelal. Die vertikale of tyd-as verteenwoordig ’n kontinuum van beweging oor tyd van die verlede (onder) tot die toekoms (bo). Die punt waar die twee asse kruis, is die hede, naamlik die *hier* (ruimtelike dimensie) en *nou* (tydsdimensie). Die kruising tussen die ruimte- en tyd-asse verteenwoordig die sisteem (individu) en die sisteem se interaksies met die onmiddellike omgewing in die hier en nou (Jantsch in Yates, 1991:108).

Jantsch (in Yates, 1991:108) se model het volgens die navorser betrekking op huisouers en kinders binne die huisouermodel. Die huisouers en kinders vorm ’n subsisteem binne die groter sisteem van die gemeenskap en behoort aan verskeie groepe, byvoorbeeld die “gesin”, die skool, vriende en ’n kerk. Laasgenoemde verwys dus na Jantsch (in Yates, 1991:108) se verhouding van sisteme in ruimte, naamlik horisontale verhoudings. Soos reeds in 2.4 bespreek, is Sinclair en Gibbs (1998:110) van mening dat die invloed van die verskillende sisteme waarby die huisouers en kinders betrokke is, ’n effek het op die wyse waartoe huisouers in staat is om die individuele doelstellings vir elke kind te bereik. Dit word in 2.4.1 deur Berridge en Brodie

(1988:105) onderskryf wat beklemtoon dat die effektiewe versorging van die kinders in 'n kinderhuis afhanklik is van positiewe verhoudings met ander organisasies.

In die bespreking in 2.3.2 is aangedui dat die kinders in die huisouers se sorg, asook die huisouers, uit verskillende gesinsagtergronde kom, in verskillende ontwikkelingsfases is, van verskillende rassegroepe en kulture is en ook van verskillende geslagte is. Dit het, soos deur Crocker (2001) bespreek, 'n effek op die kinders en huisouers se gewoontes, besluitnemingsprosesse en kognitiewe oortuigings en verwys, na die navorser se mening, na Jantsch (in Yates, 1991:108) se verhouding van sisteme oor tyd (vertikale sisteme). Die huisouers en kinders se gedrag in die hier en nou kan dus, volgens die navorser, slegs verstaan word indien die betrokke sisteme, asook die huisouers en kinders se bepaalde persepsies (soos gevorm met die verloop van ervarings oor tyd) in ag geneem word.

Die taak van die navorser is om vas te stel hoe die huisouers se onmiddellike veld georganiseer is, watter behoeftes op hulle voorgrond is, hoe hulle met die verskillende sisteme binne hulle onmiddellike veld kontak maak en hoe hulle hulle veld kan manipuleer om hulle voldoende in die uitvoering van hulle take te ondersteun. In die volgende afdeling fokus die bespreking daarom op individue se verhouding tot die veld, naamlik die wyse waarop individue met die veld kontak maak.

## 3.3 KONTAK

Volgens Latner (1992) gee Gestaltteorie se belangstelling in bewustheid van die veld, aanleiding tot die fokus op verhoudings van elemente van die veld en die wyse waarop kontakmaking geskied. Die uitstaande kenmerk van kontak is die ontmoeting tussen verskille. Die plek van kontak word die kontakgrens genoem en die fundamentele organiseringseienskap van kontak, verwys na die figuur/grond (Latner, 1992). In die volgende afdelings gaan die navorser die aard, organisering, intensies, kreatiewe dimensies en ervaring van kontak bespreek en dit van toepassing maak op huisouers se kontakmaking met elemente van die veld.

### 3.3.1 Die ontmoeting met ander

Binne die Gestaltteorie word kontak volgens Corey (1996:229) gesien as die element wat nodig is om verandering en groei te laat plaasvind. Die wyse waarop die huisouers dus, na die navorser se mening, met rolspelers in die gemeenskap kontak maak, sal bepaal of verandering en groei gaan plaasvind. Effektiewe kontak vind volgens Kirchner (2000) en Yontef (1993) slegs plaas wanneer individue in interaksie met die natuur en met ander mense is, sonder om hulle sin vir individualiteit te verloor. Nelson-Jones (1996:50) omskryf hierdie tipe kontak as *"… being in touch with"*. Bernhardtson (2008:165) sien kontak as ’n wisselwerking tussen die innerlike self (behoeftes en wense) en die uiterlike self (kontak met die omliggende omgewing). Die "ek" word geskep by die grens tussen die innerlike self en die uiterlike self. Binne die konteks van hierdie studie beteken dit dat huisouers se vermoë om hulle behoefte aan ondersteuning van rolspelers te bevredig, direk beïnvloed gaan word deur die wyse waarop hulle met rolspelers in die omgewing kontak maak.

### 3.3.2 Kontakgrens: die plek van kontak

Yontef (2005:84) is van mening dat die self en ander ’n grens skep wat individue met ander verbind, maar ook selfstandige identiteite handhaaf. Die gebeurtenis wat geskep word deur die ontmoeting tussen die self en ander word deur Latner (1992) die kontakgrens genoem. ’n Belangrike eienskap van die kontakgrens is dat dit die verskille tussen die elemente wat ontmoet in ag neem, aangesien daar sonder die teenwoordigheid van verskille geen kontak sou wees nie. Die kontakgrens neem ook die eenheid van die ontmoeting in ag, waarsonder daar geen Gestalt of eenheid van ervaring sou wees nie (Latner, 1992). Volgens Blom (2004:19) is die funksie van die kontakgrens tweeledig, naamlik om die self met ander te verbind, asook om die self van ander te onderskei. Alhoewel individue altyd beskou moet word as in kontak met hulle omgewing, moet daar ook grense wees wat hulle van hulle omgewing onderskei en waar individue se selfstandige identiteite gehandhaaf word (Yontef, 2005:84). Grense moet deurdringbaar wees, ten einde uitruiling tussen individue en hulle omgewing te

verseker. Nelson-Jones (1996:50) merk in dié verband op dat gesonde funksionering impliseer dat individue in staat is om kontak met die omgewing te maak ten einde in hulle behoeftes te voorsien, maar ook in staat is om te onttrek wanneer ’n Gestalt voltooi is of bronne gemobiliseer is om sluiting van ’n Gestalt moontlik te maak. Die navorser is van mening dat die funksie van die kontakgrens dus aan huisouers die geleentheid bied om kontak met rolspelers in die gemeenskap te maak, maar huisouers ook in staat stel om te onttrek wanneer rolspelers inbreuk maak op die huislede se privaatheid en die “gesinsatmosfeer” ondermyn.

### 3.3.3 Voorgrond en agtergrond: differensiasie van kontak

Latner (1992) maak die stelling dat figuur/grond ’n funksie van kontak is. Wanneer daar geen kontak is nie, is die veld nie gedifferensieerd nie en is daar dus geen figuur of grond nie. Die veld word op hierdie wyse georganiseer na aanleiding van individue se belangstelling en die belangstellings van ander elemente van die veld. Wanneer individue se belangstelling in iets geprikkel word, verskyn daar ’n figuur en grond. Gaffney (2009:18) en Yontef (1995:264) dui aan dat die figuur die fokuspunt is van ’n individu se ervaring en die aard en behoeftes van die situasie. Die grond word weer gedefinieer as die volle potensiaal van die organismiese omgewing (veld) waaruit die figuur te voorskyn kom. Soos die figuur ontwikkel, met elke verandering, elke verbygaande oomblik, word die veld – voorgrond en agtergrond – voortdurend geherorganiseer. Greenberg (2005:60) gebruik die term “interpersoonlike Gestalt” om die wyse waarop individue hulle interpersoonlike veld op ’n gegewe oomblik organiseer, te beskryf. Hierdie proses staan bekend as figuurformasie en word in 3.4 bespreek.

### 3.3.4 Kreatiewe aanpassing: die ontwerp van kontak

Frazao (1999) omskryf kreatiewe aanpassing as “… *the capacity of actively interacting with the environment at the contact boundary, adapting, when necessary the demand of our needs to the environment’s possibilities of fulfillment.”* Latner (1992) omskryf kreatiewe aanpassing as ’n wederkerige proses tussen individue en die veld, omdat

individue die omgewing organiseer om hulle in hulle behoeftes te ondersteun en omdat die omgewing op sy beurt individue ontmoet en vorm. Aanpassing tussen individue en die veld is kreatief, omdat dit nie volgens ’n bepaalde formule geskied nie, maar uniek is aan elke situasie waarmee individue gekonfronteer word.

Gesonde funksionering hang volgens Parlett (1997:25) van ’n individu se vermoë af om kreatief aan te pas by veranderende omstandighede. Yontef (1995) wys egter daarop dat aanpassing by omstandighede in die veld alleen nie voldoende is nie en dat individue die omgewing moet manipuleer sodat dit by hulle behoeftes en waardes kan aanpas. Beide Yontef (2005:85) en Melnick en Nevis (2005:103) huldig die mening dat individue bewustelik beskikbare bronne op so ’n wyse moet rangskik dat dit in hulle huidige behoeftes voorsien. Huisouers kan dus deur middel van kreatiewe aanpassing, beskikbare bronne (kernrolspelers) in hulle omgewing benut om hulle in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

**3.4 GESTALTFORMASIE**

Blom (2004:41) beklemtoon individue se vermoëns om die mees dominante figuur op hulle voorgrond te identifiseer, ten einde bronne in hulleself of hulle omgewing te benut om die onmiddellike behoefte op hulle voorgrond te bevredig. Hierdie wyse van kontakmaking, waar individue in samewerking met die omgewing die beste oplossings skep om hulle behoeftes te bevredig, geskied volgens Latner (1992) volgens ’n bepaalde struktuur. In Gestaltteorie word daar na die inherente struktuur van ervaring en aksie as Gestaltformasie, figuurformasie en -afbreking verwys.

’n Voorvereiste vir die proses van Gestaltformasie en -afbreking is egter, volgens Yontef (2005:89), bewustheid. Fernbacher (2005:120) omskryf bewustheid as die wyse waarop individue hulleself, asook hulle behoeftes, ken en verstaan, asook hoe individue hulle veld organiseer en betekenis aan ervarings heg. Fernbacher (2005:121) is voorts van mening dat individue bewus is van hulleself deur middel van hulle liggaam, emosies en

insigte. Bewustheid van hulle omliggende veld word verkry deur middel van hulle persepsies van “ander” wat deur die benutting van hulle sintuie geskied.

Perls (in Yontef, 1993) beskryf bewustheid as ’n figuur-grond-formasie. Die bewustheidskontinuum in Gestaltteorie verwys na ’n voortdurende Gestaltformasie waar wat op individue se voorgrond is, ’n Gestalt vorm en ten volle ervaar en hanteer word, sodat dit op die agtergrond geskuif kan word en plek kan maak vir ’n volgende relevante Gestalt. Yontef (2005:87) stel dit dat bewustheid individue in staat stel om te leer, gedrag te verander wat nie werk nie, kreatief te wees en met nuwe gedrag te eksperimenteer en om daarna te streef om die omgewing te verander sodat individue en die omgewing se behoeftes die beste aangespreek word. Dit stem ooreen met Smith (2009:147) se mening, soos in 2.4.1 bespreek, dat huisouers bemagtig moet word om as surrogaatouers op te tree en dus bewus moet wees van plaaslike dienste en namens die kinders vir toegang tot beskikbare dienste moet onderhandel.

### 3.4.1 Fases van Gestaltformasie

Gestaltformasie en -afbreking vind plaas volgens ’n bepaalde proses. In die literatuur word daar na die proses van Gestaltformasie en -afbreking as die bewustheidsiklus, die kontak-onttrekkingsiklus of die siklus van ervaring verwys (Clarkson, 1995:28). Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar na die siklus van ervaring verwys word. Verskillende outeurs (Gaffney, 2009:11; Woldt & Toman, 2005:x-xi; Blom, 2004:15-16; Clarkson, 1995:29; Latner, 1992) het verskillende sienswyses oor die aantal fases wat deel van die proses van Gestaltformasie en -afbreking vorm, asook by watter fase die proses begin. Clarkson (1995:30) is van mening dat die siklus vanaf verskillende invalshoeke bekyk kan word. Die verskillende fases van die proses van Gestaltformasie en -afbreking verwys slegs na verskillende fokuspunte in die proses. Vir die doeleindes van hierdie bespreking gaan die navorser die proses van Gestaltformasie en -afbreking aan die hand van Clarkson (1995:31) se fases, naamlik onttrekking, sensasie, bewustheid, mobilisering; aksie; finale kontak; satisfaksie en onttrekking, bespreek.

- **Onttrekking**

In die onttrekkingsfase is die elemente van die veld teenwoordig, maar daar is geen figuur nie. Clarkson (1995:31) omskryf die fase as ’n rustende fase waar individue in ’n toestand van homeostase of balans verkeer. Latner (1992) verwys na hierdie fase as die voorkontakfase en is van mening dat die veld nie in ’n figuur of grond gedifferensieer is nie. Daar is geen kontak en geen fokus van belangstelling nie.

- **Sensasie**

Clarkson (1995:31) is van mening dat individue nie vir ’n onbepaalde tyd in ’n toestand van rus kan verkeer nie. Die rede hiervoor is dat nuwe organismiese tekorte of surplusse ontstaan en daarom ervaar individue ’n behoefte (intern) of word deur ’n stimulus vanuit die omgewing (ekstern) versteur. ’n Figuur kom te voorskyn vanuit die ongedifferensieerde grond en verskyn op individue se voorgrond.

- **Bewustheid**

Individue raak bewus van die behoefte of stimulus vanuit die omgewing en ervaar dit as die fokuspunt van belangstelling in die hier en nou soos Clarkson (1995:32) daarna verwys.

- **Mobilisering**

Bewustheid van ’n behoefte word gewoonlik opgevolg deur opwinding en die mobilisering van die self en bronne in die omgewing om die behoefte te bevredig (Clarkson, 1995:33).

- **Aksie**

Clarkson (1995:33) omskryf die aksiefase as die organisering van perseptuele, gedrag- en emosionele aktiwiteite. Tydens hierdie fase ondersoek individue moontlike opsies (intern of ekstern) om die behoefte op hulle voorgrond te bevredig en daarom word daar met verskillende vorme van toepaslike aksies ge-eksperimenteer. Individue se gedrag sal in hierdie fase ook relevant wees tot die optimale bevrediging van die behoefte soos hulle dit in die hier en nou ervaar.

- **Finale kontak**

Tydens hierdie fase raak individue ten volle betrokke by die aksie wat hulle gekies het om hulle behoefte te bevredig, terwyl al die ander elemente in die agtergrond minder belangrik word (Blom, 2004:16). Clarkson (1995:35) is van mening dat hierdie fase gekenmerk word deur die voltooiing van ’n spesifieke Gestalt.

- **Satisfaksie**

Volgens Blom (2004:16) ervaar individue in hierdie fase ’n gevoel van homeostase. Latner (1992) omskryf dit as die fase waarin die figuur vernietig is, nuwe groei geïntegreer is en die veld by die nuwe situasie aangepas het. Volgens Woldt en Toman (2005:X) word hierdie fase gekenmerk deur assimilasie, sintese en integrasie.

- **Onttrekking**

Hierdie fase word volgens Clarkson (1995:36), soos tydens die eerste fase van die siklus, gekenmerk deur onttrekking in ’n “fertile void” waarvandaan sensasies, wat die voorloper van ’n nuwe behoefte is, te voorskyn kan kom.

Woldt en Toman (2005:X) beskryf die siklus van ervaring (proses van Gestaltformasie en -afbreking) as die wyse waarop individue kreatief aanpas by hulle omgewing en persoonlike kontak met hulle omgewing balanseer. Nevis (1997:128) is van mening dat die siklus van ervaring veronderstel dat individue ’n inherente geneigdheid toon om sensasies, denke en gevoelens te ervaar, om daardeur gemotiveer te word en om toepaslike aksies vanuit alternatiewe te kies om ’n behoefte te bevredig. Beide Clarkson (1995:31) en Latner (1992) huldig die mening dat dit belangrik is om in ag te neem dat individue by honderde verskillende siklusse van ervaring (Gestaltformasie en -afbreking) op enige tydstip betrokke kan wees. Binne die konteks van hierdie studie sou die siklus van ervaring kon verwys na die wyse waarop die huisouers uitreik na hulpbronne in hulle omgewing, ten einde hulle behoefte aan ondersteuning in die uitvoering van hulle take te bevredig.

## 3.5 SAMEVATTING

Rubenfield (2008:296) beklemtoon die feit dat een van die primêre uitgangspunte van Gestaltteorie die veldteorie is, wat fokus op die verhouding tussen dele en die geheel, asook die balansering van verbintenisse met ander terwyl ’n aparte identiteit steeds gehandhaaf word. Onderlinge verbindings en interafhanklikheid is kwaliteite wat inherent deel van enige veld vorm. Individue neem gelyktydig aan verskillende velde deel. Sommige oorvleuel, ander is konsentries. Wat volgens Rubenfield (2008:296) belangrik is om in ag te neem, is dat verskillende velde, asook elemente van ’n veld, ’n wedersydse invloed op mekaar uitoefen. Die navorsingsvraag van hierdie studie, naamlik watter bydrae kan kernrolspelers lewer om huisouers binne die huisouermodel van ’n kinderhuis in die uitvoering van hulle take te ondersteun, kan slegs beantwoord word indien die totale veld waarvan die huisouers, asook die rolspelers, deel vorm, in ag geneem word.

Die navorser is van mening dat dit slegs moontlik is om die totale veld waarvan huisouers en rolspelers deel vorm, in ag te neem, indien daar ook op die onderlinge verhoudings tussen die huisouers, rolspelers en ander elemente van die veld gefokus word. Verhoudings met die omgewing vind plaas deur middel van kontakmaking. Die navorser het dus hierdie teoretiese konsep breedvoerig verken, ten einde ’n beter begrip van huisouers se kontak met rolspelers te vorm. Die proses van Gestaltformasie en -afbreking (siklus van ervaring) is verken, omdat dit betrekking het op huisouers se bewustheid van hulpbronne in die veld, asook hulle vermoë om hulpbronne in hulle omgewing te manipuleer ten einde in hulle behoefte aan ondersteuning te voorsien.

In die volgende hoofstuk word die empiriese ondersoek beskryf en die resultate van die ondersoek weergegee.

# HOOFSTUK VIER: EMPIRIESE STUDIE EN NAVORSINGSBEVINDINGS

## 4.1 INLEIDING

Die studie is daarop gerig om vas te stel watter bydrae kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel van ’n kinderhuis in die uitvoering van hulle take te ondersteun. In hoofstuk twee is ’n konseptuele raamwerk daargestel oor die take van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel. In hoofstuk drie is die Gestaltkonsepte met spesifieke verwysing na veldteorie, kontak en Gestaltformasie teoreties binne die konteks van die studie verken en beskryf.

Empiriese data is ingewin deur semi-gestruktureerde onderhoude te voer met huisouers, maatskaplike werkers, voorsitters van die onderskeie gemeenskapskomitees betrokke by die satelliethuise, asook die bestuurder van die satelliethuise en die hoof van die kinderhuis. Die navorser het van doelbewuste steekproefneming gebruik gemaak (verwys 1.9.1.1). Die deelnemers aan die navorsingstudie is almal direk betrokke by satelliethuise van die kinderhuis wat uitsluitlik op die huisouermodel gebaseer is.

Al die onderhoude is op videoband opgeneem, waarna dit getranskribeer is. Om onderskeid te tref tussen die response van die huisouers en kernrolspelers, is die terme huisouer en rolspeler onderskeidelik gebruik. Waar daar in die ondersoek na deelnemers verwys word, impliseer dit die response van beide huisouers en kernrolspelers. Elkeen van die deelnemers se anonimiteit is beskerm deurdat hulle name nie tydens die studie bekend gemaak is nie.

## 4.2 EMPIRIESE GEGEWENS

Die verkennende aard van die studie het daartoe bygedra dat die navorser ’n sekere aantal hooftemas, subtemas en kategorieë kon identifiseer. Die hooftemas behels die volgende:

- Hooftema 1: Deelnemers se menings ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel.
- Hooftema 2: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik.
- Hooftema 3: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take sal vergemaklik.

Die navorser sal vervolgens die verskillende temas soos uiteengesit in tabel 4.1, tabel 4.2 en tabel 4.3 bespreek en die data met toepaslike literatuur verifieer.

**TABEL 4.1: Uiteensetting van hooftema 1, die subtemas en kategorieë**

| **HOOFTEMA 1** | **SUBTEMAS** | **KATEGORIEË** |
|---|---|---|
| Deelnemers se menings ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel | • Rolverwarring ten opsigte van die onderskeie take en verantwoordelikhede van deelnemers | ➢ Rol van huisouer<br>➢ Rol van gemeenskapskomitee<br>➢ Rol van maatskaplike werker en bestuur |

### 4.2.1 Hooftema 1: Deelnemers se menings ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel

Tydens die empiriese ondersoek het dit geblyk dat die deelnemers verskillende menings het ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers en rolspelers binne die huisouermodel. Hierdie aspek word deur Milligan en Stevens (2006:37) beklemtoon wanneer hulle opmerk dat konflik oor wie wat in die kinderhuis moet doen en wie vir spesifieke take verantwoordelik is, ernstige probleme kan veroorsaak. Elke professie het ’n ander perspektief op mense se omstandighede, wat gepaardgaan met verskillende oortuigings, veronderstellings en verwagtinge. Laasgenoemde kan aanleiding gee tot struikelblokke wat samewerking tussen

professionele persone kan ondermyn. Ten einde samewerking tussen verskillende rolspelers in die praktyk te bewerkstellig, behoort daar volgens Milligan en Stevens (2006:38), wedersydse begrip te wees vir die rol wat elke party vertolk, asook erkenning vir die feit dat al die betrokkenes ’n gesamentlike einddoel het, naamlik wat in die kind se beste belang is.

*4.2.1.1 Subtema 1: Rolverwarring ten opsigte van die onderskeie take en verantwoordelikhede van deelnemers*

Uit die empiriese gegewens blyk dit dat daar nie altyd duidelikheid is oor wie watter take moet uitvoer nie, asook dat verskillende deelnemers verskillende verwagtings koester ten opsigte van die uitvoering van take. Verskillende verwagtings ten opsigte van die deelnemers se take en verantwoordelikhede, kan volgens Lewin se veldteorie ’n effek hê op onderlinge verhoudings en samewerking voorkom (verwys 3.2).

Hierdie aspekte word vervolgens bespreek in die drie kategorieë wat by hierdie subtema geïdentifiseer is. Die bespreking sal gedoen word by wyse van ’n narratiewe weergawe van die deelnemers se menings waarna die navorser aan die einde van die derde kategorie opsommende opmerkings sal maak.

- **Kategorie 1: Rol van huisouer**

In 2.4.1 meld Smith (2009:145) en Courtney en Iwaniec (2009:202) dat huisouers onseker voel oor wat presies van hulle in terme van hulle versorgingsrol, asook samewerking met gemeenskapsbronne, verwag word. Vanuit die empiriese ondersoek en die onderstaande opmerkings van die deelnemers is dit duidelik dat die volgende rolverwarring bestaan ten opsigte van die rol van huisouers:

> Huisouer: *“Jy moet al die take van ’n ouer uitvoer, maar besluite wat ’n ouer normaalweg sou neem mag nie. Jou inisiatief word weggeneem. Daar is*

*rolverwarring. Jy moet byvoorbeeld ’n kind inskryf by ’n skool, dan oortree jy die veld van die maatskaplike werker. Ander verantwoordelikhede mag jy nie kry nie.”*

Rolspeler: *“Daar is sekere goed waaroor huisouers besluite neem waaroor hulle nie eintlik veronderstel is nie. Dit is moeilik om uit te sorteer wie is vir wat verantwoordelik. Ek weet nie of daar al ooit iets uiteengesit is wie vir wat verantwoordelik is nie. Daar moet meer spesifieke riglyne ten opsigte van verantwoordelikhede wees. Verskillende huise funksioneer op verskillende maniere – sommige huisouers laat goed toe en ander nie. By sekere goed neem hulle besluite; by ander goed is hulle te bang.”*

Huisouer: *“Kinders sien huisouers net as oppassers; ons het nie enige seggenskap nie.”*

Huisouer: *“Jy moet ’n dokter wees, ’n sielkundige wees; ’n bediende wees; ’n ‘punchbag’ wees. Jy moet heeltyd planne maak om goed te laat regloop sonder om te baklei.”*

Rolspeler: *“Die ma moet die huiswerk van die kinders behartig; naskool is nie ’n opsie nie. In die rolbeskrywing moet die huisma tyd saam met kinders spandeer. Daar moet duidelike riglyne gelê word vir aanvaarding van addisonele pligte. Die rol van die huispa moet baie meer ondersteunend wees; huisma’s moet rus saans, pa’s moet saans meer verantwoordelikhede aanvaar.”*

Rolspeler: *“’n Pa word aangestel as hulpversorger wat baie spesifieke take het saans en naweke. Hy moet studietoesig hou, dissipline toepas en daaglikse interaksie met die kinders hê. Die huispa het ’n belangrike rol om die huisma te ondersteun, sodat die huisma fisies van diens af kan wees.”*

Die belangrikste aspek wat waarskynlik rolverwarring by die huisouers skep is die feit dat huisouers die behoefte het om ware ouers vir die kinders in hulle sorg te wees.

Vanuit bogenoemde aanhalings is dit reeds duidelik dat die huisouers na regte tot ’n groot mate die rol van die kind se ouer inneem, maar volgens bepaalde reëls en beleid nie regtig toegelaat word om soos ’n ouer (met al die ouerlike verantwoordelikhede) vir die kinders op te tree nie. ’n Huisouer het die volgende in dié verband opgemerk: *“Ons wil die kinders behandel soos eie kinders en hulle opvoed soos ons eie, sonder onderskeid, so normaal as moontlik. Ons doel is dat hulle ons nie net sal sien as huisouers nie, maar as eie ouers.”*

Lloyd (in Holland, 2005:89) identifiseer die volgende algemene behoeftes van kinders waarin ouers moet voorsien, naamlik:

- basiese fisiese versorging;
- affeksie en sekuriteit;
- stimulering van ingebore potensiaal;
- leiding en beheer;
- verantwoordelikheid en onafhanklikheid;
- selfbewustheid, ’n gevoel van identiteit, sosiale aanvaarding en ’n persoonlike geskiedenis.

Volgens Lipscombe, Farmer en Moyers (2003:243) behels ouerskap ’n wye reeks aktiwiteite anders as net die basiese fisiese versorging en vertroeteling van kinders. Ouerskap sluit ook bestuursfunksies, warmte, deelneming aan en die bevordering van verhoudings, insette ten opsigte van kognitiewe en intellektuele ontwikkeling en die voorsiening van sekuriteit en stabiliteit in. Die beste benadering tot ouerskap sluit sensitiewe en deelnemende interaksies in wat emosionele sekuriteit, gebondenheid en eksplorering bevorder, asook konsekwente, nie-aggressiewe maar ferm kontrole wat grense stel, maar ook ’n gevoel van selfbemeestering bevorder (Lipscombe *et al*., 2003:243). Hierdie benadering tot ouerskap word deur Holland (2005:88) ondersteun wat verwys na ’n “demokratiese” gesin. Dit impliseer ’n gesin waarbinne kinders versorgd en geliefd voel, maar ook met respek behandel word en die geleentheid gegun word om self sommige besluite te neem.

Uit die empiriese data wil dit voorkom asof die rolspelers bewus is van die belangrike rol wat huisouers in die kinders se lewe vertolk. ’n Rolspeler het die volgende opgemerk:

*“’n Huisouer is waarskynlik die sleutelpersoneel in die hele opset van kindersorg, deurdat die huisouer die grootste bydrae direk tot die kinders se welwees lewer en die meeste tyd saam met die kinders deurbring, omdat hulle deurlopend besig is met die kinders.”*

Alhoewel rolspelers die belangrike rol wat huisouers in die kinders se lewe vertolk erken en van die huisouers verwag om al die take van biologiese ouers te verrig, het die rolspelers in die empiriese ondersoek egter ook klem daarop gelê dat die huisouers nie die kinders se biologiese ouers is nie, en dat die kinderhuis steeds voogdyskap vir die kinders aanvaar. Hierdie aspek kan, na die navorser se mening, die huisouers se kreatiwiteit en spontaneïteit ten opsigte van ouerskap strem.

- **Kategorie 2: Rol van gemeenskapskomitee en gemeenskapslede**

Uit die empiriese data blyk dit dat daar ook nie duidelikheid bestaan oor wat die gemeenskapskomitee se verantwoordelikhede met betrekking tot die ondersteuning van huisouers van die satelliethuise presies behels nie. Die volgende opmerkings van deelnemers ondersteun hierdie standpunt:

> Huisouer*: “Die komitee is te betrokke. Hulle is basies hier om te help met die finansiële sy. Die komitee rapporteer aan bestuur oor bewegings by die huis. Hulle moet ophou inmeng in my huishouding. Hulle moet die kinderhuis se pligte aan die kinderhuis oorlos en die kinderhuis hulle eie werk laat doen.”*
>
> Rolspeler*: “Van die kampus se kant af is daar ’n probleem met rolduidelikheid. Die bestuur raak baie gou ongemaklik as die komitee van hulle kant af begin inmeng. Bestuur kan beginselgoed uitsorteer. Die verhouding met die gemeenskap moet deur die komitee opgebou word. Dit is die komitee se verantwoordelikheid om*

*goed in plek te kry, byvoorbeeld wat gebeur by 'n sportdag met die kinders? Daar kom 'n punt waar jy moet intree, want die stelsel maak nie voorsiening daarvoor nie."*

Rolspeler: *"Die komitee is nie deel van die keuringsproses nie. Dit is nodig omdat jy vanuit 'n gemeenskap se oogpunt na die kind kyk. Dit is die komitee se werk om die kinders by die gemeenskap in te trek. Opname in die gemeenskap is deel van die suksesresep."*

Rolspeler: "*Die huiskomitee het geen rol in keuring nie. Die kinderhuis doen bestuur en aanvaar volle verantwoordelikheid vir die kinders. Die komitee is ondersteunend daar wat dit vir die kinderhuis moontlik maak om 'n satelliethuis te bedryf."*

- **Kategorie 3: Rol van die maatskaplike werker en bestuur**

Soos deur Milligan en Stevens (2006:38) aangedui (verwys 4.2.1) het verskillende professies verskillende perspektiewe, asook verwagtings, ten opsigte van die uitvoering van hulle professionele verantwoordelikhede en take. Uit die empiriese data blyk dit dat die betrokke rolspelers verskillende persepsies het van die maatskaplike werker en bestuur se take met betrekking tot huisouers van satelliethuise. Dit word deur die volgende response van rolspelers gestaaf:

*"Die maatskaplike werker moet goed uitsorteer wat nie noodwendig die huisouer se verantwoordelikheid is nie, byvoorbeeld die keuring van vakansieouers. Die maatskaplike werker moet 'move' daarop en dit so gou as moontlik doen sodat die huisma nie met 'n kind sit wat neul om haar ore nie."*

*"Die assistent-bestuurder is primêr verantwoordelik vir die emosionele ondersteuning, maar dit is ook die maatskaplike werker se rol om op 'n gereelde basis gesprekke met die huisma te hê om te hoor hoe sy "cope" met die kinders in die huis."*

*“Die ondersteuning aan huisouers is nie professioneel daar nie. Daar is elke ses maande ’n ander maatskaplike werker. Dit het ’n groot impak. Die kind beleef nie konsekwentheid nie en die huisouers sit elke keer met iemand nuut. Die maatskaplike werker moet verstaan dat sy nie elke kind hoef te ‘screen’ nie. Sy kan deur die lêer gaan en ooreenkom om met hierdie kinders te werk. Die kind is moeg geterapie. Hy vertel net van sy pyn. Daar word besluit om A, B en C te doen, maar dit gebeur nooit nie. Die ‘issue’ is dat as die hele professionele ondersteuning nie stabiliseer nie, en nie uitgesorteer word nie, kom ons nêrens nie. Daar is nie kontinuïteit tussen die maatskaplike werkers en die professionele komitee nie. Bestuur moet ’n kopskuif maak oor hoe lyk die professionele interaksie. Die kinderhuis doen ‘awesome’ goed, maar dit is nodig dat hulle hulle model evalueer en besluit wat anders gedoen behoort te word. Hulle moet besluit wat is kritiese suksesfaktore om ’n huis te laat werk, asook wat hulle doelwit is om die kind te begelei. As ons die kind wil losmaak van die welsynsmodel af, moet ons vir hom ’n omgewing gee wat vry is daarvan.”*

Dit is vanuit die bespreking van bogenoemde drie kategorieë duidelik dat daar spesifieke verwarring bestaan ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers wat ’n rol speel binne die huisouermodel van ’n kinderhuis. By die lees van die opmerkings van die deelnemers wil dit soms voorkom asof die onduidelikhede bloot reggestel behoort te kan word deurdat almal wat betrokke is, met mekaar kontak sal maak en onduidelikhede sal opklaar.

Binne die Gestaltteorie sal dit beteken dat daar duidelike grense gestel moet word wat uitruiling tussen die deelnemers verseker, maar wat deelnemers steeds in staat stel om selfstandige identiteite te handhaaf (verwys 3.3.2).

In die volgende tema gaan die navorser die aspekte wat huisouers se take in die praktyk bemoeilik, bespreek en met response vanuit die empiriese studie ondersteun.

**TABEL 4.2: Uiteensetting van hooftema 2, die subtemas en kategorieë**

| **HOOFTEMA 2** | **SUBTEMAS** | **KATEGORIEË** |
|---|---|---|
| Faktore wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik | • Die regte van huisouers | ➢ Die reg om die kinders te dissiplineer<br>➢ Reg om met respek behandel te word<br>➢ Reg tot insae in kinders se agtergrondgeskiedenis en individuele behandelingsplan |
| | • Gevoelens van minderwaardigheid | ➢ Huisouers voel bedreig deur bestuur, maatskaplike werkers en die betrokkenheid van vrywilligers |
| | • Tyd | ➢ Vervoer van kinders<br>➢ Kontrolering van huiswerk<br>➢ Administratiewe take<br>➢ Verantwoordelikheid teenoor eie gesin |
| | • Keuring van kinders vir satelliethuise | ➢ Profiel van kind van satelliethuis |

### 4.2.2 Hooftema 2: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik

Soos in 2.3.6 aangedui, is daar spesifieke stressors wat huisouers in die uitvoering van hulle take ervaar wat volgens Whitaker *et al*. (1998:81) onder meer insluit die

opeenhoping van take, verbale en nie-verbale misbruik deur die kinders in hulle sorg, ’n gebrek aan ’n gevoel van ondersteuning en vertroue van die bestuur. Stresfaktore wat deur Sinclair en Gibbs (1998:144) geïdentifiseer is sluit aspekte in soos gevoelens van huisouers oor hulle verhouding met kinders en hulle eie gevoel van nuttigheid, bekommernis oor die veiligheid van kinders in hulle sorg, asook hulle vordering op skool.

Response van deelnemers tydens die empiriese ondersoek het bogenoemde stressors in die alledaagse lewe van huisouers bevestig. Faktore wat die uitvoering van die huisouers se take bemoeilik is hoofsaaklik die algemene siening wat gehuldig word, naamlik dat huisouers geen regte het nie, huisouers se gevoelens van minderwaardigheid, ’n gebrek aan tyd om al die take uit te voer, asook die keuring van kinders vir satelliethuise.

Die navorser gaan vervolgens die subtemas, asook die verskillende kategorieë wat daaruit voortvloei, bespreek.

#### *4.2.2.1 Subtema 1: Die regte van huisouers*

Soos in 1.2 deur Kendrick (2008:187), sowel as Milligan en Stevens (2006:10) aangedui is, vind die uitvoering van huisouers se take plaas in ’n omgewing van bewustheid van die regte van kinders en die verwagting dat huisouers die regte van die kinders in die daaglikse praktyk in ag sal neem en bevorder. Die volgende stelling van ’n rolspeler ondersteun bogenoemde sienswyses:

> *“Ons is ’n kindersorgorganisasie en die kind is ons hele bedryf. Wat dit moeilik maak is dat ons leef met kinders wat baie bewus is van hulle regte en baie uitdagend is daaroor en wat uit omstandighede kom waar hulle geleer het om te ‘fight’ vir oorlewing en daarom irriteer hulle baie keer die huisouer met ‘dit is my reg’.”*

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat dit ’n algemene gevoel van die huisouers, sowel as sekere rolspelers, is dat huisouers geen regte het nie en dat dit die uitvoering van hulle take bemoeilik. Dit het direkte implikasies vir die toepassing van dissipline in die huise, asook huisouers se houdingsingesteldheid ten opsigte van die versorging van die kinders. Die volgende response is deur deelnemers in dié verband gelewer:

> Huisouer: *“Die kind sê hy het ’n kinderreg, maar ek as huisouer het nie ’n mensereg nie.”*

> Huisouer: “*Jy het geen regte nie. Jy mag nie dissipline toepas nie. Jy mag nie inisiatief neem in hoe jy jou ouerskaprol vertolk nie.”*

> Huisouer: *“Die kinders is so bewus van hulle regte. Ons het geen regte nie. Daar word niks gedoen as die kinders nie doen wat hulle moet nie. Daar word net gepraat. Hoe beskerm die bestuur die ouers? Hulle sê ons moet ’n saak maak by die polisie. Waar is die bestuur in plek in daardie stadium? Hulle hou ’n paneel met die kind, maar die kind voel niks nie. Hy draai om en doen presies dieselfde.”*

> Rolspeler*: “Die veiligheid van huisouers moet deur bestuur aangespreek word. Hulle het niks regte nie. Alles wat hulle mag doen, word beperk. Daar is geen regte vir hulle nie en geen beskerming nie. Niks maar niks nie. Daar moet regte wees dat hulle sekere dissipline kan handhaaf. Hulle moet beskerm word. Bestuur moet weet daai huisouer kan die reg hê om op te tree. As geskenke gegee word moet huisouers se kinders ook kry, want daar begin negatiwiteit.”*

In die volgende gedeelte vind ’n bespreking van die verskillende kategorieë plaas wat spesifiek aandui waarom huisouers ervaar dat hulle nie enige regte het nie. Die kategorieë wat geïdentifiseer is sluit in: die reg om die kinders te dissiplineer, die reg om met respek behandel te word en die reg tot insae in kinders se agtergrondgeskiedenis en behandelingsplan.

- **Kategorie 1: Die reg om die kinders te dissiplineer**

Monareng (2008:47) beweer dat die Wet op Kindersorg 38 van 2005 die verhouding tussen ouers en kinders reguleer. Die Wet op Kindersorg 38 van 2005 (Staatskoerant, 1 April 2010, no. 33076, artikels 191-212 van die Wet) stel duidelike voorskrifte ten opsigte van die regte van kinders in kindersorg. Die volgende optrede deur kinderversorgers om gedragsbeheer toe te pas, word uitdruklik verbied, naamlik:

- groepstraf vir individuele gedrag;
- dreigemente van verwydering van die program;
- vernedering of spottery;
- fisiese straf;
- ontneming van basiese regte en behoeftes soos kos en klere;
- ontneming van toegang tot gesinslede of betekenisvolle ander persone;
- weiering, buite die kind se spesifieke ontwikkelingsplan, van besoeke, telefoonoproepe of korrespondensie met gesinslede en betekenisvolle ander persone;
- isolasie van diensverskaffers of ander kinders in sorg, behalwe indien dit om die kind se onmiddellike veiligheid gaan en slegs indien al die ander moontlikhede uitgeput is en dan slegs streng volgens beleid, monitering en dokumentasie;
- weerhouding in gevalle waar dit nie die kind of kinderversorger se onmiddellike veiligheid bedreig nie;
- toedeling van oefeninge of ontoepaslike take;
- oormatige beïnvloeding deur diensverskaffers aangaande hulle godsdienstige of persoonlike oortuigings, insluitend seksuele oriëntasie of kruisgeslagidentiteit;
- maatstawwe wat diskriminasie op grond van kulturele of taalkundige erfenis, geslag, ras, seksuele oriëntasie of kruisgeslagidentiteit demonstreer;
- verbale, emosionele of fisiese leed;
- straf deur ’n ander kind;
- gedragsmodifikasie soos straf of beloningstelsels of voorregtesisteme, indien dit nie as ’n behandelings- of ontwikkelingstegniek binne individuele behandeling gedokumenteer is nie.

Dit wil voorkom asof die voorskrifte wat deur die Wet op Kindersorg 38 van 2005 (Staatskoerant, 1 April 2010, no. 33076, artikels 191-212 van die Wet) daargestel is, juis bepaalde implikasies het vir die wyse waarop huisouers die kinders in hulle sorg kan dissiplineer. Huisouers voel magteloos as gevolg van die beperkings wat gestel word en volgens die deelnemers buit die kinders die situasie uit, omdat hulle deeglik bewus is van hulle regte.

Die navorser is van mening dat die regulasies wat deur die Wet op Kindersorg 38 van 2005 (Staatskoerant, 1 April 2010, no. 33076, artikels 191-212 van die Wet) daar gestel is, die basiese konsep van die huisouermodel ondermyn. Die doel van die huisouermodel is om die kinders die geleentheid te gee om binne "normale" gesinsomstandighede te funksioneer. Die kinders is egter deur 'n hofbevel in die sorg van die kinderhuis geplaas en die kinderhuis aanvaar daarom voogdyskap vir die kinders. Die gesag van die huisouers word dus direk ondermyn en hulle word nie toegelaat om hulle ouerskapsrol vrylik te vertolk nie. Dit wil voorkom asof die feit dat die regte van kinders deur die samelewing gepropageer word, die kinders in 'n manipulerende posisie plaas en aan hulle vrye teuels gee om negatiewe gedrag te openbaar.

Ten opsigte van die toepassing van dissipline het huisouers die volgende opgemerk:

> *"Jy kan nie dissipline toepas nie. Dit bly 'n bose kringloop. 'n Kind beïnvloed almal om hom negatief, maar jy mag hom nie straf nie."*

> *"Daar is 'n groot tekort aan dissipline. Party kinders steur hulle nie aan dissipline nie. Daar word so op die kind ingestel, dat die ou wat hulle probeer dissiplineer nie regtig 'n mag het nie. Reëls hou jou baie terug met dissiplinering. Ek weet die bestuur is gebonde aan nuwe wette, maar dit laat 'n mens magteloos voel. Jy mag nie eens hard met 'n kind praat nie."*

Die volgende waardevolle respons deur ’n rolspeler beklemtoon die belangrikheid van ondersteuning van bestuur aan huisouers ten opsigte van effektiewe strafmaatreëls. Die navorser maak die afleiding dat huisouers se algemene houdingsingesteldheid teenoor die bestuur en kinders sal verbeter indien hulle voel hulle menseregte en gesag as huisouer word gerespekteer.

> *“Daar moet reëls wees. Wat is ’n redelike straf vir ’n kind vandag? Die ouer het definitiewe riglyne nodig, maar dit moet in ooreenstemming met die ouer ook wees sodat die ouer nie lamgelê word nie. Daar dink ek is dit baie noodsaaklik dat die kampus, wat tog in beheer is, ’n baie duidelike ooreenkoms met die huisouer het. As ek dit nie mag doen nie, wat kan ek in ruil sit? Wat is die logiese konsekwensies vir hierdie tipe gedrag? Die kind moet baie duidelik nie in ’n manipulerende posisie geplaas word nie. Daar moet sterk genoeg logiese konsekwensies wees, wat vir die kind ’n genoeg straf is.”*

- **Kategorie 2: Reg om met respek behandel te word**

In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika word die Handves van Regte uiteengesit (Carstens & Vercueil, 2005:57). Die Handves van Regte is ’n lys van die regte waarop elke Suid-Afrikaner volgens wet geregtig is. Die Suid-Afrikaanse Konstitusie en Handves van Regte, hoofstuk 1 (www.paralegaladvice.org.za), beklemtoon dat daar vir elke reg wat ’n persoon het, ook ’n bepaalde verantwoordelikheid is. Dit word ondersteun deur Carstens en Vercueil (2005:59) wat verwys na elke persoon se verantwoordelikheid om ander mense se regte te respekteer en verdraagsaam te wees. Volgens die Nasionale Kinderregte Komitee, Suid-Afrika (2006) het kinders byvoorbeeld die reg om ernstig opgeneem te word, maar die verantwoordelikheid om na ander te luister. Hulle het die reg om liefgehê en beskerm te word, maar die verantwoordelikheid om liefde en respek aan ander te betoon. Kinders het die reg tot spesiale versorging vir spesiale behoeftes, maar die verantwoordelikheid om die beste persone te wees wat hulle kan.

Die navorser huldig die opinie dat kinders nie slegs ingelig moet wees ten opsigte van hulle regte nie, maar ook ten opsigte van hulle verantwoordelikhede. Indien kinders nie hulle verantwoordelikhede nakom nie, byvoorbeeld om na die huisouers te luister en liefde en respek teenoor hulle te betoon nie, mag hulle ook nie op sekere voorregte aanspraak maak nie, soos om televisie te kyk of aan sport deel te neem nie.

Die Wet op Kindersorg 38 van 2005 (Staatskoerant, 1April 2010, no. 33076, artikels 191-212 van die Wet) verbied enige verbale, emosionele of fisiese leed aan kinders as vorm van strafmaatreël. Die navorser ondersteun hierdie reg, maar is van mening dat dit ’n basiese mensereg is wat ook op huisouers betrekking het. Vanuit die empiriese data blyk dit dat huisouers nie op dieselfde reg aanspraak mag maak nie. Die kinders skuil agter die feit dat hulle getraumatiseerd is en gebruik dit as verskoning om enige gedrag te regverdig. ’n Rolspeler het aangedui dat huisouers deeglik daarop voorberei word dat hulle vir tien getraumatiseerde kinders moet sorg en dat ’n huisouer ’n siviele saak teen kinders aanhangig kan maak in geval van aanranding. Dit is egter, na die navorser se mening, nie bevorderlik vir die opbouing van die ouer-kind-verhouding nie en dus teenstrydig met die doel van die versorging van kinders binne satelliethuise.

Beklemtoning van kinders se regte, asook beperkings ten opsigte van wyses waarop huisouers op hulle eie regte mag aanspraak maak en hulle huishouding mag bestuur, blyk ’n negatiewe houdingsingesteldheid by huisouers te veroorsaak. Dit wil verder voorkom asof huisouers se negatiewe houdingsingesteldheid ’n nadelige effek op die kwaliteit van die versorging van die kinders, asook die ouer-kind-verhouding het. Dit word ondersteun deur Parlett (1997:22) se siening dat individue se gesondheidstoestand betekenis, gevolge en ’n rimpeleffek het op hulle lewe binne die verskillende verhoudingsisteme waarvan hulle deel vorm (verwys 3.2). Hierdie aspekte word deur die volgende response van rolspelers bevestig:

> “*Sekere kinders pas nie in die gemeenskap in nie. Hoe op aarde moet die huisouer werk indien daar een kind is wat die hele huis ontwrig en krisisse veroorsaak? Ons moet huisouers meer belangrik en spesiaal laat voel. As hulle*

*kom met 'n probleem, om onmiddellik ag te slaan op daai probleem en nie net ander kant toe te kyk nie. Jy moet onmiddellik daai probleem so vinnig as moontlik oplos. Niks van daai probleme word ooit opgelos nie; niks; ek wonder of dit 1% is partykeer; miskien 1%. Hulle probleme bly daar tot hulle weg is. Huisouers moet in beter omstandighede werk en bly. As huisouers sê: 'Sjoe, hierdie ding is stukkend', maak dit makliker vir huisouers, maak dit reg. Hoekom moet hulle soveel moeite doen met die kinders as daar niks vir hulle gedoen word nie. Huisouers begin goed, maar teen die einde raak hulle so negatief teenoor die kinders. As 'n kind geskors word uit 'n klomp skole en huisouers aanrand en vloek, moet hy mos nie in die huis wees nie. Negatiwiteit wil 'n mens nie hê by huisouers nie; jy sal dit nie hê as huisouers voel hulle word goed behandel nie."*

*"Die vergoeding wat huisouers kry is vir my absoluut belaglik. Hulle kry totaal en al te min vir dit wat ons van hulle vra. So ek dink hulle kan ook kriewelrig raak wanneer die verantwoordelikhede net altyd daar is, maar die vergoeding is nie in lyn nie. Met al hulle verantwoordelikhede moet hulle fantastiese mense wees."*

- **Kategorie 3: Reg tot insae in kinders se agtergrondgeskiedenis, asook behandelingsprogram**

Uit die empiriese studie blyk dit dat huisouers nie enige kennis dra van die kinders in hulle sorg se agtergrondgeskiedenis nie. Al die huisouers, asook gemeenskapsleiers, huldig die opinie dat die huisouers ingelig behoort te wees oor die kinders se omstandighede, ten einde hulle in staat te stel om die kinders se gedrag in die hier en nou te verstaan. Soos in 2.3.1 aangedui, word hierdie siening deur Smith (in Kendrick, 2008:201) ondersteun, wat van mening is dat 'n kind se oënskynlike wangedrag in die "hier en nou" 'n refleksie kan wees van emosies of response wat hulle oorsprong in ervarings uit die kind se verlede het en dat dit daarom nodig is dat huisouers kennis en begrip sal hê van elke kind se persoonlike agtergrond.

Kennisname van die kinders se individuele behandelingsplanne is ook ’n leemte wat die huisouers se versorgingstaak kniehalter. Kinders skakel vir terapeutiese dienste in, maar die huisouers kry geen terugvoering oor byvoorbeeld aspekte wat binne die “gesinsverband” aandag behoort te geniet nie. Volgens Guishard-Pine, McCall en Hamilton (2007:13) ervaar huisouers dikwels die hoë prioriteit wat professionele persone aan vertroulikheid gee, as geheimhouding en belemmerend vir die ouer-kind-verhouding, omdat hulle voel hulle kan slegs die kinders verstaan indien hulle weet wat die kinders vir die terapeut sê. Die terapeut behoort oor die vaardigheid te beskik om die huisouers in voeling te bring met die kinders se behoeftes, sonder om die vertrouensverhouding te skend (Guishard-Pine *et al.*, 2007:13).

Die navorser ondersteun die kinders se reg op privaatheid, asook die vertroulike hantering van terapeutiese insette. Die navorser is egter van mening dat die huisouer die reg het om in breë trekke insae te hê in die kinders se omstandighede en dat hulle, met die kinders se toestemming, kennis moet neem van kwessies wat tydens terapie aandag geniet, sodat die huisouers ook ’n meer ondersteunende rol tuis kan vertolk. Vanuit ’n Gestaltteoretiese perspektief bepaal die kinders se ervarings in hulle verlede, hoe hulle hulleself in die hier en nou organiseer (vergelyk 3.2). Die huisouers kan alleenlik die kinders se gedrag verstaan en ’n ondersteunende rol vertolk ten opsigte van die bereiking van kinders se individuele doelstellings, indien hulle insae het in die kinders se verlede, asook behandelingsplan (verwys na Crocker, 2001 soos bespreek onder 3.2). Die navorser is van mening dat, ten einde die vertroulike hantering van inligting te verseker, dit toepaslik sal wees om die huisouers ’n eed van vertroulikheid te laat aflê.

#### 4.2.2.2 *Subtema 2: Gevoelens van minderwaardigheid*

Soos in 2.4.1 deur Smith (2009:145) en Milligan en Stevens (2006:37) aangedui, het huisouers nie ’n positiewe beeld van hulleself in verhouding tot ander professies nie. Hulle het ’n tekort aan ’n gevoel van outoriteit en bevoegdheid, as gevolg van ’n gebrek aan spesifieke opleiding en waardering van hulle versorgingsrol. Rubenfield (2008:296)

beklemtoon dat onderlinge verbindings en interafhanklikheid kwaliteite is wat inherent deel van enige veld vorm. Individue neem gelyktydig aan verskillende velde deel. Sommige oorvleuel, ander is konsentries. Wat volgens Rubenfield (2008:296) belangrik is om in ag te neem, is dat verskillende velde, asook elemente van ’n veld, ’n wedersydse invloed op mekaar uitoefen (verwys 3.5). Vanuit ’n veldteorieperspektief, impliseer dit dus dat die huisouers se gevoelens van minderwaardigheid ’n direkte invloed het op hulle verhouding met die kinders in hulle sorg, asook hulle vermoë om met rolspelers in die gemeenskap kontak te maak. Soos in 3.3.1 bespreek, word kontak binne die Gestaltteorie gesien as die element wat nodig is om verandering en groei te laat plaasvind. Huisouers se gevoelens van minderwaardigheid, kan na die navorser se mening, hulle vrymoedigheid om met rolspelers in die gemeenskap kontak te maak, negatief beïnvloed en verandering en groei belemmer.

Uit die empiriese ondersoek word gevoelens van minderwaardigheid duidelik by huisouers geïdentifiseer en ook deur die deelnemers bevestig met die volgende opmerkings:

> Huisouer: “*Mense het ’n wanpersepsie van ’n huisouer. Hulle beskou die werk as minderwaardig.”*

> Huisouer*: “Sommige maatskaplike werkers sien op huisouers neer. Hulle behandel ’n mens met minderwaardigheid.”*

> Huisouer: *“Die gemeenskap is antagonisties teenoor huisouers, nie teenoor die kinders nie. Gemeenskapslede reël sommer met die kind, nie met jou as huisouer nie. Hulle dink ’n huisouer het nie ’n IK en persoonlikheid nie en kan nie met hulle kommunikeer nie. Jy is hier onder; daar is nie daai ‘upliftment’ nie.”*

> Rolspeler*: “Ek kan verstaan en insien dat huisouers minderwaardig voel of voel hulle moet net verantwoordelikhede vir sekere take aanvaar. Hulle het ook maar motivering nodig. Dit wat jy doen, doen jy goed en ons sien dit raak. Ja, ons baklei*

*oor die negatiewe goed, maar daar is ook die positiewe goed. Kyk wat het jy met hierdie kind bereik."*

Rolspeler*: "Lank terug dan kom ek by die huis, dan vra ek die huisouers wat is julle nood? Wat sê hulle vir my? 'Ons het niks waardering nie. Ons het niks ondersteuning nie. Ons is niks.' En dit maak my hartseer."*

Rolspeler*: "Ons het 'n verantwoordelikheid om huisouers te begelei. Hulle het respek, menswaardigheid, erkenning en bemagtiging nodig. Huisouers voel nie menswaardig nie; hulle word gekritiseer en kry nie erkenning nie. Hulle word nie met respek behandel nie."*

Vanuit hierdie subtema is een kategorie, naamlik huisouers voel bedreig deur bestuur, maatskaplike werkers en die betrokkenheid van vrywilligers, geïdentifiseer wat vervolgens bespreek sal word.

- **Kategorie 1: Huisouers voel bedreig deur bestuur, maatskaplike werkers en die betrokkenheid van vrywilligers**

Gevoelens van minderwaardigheid gee, na die navorser se mening, aanleiding tot die feit dat huisouers die bestuur van die kinderhuis, die maatskaplike werkers, asook die betrokkenheid van vrywilligers, as 'n bedreiging ervaar. Dit word deur die volgende response van rolspelers in die empiriese studie gestaaf:

"*Die huisouer sien die maatskaplike werker as die bedreiging wat inkom en sê iets moet anders gedoen word."*

"*Vir sommige huisma's is dit moeilik om te aanvaar dat daar iemand in die huis is. Persoonlikhede van huisma's is soms 'n probleem. Indien 'n kind byvoorbeeld 'n goeie verhouding met die vrywilliger het, maar nie met die huisma nie, kan die*

*huisma bedreig voel. Indien ’n vrywilliger te betrokke raak, ervaar die huisma dit as ’n bedreiging.”*

In ’n studie deur Berridge en Brodie (in Milligan & Stevens, 2006:75) is bevind dat huisouers se verhoudings met spesifiek maatskaplike werkers wat by die kinders in die huise betrokke is, swak is. ’n Algemene klagte deur huisouers was dat die maatskaplike werkers nie na hulle menings/opinies luister nie en nie erkenning gee vir die feit dat hulle kundiges is op die gebied van die onderlinge “gesinsverhoudinge”, persoonlikhede en daaglikse gedrag van die kinders in hulle sorg nie.

Die feit dat die huisouers die bestuur, die maatskaplike werker en vrywilligers as ’n bedreiging ervaar, kan huisouers se vermoëns om kreatief aan te pas by die voortdurende veranderende omstandighede waaraan hulle op ’n daaglikse basis blootgestel word, belemmer. Soos in 3.3.4 aangedui, omskryf Latner (1992) kreatiewe aanpassing as ’n wederkerige proses tussen individue en die veld, omdat individue die omgewing organiseer om hulle in hulle behoeftes te ondersteun en omdat die omgewing op sy beurt individue ontmoet en vorm.

Melvick en Nevis (in Woldt & Toman, 2005:103) huldig verder die mening dat individue bewustelik beskikbare hulpbronne op so ’n wyse moet rangskik dat dit in hulle huidige behoeftes voorsien (verwys 3.3.4). Huisouers se ervaring van rolspelers as ’n bedreiging, kan voorkom dat huisouers uitreik na rolspelers om in hulle behoefte aan ondersteuning te voorsien.

Dit is volgens Hicks, Gibbs, Weatherly en Byford (2007:63) die taak van ’n bestuurder van ’n kinderhuis om die personeel van waarde te laat voel en hulle te laat glo in hulle eie vermoëns en vaardighede. ’n Wyse waarop huisouers bemagtig kan word en hulle selfvertroue kan verhoog, is om hulle die geleentheid te bied om rolle en verantwoordelikhede binne die huis met die maatskaplike werker en bestuur te deel. Gedeelde rolle en verantwoordelikhede bevorder insig in huisouers se vermoëns en kommunikeer vertroue in huisouers (vergelyk Hicks *et al.*, 2007:63).

’n Algemene gevoel wat huisouers gedurende die empiriese ondersoek gekommunikeer het, is dat hulle soos ’n mislukking voel indien ’n kind negatiewe gedrag openbaar. Die huisouers ervaar die kinders se mislukkings as ’n refleksie op hulle bevoegdheid as ouers. Indien die kinders se gedrag of prestasies nie op standaard is nie, voel hulle hulle het die kinders as ouers gefaal. Dit is die navorser se mening dat hierdie aspek waarskynlik bydra tot die huisouers se algemene gevoel van minderwaardigheid.

#### *4.2.2.3 Subtema 3: Tyd*

Soos reeds in 2.3 aangedui, is Kahan (1994:93) van mening dat dit die siening van die algemene publiek is dat die enigste taak van huisouers is om die daaglikse versorging van die kinders in die huis te behartig. Smith (2009:82) beklemtoon egter dat ’n kernaspek om in gedagte te hou in terme van die huisouer se rol en take is dat hulle 24 uur van die dag vir die kinders beskikbaar moet wees en aandag moet gee aan en betrokke moet wees by die daaglikse lewe van die kinders in die huis. Dit word ondersteun deur die volgende opmerkings van deelnemers:

> Rolspeler: *“Die tyd wat huisouers aan diens is is ’n baie lang dag. Hulle moet 24 uur beskikbaar wees vir 10 kinders. Hulle is voltyds aan diens.”*

> Rolspeler: *“Die fisiese tyd om alles te doen maak dit vir die huisouer moeilik. Ek dink dit is ’n geweldige druk op die huisma.”*

> Huisouer: *“Ek het so min tyd hierso. Jy moet vergaderings bywoon; aankope doen; kinders vervoer; help met huiswerk; kos maak; ek is saans besig met die kinders. Ek kom eers woonstel toe as ligte uit is en die kinders rustig is. Dit is ’n baie lang dag. Tyd maak dit moeilik om my take uit te voer.”*

In 2.3.6 identifiseer Whitaker *et al.* (1998:81) die opeenhoping van take as ’n stressor wat huisouers ervaar. Huisouers is verantwoordelik vir die bestuur van ’n huishouding en die versorging van tien kinders, maar het ook addisionele verpligtinge soos

administrasie, vergaderings by die hoofkampus van die kinderhuis, bywoning van opleidingsgeleenthede en inskakeling by komitees. Die afleiding wat die navorser uit die empiriese data maak, is dat die huisouers die versorging van die kinders moet behartig, maar dat hulle ook as werknemers verantwoording moet doen aan die bestuur van die kinderhuis oor die kinders se daaglikse funksionering, asook huishoudelike sake. Die onvoorspelbaarheid van die kinders se gedrag en die hantering van onvoorsiene gebeure, maak dit vir die huisouers onmoontlik om effektief te beplan wanneer om watter take uit te voer. Verskillende kategorieë is geïdentifiseer van take van huisouers wat baie tydrowend is en word in die volgende afdeling bespreek. Dit sluit die volgende in, naamlik: die vervoer van die kinders, die kontrolering van tien kinders se huiswerk en die administratiewe vereistes wat gestel word. Hierdie aspekte veroorsaak dat die huisouers se tyd om aan hulle eie gesin aandag te gee, beperk is.

- **Kategorie 1: Vervoer van kinders**

Die tien kinders in die huisouer se sorg skakel by verskillende skole in en vereis dat die huisouer kinders by verskillende skole moet oplaai en aflaai. Elke skool het ook verskillende buitemuurse aktiwiteite waarheen die kinders vervoer moet word. Die deelnemers aan die empiriese studie se algemene gevoel was dat dit bykans onmoontlik is om van huisouers te verwag om die kinders se vervoer alleen te behartig. Al die deelnemers het aangedui dat hulp met die vervoer van kinders die huisouers se taak aansienlik sal vergemaklik en dat dit aan huisouers die geleentheid sal gee om op hulle ander take te fokus. Die gemeenskapsleiers was meer as gewillig om die huisouers in die uitvoering van hierdie taak te ondersteun. Een rolspeler se voorstel in hierdie verband was die volgende: "… *werk 'n vervoerrooster uit en ons sal mense kry om te help met rybeurte."*

Die Wet op Kindersorg 38 van 2005 (Staatskoerant, 1 April 2010, no. 33076) het bepaalde veiligheidsmaatreëls ingestel met betrekking tot die vervoer van kinders in kinderhuise. Dit sluit onder andere in dat die persone wat die kinders vervoer, geregistreer is, voldoende opgelei is en in die besit is van 'n openbare vervoer-lisensie.

Tydens die empiriese studie, het die navorser die kwessie van die vervoer van kinders deur vrywilligers geëksploreer. Dit blyk dat die bestuur van die kinderhuis verantwoordelikheid vir die kinders aanvaar, ongeag die feit dat vrywilligers die kinders vervoer. Die bestuur van die kinderhuis gee toestemming dat vrywilligers die kinders vervoer en in die geval van ’n motorongeluk, aanvaar hulle steeds verantwoordelikheid vir die kinders. Vrywilligers sal dus nie aanspreeklik gehou word indien die kinders in ’n motorongeluk beseer word nie.

- **Kategorie 2: Kontrolering van huiswerk**

Uit die empiriese studie kon die navorser aflei dat die kontrolering van die kinders se huiswerk ’n sensitiewe aangeleentheid tussen die huisouers en rolspelers is wat al onenigheid tussen huisouers en rolspelers veroorsaak het. Die huisouers is van mening dat dit nie moontlik is om tien kinders se huiswerk te kontroleer nie en voel onbevoeg om die kinders met hulle huiswerk te help. Die rolspelers ondersteun die feit dat huisouers hulp nodig het, veral in die geval van kinders wat met sekere vakke sukkel. Die rolspelers is egter van mening dat die kontrolering van die kinders se huiswerk die huisouers se verantwoordelikheid is en is verder van mening dat dit ook verseker dat huisouers kwaliteit tyd met die kinders spandeer. Een van die rolspelers het die volgende in dié verband opgemerk:

> “*Die huisma is verantwoordelik vir die kinders; sy moet ‘on top’ wees van die kinders se aktiwiteite. As sy sien die kind se huiswerk is ook nie gister gedoen nie, kan sy vir hom sê: ‘Kom ons kyk wat gaan aan, voor dit ’n probleem raak’.”*

Alhoewel rolspelers aangedui het dat professionele persone gekry kan word om die kinders met huiswerk te help, selfs teen ’n vergoeding, bly hulle van mening dat die huisouers egter steeds fisies betrokke moet wees. Een van die rolspelers het spesifiek in dié verband opgemerk:

*“Kontrakteer met ’n persoon. Ons betaal jou vir spesifieke ure en jy gee ons jou tyd en expertise. Maar die huisma moet ook betrokke wees, selfs al is dit net om kinders te leer hoe om te leer*.*”*

Kendrick (2008:21) is van mening dat kinders in kinderhuise akademies swak presteer as gevolg van hulle sosiale agtergrond en ook onstabiliteit met betrekking tot plasings. Sosiale deprivasie en trauma het ’n negatiewe effek op kinders se skoolprestasies. Die navorser maak die afleiding dat die kinders, ongeag hulle intellektuele vermoëns, moeilik akademies kan presteer as gevolg van die feit dat hulle getraumatiseerd is en dikwels op ’n vroeë ouderdom ontneem is van enige fisiese, emosionele en intellektuele stimulering. Die navorser ondersteun dus professionele hulp aan die kinders met huiswerk. Huisouers is nie noodwendig voldoende gekwalifiseer om die kinders met hulle huiswerk te help nie.

Kendrick (2008:29) het ’n praktiese strategie ontwikkel wat daarop gerig is om kinders in kinderhuise te ondersteun wat positiewe onderrigresultate kan bevorder. Aspekte wat, na die navorser se mening, op die huisouers betrekking het, is om belang te stel in die kinders se skoolwerk, om aan hulle erkenning te gee vir enige akademiese vordering, om te verseker dat hulle ’n gemaklike werksoppervlak het, om betrokke te raak by hulle individuele belangstellings en om oueraande by die skool by te woon.

- **Kategorie 3: Administratiewe take**

Uit die empiriese studie het dit geblyk dat huisouers baie administratiewe take het waarvoor hulle verantwoordelik is. Een van die rolspelers het opgemerk dat die administratiewe take noodsaaklik is en net ’n roetine is. Die algemene gevoel van die huisouers en sommige rolspelers is egter dat die administratiewe take te veel is en die huisouers se primêre versorgingsrol bemoeilik. Deelnemers het die volgende opmerkings oor die administratiewe take gemaak:

> Rolspeler: "*Die administratiewe take is absoluut verlammend. Huisouers moet verantwoording doen van alles.*"

> Rolspeler: "*Die administratiewe take is gek; dis nie haalbaar nie; dit kan nie werk nie. Dit beïnvloed die huisouer se houdingsingesteldheid negatief. Die vraag wat ek moet vra is: 'Is ek realisties in hierdie papierverwagting?'*"

> Huisouer: "*'n Mens moet alles neerskryf. Dit is net administrasie, administrasie en nogmaals administrasie!*"

Tydens die empiriese ondersoek het die navorser waargeneem dat die administratiewe take wat van die huisouers verwag word, 'n algemene gevoel van moedeloosheid en frustrasie by huisouers, sowel as sommige rolspelers, skep. Dit versterk ook die huisouers se persepsie dat die bestuur hulle nie vertrou in die uitvoering van eenvoudige, alledaagse take nie.

- **Kategorie 4: Verantwoordelikheid teenoor eie gesin**

In 2.3.6 identifiseer Sinclair en Gibbs (1998:144) werksure en die effek wat die werk op huisouers se familie en sosiale lewe het, as 'n stressor wat huisouers ervaar. Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat huisouers se verantwoordelikheid teenoor hulle eie gesin 'n baie sensitiewe kwessie is. Huisouers voel hulle eie kinders word afgeskeep en die kinderhuiskinders se behoeftes geniet altyd voorkeur. Die rolspelers betrokke by die studie se algemene gevoel is dat huisouers se gesins- en familielede veroorsaak dat huisouers se aandag verdeeld is en dat dit hulle tyd om hulle take uit te voer, in beslag neem. Die navorser is van mening dat hierdie kwessie direk verband hou met die regte van huisouers wat reeds in 4.2.2.1 bespreek is. 'n Huisouer het spesifiek opgemerk dat een van die vereistes vir die betrekking as huisouer is dat dit verkieslik 'n getroude paar moet wees wat self ouers is. Indien dit 'n vereiste is, kan die vraag gestel word, watter voorsiening daar vir huisouers gemaak word om in hulle eie kinders se fisiese en emosionele behoeftes te voorsien.

*4.2.2.4 Subtema 4: Keuring van kinders vir satelliethuise*

’n Verdere faktor wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik, is die tipe kinders wat in die satelliethuise geplaas word. Die navorser het uit insette van sekere rolspelers die afleiding gemaak dat die kinders wat in satelliethuise geplaas word, kinders is wat reeds die trauma in hulle lewe in ’n redelike mate verwerk het en wat oor die algemeen goeie gedrag handhaaf. Dit is egter vanuit die empiriese data nie die algemene siening van die huisouers en sommige rolspelers nie. Die volgende response is deur deelnemers in dié verband gelewer:

> Huisouer: *“Die keuring van kinders in satelliethuise moet baie versigtiger wees. Van die kinders met ’n kriminele agtergrond word saam met onskuldige kinders in ’n satelliethuis geplaas.”*

> Rolspeler*: “Kinders in spesiale skole moet nie hier wees nie. Sommige kinders is onopvoedbaar. Daar is verskriklike stout kinders daar. Hulle moet weggeneem word. Daar is boelies in die huis. Die kinders word meer getraumatiseer in die huis as in hulle verlede.”*

Aangesien die profiel van die kind in ’n satelliethuis redelik in die besprekings na vore gekom het, is dit as ’n kategorie geïdentifiseer wat op die keuring van kinders in satelliethuise betrekking het. Dit word vervolgens bespreek en deur insette van deelnemers ondersteun.

- **Kategorie 1: Profiel van kind in satelliethuis**

Vanuit die empiriese data wil dit voorkom asof die huisouers en sommige rolspelers van mening is dat die kind wat in ’n satelliethuis geplaas word, ’n tipe keuringsproses moet deurloop. Die motivering hiervoor is dat hierdie kinders as gevolg van die funksie en doel van satelliethuise, binne die gemeenskap waar die satelliethuis geleë is, moet kan

funksioneer (verwys 2.2). Een rolspeler het in hierdie verband opgemerk "… *dat dit vir kinders 'n eer moet wees om in 'n satelliethuis geplaas te word, soos in 'n privaatskool*".

Die algemene gevoel vir van die rolspelers is dat die opname van kinders in die gemeenskap deel vorm van die suksesresep van die kinders in satelliethuise. Een rolspeler het daarom opgemerk dat dit belangrik is om eerstens seker te maak of 'n betrokke kind gereed is om in 'n satelliethuis geplaas te word en of die kind se profiel reg is, en: *"Gaan die gemeenskap die kind kan deurdra?"*

Die navorser het die volgende kriteria waaraan die kinders in satelliethuise moet voldoen, op grond van die deelnemers se insette geïdentifiseer, naamlik:

- Die kinders moet jonk wees. 'n Rolspeler het die volgende opmerking gemaak: *"Hoe jonger die kind, hoe makliker kan jy hom inskakel. Die gemeenskap leer die kind ken en kan met hom 'n verhouding opbou. Dit werk."*
- Die kinders moet oor die vermoë beskik om by 'n hoofstroom skool in te skakel. Die ideaal waarna gestreef word met die plasing van kinders in satelliethuise, is om die kinders by die omliggende skole in te skakel sodat hulle makliker deur die gemeenskap opgeneem kan word. Skole vir spesiale onderrig word nie in die gemeenskappe waar die satelliethuise geleë is, aangetref nie. Indien 'n kind spesiale onderrig benodig, impliseer dit dat hy/sy nie by 'n skool in die gemeenskap kan inskakel nie en dus nie die geleentheid kry om regtig deel te wees van die gemeenskap nie. In so 'n geval is die plasing van 'n kind in 'n satelliethuis, volgens een rolspeler, sinneloos. Die betrokke rolspeler het in dié verband die volgende opmerking gemaak: *"Die kritiese ding is die vermoë van die kind. As die kind na 'n spesiale skool toe moet gaan, kan hy net sowel vanaf die hoofkampus skool gaan."*
- Die optrede en maniere van die kinders moet aanvaarbaar binne die gemeenskap wees. Hierdie stelling word deur die volgende siening van een van die rolspelers, gestaaf: *"Die kinders moet gehoorsaam en welopgevoed wees. Satelliethuise moet net beskikbaar wees vir kinders wat wees is of verwaarloos is. Dit moet kinders wees wat nie negatiewe blootstelling gehad het nie."*

- Die kinders moet gemotiveerd wees om bo hulle omstandighede uit te styg. ’n Huisouer het opgemerk dat sommige kinders gewillig is om te groei en te ontwikkel, maar dat dit nie met al die kinders die geval is nie. Hierdie huisouer het onder meer opgemerk: *“Dit is nie almal wat hulle laat beïnvloed om te verbeter nie.”*

Die navorser is van mening dat dit belangrik is om in ag te neem dat die huisouers en kinders dieselfde lewensruimte deel en binne die konteks van ’n “gesinstipe” omgewing funksioneer. Hulle vorm dus deel van dieselfde veld. Volgens Yontef (in Woldt & Toman, 2005:85) is die elemente van die veld onderling afhanklik en ondergeskik aan die geheel. Alhoewel individue in ’n sekere sin apart funksioneer, is hulle altyd afhanklik van mekaar en van die geheel. Enige gedrag van ’n kind, het dus ’n effek op die gedrag van die huisouers en ook die ander kinders in die huis. Indien ’n kind met ernstige gedragsprobleme in die huis geplaas word, kan dit die res van die huis ontwrig. Daar is reeds in 2.5 deur Smith (2009:83) en Kendrick (2008:202) aangedui dat die huisouers en kinders in die huis gesamentlik die atmosfeer in die huis bepaal, asook die kinders se ervaring van die plasing. Indien die keuring van kinders vir satelliethuise nie volgens bepaalde kriteria geskied nie, kan dit die suksesfaktor van die plasing van kinders in satelliethuise, negatief beïnvloed.

Ter afsluiting van die bespreking van hierdie tema wil die navorser saamstem met Little en Burkhalter (2008:1) wat daarna verwys dat ouerskap waarskynlik dié belangrikste verantwoordelikheid is wat ’n mens kan hê; ’n verantwoordelikheid wat ’n persoon neem na ’n wêreld van die onbekende, verandering, onvoorspelbaarheid en ’n voortdurende leerproses. Little en Burkhalter (2008:1) beweer dat om ’n ouer te wees uitdagings impliseer wat selfs die slimste en knapste persoon in ’n toestand van angs en onsekerheid kan dompel. Ouers in die algemeen probeer om hulle taak as ouers na die beste van hulle vermoë uit te voer, maar die kombinasie van verskillende persoonlikhede en omstandighede kan van tyd tot tyd veroorsaak dat ouers hulle eie vermoëns en ook gesondheid van verstand bevraagteken. Tesame met die uitdagings van ouerskap, word biologiese ouers ook met hulle eie persoonlike uitdagings, soos

huweliks-, finansiële of gesondheidsprobleme gekonfronteer. Addisioneel tot daaglikse uitdagings, word daar van ouers verwag om altyd kalm, wys en in beheer op te tree.

Die navorser is van mening dat, indien dit vir biologiese ouers van byvoorbeeld twee kinders so moeilik is om hulle ouerskapsrol te vertolk, dit dus bykans ’n onmoontlike taak is om ouer te wees vir tien getraumatiseerde kinders met verskillende agtergronde en in verskillende ontwikkelingsfases. Een huisouer het spesifiek opgemerk dat die basiese pligte van ’n huisouer maklik is as daar ’n roetine is, maar dat dit die emosionele eise is wat daagliks aan ’n huisouer gestel word, wat die huisouer fisies en emosioneel dreineer. Die huisouer het die volgende opgemerk:

> *“Jy moet vir hulle gebalanseerde kos gee, die kinders vervoer, sorg dat hulle skool toe gaan. Maar dit is baie meer ingewikkeld as dit. Die emosionele sy van die werk is die ergste. Jy is ’n vreemde mens wat skielik vir hulle voorskryf wat om te doen. Nie een van die kinders staan dieselfde op elke oggend nie. Nie een dag is dieselfde nie. Jy moet maar doen wat die beste is vir die kind. Elke ding wat jy vir die kinders doen, moet jy verduidelik hoekom jy dit doen. Jy moet sensitief wees vir die kinders se verskillende persoonlikhede en gedrag. Jy moet weet hoe werk ’n kind se kop, anders kan jy nie die werk doen nie.”*

**TABEL 4.3: Uiteensetting van hooftema 3, subtemas en kategorieë**

| **HOOFTEMA 3** | **SUBTEMAS** | **KATEGORIEË** |
|---|---|---|
| Faktore wat die uitvoering van huisouers se take sal vergemaklik | • Ondersteuning | ➢ Emosionele ondersteuning<br>➢ Fisiese ondersteuning |
| | • Positiewe verhoudings | ➢ Verhouding met gemeenskapslede<br>➢ Verhouding met maatskaplike werkers en bestuur |
| | • Opleiding | ➢ Relevante kwessies waarmee huisouers daagliks gekonfronteer word<br>➢ Praktiese implementering van opleidingsessies |

### 4.2.3 Hooftema 3: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take sal vergemaklik

Al die deelnemers aan die studie is van mening dat huisouers ondersteuning nodig het om hulle in staat te stel om hulle veelvuldige take uit te voer. Een van die rolspelers se opinie was soos volg: *"Daar's groot leemtes en groot behoeftes. As daar mense inkom om te help kan dit 'n groot verligting bring vir huisma's."* Faktore wat geïdentifiseer is om huisouers se take te vergemaklik is fisiese en emosionele ondersteuning, positiewe verhoudings met die maatskaplike werkers en bestuur van die kinderhuis, asook voldoende opleiding om kwessies waarmee huisouers daagliks gekonfronteer word, te hanteer. Dit word ondersteun deur Maier (in Kahan, 1994:92) wat argumenteer dat huisouers slegs vir kinders kan sorg indien hulle ondersteun word, verseker is van hulle eie fisiese gemak en persoonlike ruimte en van deeglike bronne voorsien word om hulle take uit te voer. Die kommunikasie tussen die huisouers en bestuur van die organisasie moet ook volgens Maier goed genoeg wees dat huisouers die vrymoedigheid kan hê om vir die bestuur te sê wanneer hulle voel hulle nie die nodige ondersteuning kry om hulle take uit te voer nie.

#### *4.2.3.1 Subtema 1: Ondersteuning*

Kendrick (2008:41) beklemtoon die waarde daarvan om ondersteuning aan huisouers te bied, ten einde a) hulle begrip van die kinders in hulle sorg se emosionele en psigologiese behoeftes te bevorder en b) om ook strategieë te ontwikkel ten einde die kinders se behoeftes meer effektief te kan hanteer. Al die deelnemers aan die empiriese studie was dit egter eens dat die huisouers nie hulle take effektief kan uitvoer sonder die nodige ondersteuning nie.

- **Kategorie 1: Emosionele ondersteuning**

Volgens Neal en Wagner (2004) het navorsing bevind dat 'n versorgingsrol risikofaktore insluit wat tot depressie, gevoelens van buitengewone spanning en uitputting en

gesondheidsprobleme aanleiding kan gee. Uit die empiriese studie het dit geblyk dat die emosionele eise wat aan huisouers gestel word, buitengewoon hoog is en dat hulle ’n behoefte het aan emosionele ondersteuning. ’n Huisouer het die volgende opmerking gemaak:

> *“’n Mens kan baie vermag indien jy emosioneel sterk is. Hierdie kinders takel jou emosioneel so af dat jy kans sien vir niks nie en dan raak alles te veel.”*

’n Rolspeler het die volgende respons gelewer wat dui op die gebrek aan emosionele ondersteuning:

> *“Die huisouers het nie die vermoë om met die kinders se emosionele issues saam te leef nie. As dit goed gaan is dit ‘fine’; wanneer daar ’n krisis is, is dit ’n nagmerrie. Dan is die ondersteuning nie daar nie.”*

Uit gesprekke met deelnemers kon die navorser aflei dat die bestuur van die kinderhuis ’n assistent-bestuurder aangestel het om die huisouers emosioneel te ondersteun. Die algemene gevoel van huisouers is egter dat hulle niemand kan vertrou nie, wat dit daarom vir hulle moeilik maak om hulle frustrasies te deel. Vanuit die empiriese data blyk dit egter of sommige rolspelers betrokke by die satelliethuise gewillig is om vir terapiesessies te betaal om aan huisouers die geleentheid te gee om teenoor ’n onafhanklike persoon te ontlaai.

Die feit dat huisouers fisies inwoon by die satelliethuise, stel ook emosionele eise aan die huisouers. Deelnemers het die volgende in dié verband opgemerk:

> Huisouer: *“’n Mens skakel nie af as die kinders nog heeltyd om jou is nie. ’n Mens het ’n plekkie nodig, weg van die huis, waarheen jy kan vlug.”*

> Rolspeler: *“Daar word voltyds op huisouers beslag gelê. Die afskakel ding is moeilik.”*

Die navorser kon vanuit die empiriese data aflei dat daar ’n bepaalde bewustheid is ten opsigte van huisouers se nood om weg te breek en om net emosioneel te herlaai. Die volgende opmerking van ’n rolspeler dui aan dat hierdie aangeleentheid aandag geniet:

> *“Ons is besig met ’n ernstige ondersoek na die moontlikheid van ’n ‘retreat’ waar ouers alleen kan wees om hulle batterye te laai. Daar word ook beplan om huisouers meer in te skakel by openbare geleenthede soos byvoorbeeld teateropvoerings.”*

Soos reeds in 4.2.2.1, kategorie 2 bespreek, hang gesonde funksionering volgens Parlett (1997:25) af van ’n individu se vermoë om kreatief aan te pas by veranderende omstandighede. ’n Voorvereiste vir kreatiewe aanpassing is egter bewustheid. Fernbacher (in Woldt & Toman, 2005:121) omskryf bewustheid as die wyse waarop individue hulleself en hulle behoeftes ken en verstaan, asook hoe individue hulle veld organiseer en betekenis aan ervarings heg (verwys 3.4).

Uit gesprekvoering met sommige rolspelers, kon die navorser aflei dat huisouers nie altyd bewus is van hulle onvermoë om emosionele krisisse in die huis te hanteer nie. Dit kan dus meebring dat huisouers nie in staat is om uit situasies te leer, gedrag te verander wat nie werk nie, kreatief te wees en met nuwe gedrag te eksperimenteer nie (verwys 3.4).

Huisouers se persepsie van sommige rolspelers, naamlik dat hulle nie vertrou kan word nie, veroorsaak ook dat huisouers nie beskikbare bronne in hulle omgewing benut om hulle behoefte aan ondersteuning te bevredig nie. Bewustheid van rolspelers ten opsigte van huisouers se nood om weg te breek en emosioneel te herlaai is, volgens die navorser, alleen nie voldoende om huisouers se behoefte aan emosionele ondersteuning te bevredig nie. Huisouers sal ook hulle persepsie van beskikbare bronne in hulle omgewing positief moet verander, ten einde huisouers in staat te stel om die bronne te benut om in hulle behoeftes te voorsien.

- **Kategorie 2: Fisiese ondersteuning**

Huisouers het aangedui dat hulle nie net ’n behoefte aan emosionele ondersteuning het nie, maar ook aan fisiese ondersteuning wat onder meer die vervoer van kinders insluit, asook hulp met die huiswerk van die kinders. ’n Rolspeler het voorgestel dat die huisouers ’n behoeftelys opstel en dat die gemeenskapsleiers dan mense in die gemeenskap identifiseer om te help waar nodig. Dit sal ook sinvol wees indien ’n paar mense in die gemeenskap hulleself beskikbaar kan stel om, in geval van ’n krisis, toesig te hou by die huis. Huisouers is verder van mening dat hulp vanaf skole ten opsigte van kontrole oor kinders se klasbywoning, asook bywoning van ekstra klasse na skool, baie waardevol sal wees. Die algemene gevoel van die meeste van die rolspelers is dat hulle enigiets in hulle vermoë sal doen om die huisouers in die uitvoering van hulle take te help. Die behoefte van huisouers aan fisiese ondersteuning word deur Kahan (1994:312) beklemtoon. Hy moedig rolspelers aan om addisionele bronne in die vorm van tyd, verhoudings, vaardighede, materiële bates en selfs geld te voorsien (verwys 2.4).

*4.2.3.2 Subtema 2: Positiewe verhoudings*

Soos in 2.4.1 uiteengesit, beklemtoon Berridge en Brodie (1988:105) dat die effektiewe versorging van kinders in ’n kinderhuis afhanklik is van positiewe verhoudings met ander professionele persone. Die komplekse agtergrond en reeks probleme wat kinders in ’n kinderhuis ervaar, maak onderlinge samewerking tussen betrokke rolspelers noodsaaklik.

- **Kategorie 1: Verhoudings met gemeenskapslede**

Die veldteorie in Gestaltteorie fokus op verhoudings tussen elemente van die veld en die wyse waarop kontakmaking geskied (verwys 3.3). Soos in 3.3.1 aangedui, beskou Bernhardtson (2008:165) kontak as ’n wisselwerking tussen die innerlike self (behoeftes en wense) en die uiterlike self (kontak met die omliggende omgewing). Binne die

konteks van hierdie studie beteken dit dat huisouers se vermoë om hulle behoefte aan ondersteuning van rolspelers te bevredig, direk verband hou met die wyse waarop hulle met rolspelers in die omgewing kontak maak.

Uit die empiriese studie blyk dit dat die huisouers oor die algemeen positiewe verhoudings met die gemeenskapsleiers en skole handhaaf en dat die gemeenskapskomitee primêr verantwoordelik is vir die ontginning van bronne en dienste aan die kinders in die satelliethuise. Die navorser is van mening dat die gemeenskapskomitee en skole se positiewe houdingsingesteldheid kontakmaking, asook kreatiewe aanpassing, bevorder. Uit die meeste van die response kon die navorser aflei dat huisouers die vrymoedigheid het om die gemeenskapskomitee en skole te nader om in hulle behoeftes te voorsien.

- **Kategorie 2: Verhoudings met die maatskaplike werkers en bestuur**

Die algemene gevoel van die huisouers en gemeenskapsleiers is dat daar geen verhouding tussen die huisouers en die bestuur van die kinderhuis is nie en dit wil voorkom asof ’n gebrek aan kommunikasie en vertroue hiervoor verantwoordelik is. Uit gesprekke met van die rolspelers het dit geblyk dat daar ’n behoefte is aan meer persoonlike verhoudings met die huisouers. Rolspelers het die volgende opmerkings hieroor gemaak:

> *“My behoefte is om saam met huisma’s te sit en te hoor of hulle okei is. Om ’n bietjie te gaan sit en’n huisma die geleentheid te gee om uit die huis te kom.”*

> *“Ek sou graag ’n sterker persoonlike verhouding met die huisouers wil hê sodat hulle my regtig kan vertrou; sodat huisouers ten opsigte van hulle persoonlike trauma beter ondersteun kan word.”*

Uit die empiriese studie kom dit voor asof die gemeenskapskomitee die enigste direkte skakel tussen die huisouers en die bestuur van die kinderhuis is. Die navorser maak

dus die afleiding dat die struktuur van die kinderhuis nie regtig voorsiening maak vir die opbouing en instandhouding van persoonlike verhoudings tussen die huisouers en die bestuur van die kinderhuis nie. Die feit dat daar nie enige verhouding tussen die bestuur en huisouers bestaan nie, gee aanleiding tot huisouers se gevoelens van minderwaardigheid, hulle ervaring van die bestuur as ’n bedreiging, asook gebrekkige vertroue in enigeen wat met die bestuur skakel. Dit het ’n direkte effek op huisouers se gedrag teenoor die kinders in hulle sorg, maar ook op die kinders se gedrag en moontlike uitbuiting van die situasie. ’n Rolspeler se opinie oor die verhoudings tussen die huisouers, maatskaplike werkers en bestuur was die volgende:

> *“Die kinders is nie stupid nie. As die ouers issues het, tel hulle dit op. Die geleenthede vir die kinders om te manipuleer is soveel groter omdat die professionele verhoudings nie in plek is nie”.*

#### *4.2.3.3 Subtema 3: Opleiding*

Guishard-Pine *et al.* (2007:40) is van mening dat opleiding ’n huisouer kan voorberei op sekere gebeurlikhede, maar dat die eintlike opleiding van huisouers plaasvind in die verhouding tot die kinders self. ’n Huisouer het die volgende opmerking gemaak, naamlik: *“Ek leer uit elke situasie. Ek leer by die kinders baie; ek leer by opleiding; ek leer van die lewe.”* Kahan (1994:256) ondersteun hierdie uitgangspunt en beklemtoon dat die versorging van kinders in groepe ’n deurlopende leerproses is. ’n Ander belangrike aspek wat Kahan (1994:256) uitlig is die feit dat huisouers nie die vroeër ervarings van die kinders se kleintyd met hulle gedeel het nie en hierdie tipe inligting is nodig om die ontwikkelende individue te verstaan, asook wedersydse respek aan te moedig. Huisouers word gekonfronteer met kinders wat reeds gevormde persoonlikhede het, waarvan sommige ernstig getraumatiseerd is en wat gedrag openbaar wat enige ervare ouer se vaardighede sal uitput. Kahan (1994:256) is voorts van mening dat daar ’n deurlopende klimaat van leer binne die werkplek moet wees waar vrae, besprekings en leergeleenthede aangemoedig moet word.

- **Kategorie 1: Relevante kwessies waarmee huisouers daagliks gekonfronteer word**

Huisouers is van mening dat hulle sou kon baatvind by opleidingsessies wat spesifiek fokus op kwessies waarmee hulle daagliks in die praktyk gekonfronteer word, byvoorbeeld hoe om ’n kind met ’n spesifieke gedragsprobleem te hanteer en te dissiplineer; watter praktiese riglyne om te implementeer wanneer ’n kind uitreageer, ensomeer. Die navorser maak die afleiding dat daar ’n groot behoefte aan indiensopleiding is en aan ’n noodlyn wat die huisouers kan skakel indien hulle nie weet hoe om ’n spesifieke situasie te hanteer nie. Dit word ondersteun deur die volgende opmerking van ’n rolspeler, naamlik: *“Daar is niemand wanneer daar ’n krisis is om die huisouers by te staan nie. Daar’s geen praktiese riglyne vir die ouers nie; dit bestaan nie.”*

- **Kategorie 2: Praktiese implementering van opleidingsessies**

Een van die rolspelers het die volgende opgemerk: *“Die huisouers word opgelei, maar daar is geen toets van uitkoms nie. As ek ’n huisma leer hoe om ’n ‘budget’ uit te werk, moet ek dit saam met haar deurwerk en haar begelei tot ek weet sy kan”*. Die navorser lei af dat dit nie net belangrik is om die huisouer van die nodige kennis te voorsien nie, maar dat daar geleenthede geskep moet word waartydens die huisouers die verworwe kennis kan inoefen. Indien huisouers se vaardighede in die hantering van praktiese situasies verbeter, sal dit hulle bemagtig en in staat stel om hulle take met meer selfvertroue uit te voer.

## 4.3 SAMEVATTING

Inligting wat tydens semi-gestruktureerde onderhoude ingevorder is, het bevestig dat al die rolspelers betrokke by satelliethuise, bewus is van die veeleisende taak wat huisouers het om vir tien getraumatiseerde kinders te sorg. Rolverwarring ten opsigte van die rolspelers wat by satelliethuise betrokke is, kom voor. Hierdie aspek het ’n

nadelige invloed op die effektiwiteit waarmee huisouers hulle take uitvoer, aangesien huisouers onseker voel oor wat presies van hulle verwag word in terme van hulle versorgingsrol. Huisouers het ’n behoefte om ware ouers vir die kinders te wees, waar die rolspelers die opinie huldig dat huisouers in ag moet neem dat hulle nie die kinders se biologiese ouers is nie en steeds ’n mate van professionaliteit moet handhaaf.

Die kinders se bewustheid van hulle regte bemoeilik die huisouers se versorgingstaak, omdat kinders voortdurend op hulle regte aanspraak maak en die huisouers deur die Wet op Kindersorg 38 van 2005 beperk word in terme van die toepassing van strafmaatreëls. Die huisouers ervaar oor die algemeen dat die kinders se regte voorkeur geniet en dat hulle nie aanspraak mag maak op basiese menseregte nie. Hierdie siening word deur die gemeenskapsleiers ondersteun. Keuring van kinders vir satelliethuise moet aandag geniet, omdat die algemene gevoel van die meeste deelnemers is dat kinders met erge gedragsprobleme in die satelliethuise geplaas word. Die kinders ondervind probleme om by die gemeenskap, veral omliggende skole, in te skakel en die huisouers en ander kinders word deur ’n spesifieke kind se gedrag getraumatiseer. Boeliegedrag en verbale en fisiese mishandeling kom voor. Van die rolspelers is van mening dat die veiligheid van die huisouers bedreig word.

Huisouers se verhoudings met die gemeenskapsleiers is oor die algemeen positief en huisouers het vrymoedigheid om hulle te kontak in geval van nood. Die algemene terugvoering van die gemeenskapsleiers is dat hulle meer as gewillig is om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun. Die huisouers se verhouding met die maatskaplike werkers en bestuur van die kinderhuis is stresvol en lewer ’n bydraende faktor tot huisouers se gevoelens van minderwaardigheid. Stresvolle verhoudings veroorsaak ook dat huisouers nie die bestuur se pogings om hulle emosioneel te ondersteun benut nie, omdat die vertrouensverhouding nie daar is nie.

In hoofstuk 5 bespreek die navorser die gevolgtrekkings en aanbevelings wat na aanleiding van die empiriese studie gemaak kan word.

# HOOFSTUK VYF: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Die navorser het in hierdie verkennende studie bepaal watter bydrae kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun. In hoofstuk vier is verslag gedoen oor die empiriese gegewens van die studie. In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die bereiking van die doelstelling en doelwitte van die studie. Gevolgtrekkings vanuit die navorsingsresultate sal weergegee word, waarna bepaalde aanbevelings gemaak sal word aan spesifiek die bestuur van die kinderhuis, asook gemeenskapsleiers betrokke by die satelliethuise.

## 5.2 NAVORSINGSVRAAG

Die navorser het van verkennende navorsing gebruik gemaak en ’n kwalitatiewe studie is dienooreenkomstig uitgevoer. Die volgende navorsingsvraag is voor die aanvang van die studie geformuleer, naamlik: **Watter bydrae kan kernrolspelers lewer om huisouers binne die huisouermodel van ’n kinderhuis in die uitvoering van hulle take te ondersteun?**

Die navorsingsvraag is beantwoord, aangesien die resultate van die empiriese data aangedui het wat kernrolspelers kan doen om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun. Vervolgens word die doelstelling en doelwitte van die studie geëvalueer ten einde te bepaal of daar in die doel van die ondersoek geslaag is.

## 5.3 EVALUERING VAN DIE DOEL EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel en doelwitte is met die aanvang van die studie gestel om die studie te rig. Dit is dus nodig om vas te stel of dit wel bereik is.

### 5.3.1 Doel van die navorsingstudie

Die doel van die studie (soos aangedui in 1.5.1) was om ’n verkennende studie te onderneem ten einde te bepaal watter bydrae kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

Bogenoemde doelstelling is bereik deur middel van ’n in-diepte literatuurstudie wat die navorser in staat gestel het om voldoende teoretiese kennis op te bou, ten einde ’n funksionele onderhoudskedule saam te stel. Die onderhoudskedule is tydens semi-gestruktureerde onderhoude met deelnemers gebruik om die bespreking te rig en kwalitatiewe data in te samel. In hoofstuk vier is die empiriese data weergegee en met bestaande literatuur geverifieer. Hierdie proses het die navorser in staat gestel om, vanuit die huisouers, sowel as die kernrolspelers, se persepsies vas te stel watter bydraes kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

### 5.3.2 Doelwitte van die studie

Spesifieke, uitvoerbare doelwitte is gestel wat die bereiking van die doelstelling binne ’n bepaalde tydsverloop, gerig het (verwys 1.5.2). Die doelwitte en bereiking daarvan word vervolgens bespreek:

- Om ’n konseptuele raamwerk daar te stel ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers sowel as kernrolspelers binne die huisouermodel in ’n kinderhuis.

Hierdie doelwit is bereik deurdat die navorser ’n in-diepte literatuurstudie onderneem het oor die take en verantwoordelikhede van huisouers sowel as kernrolspelers binne die huisouermodel in ’n kinderhuis. Die inligting wat deur middel van die literatuurstudie ingesamel is, is in die vorm van ’n konseptuele raamwerk in hoofstuk twee aangebied.

- Om die Gestaltkonsepte veldteorie, kontak en kontakmaking, asook Gestaltformasie teoreties binne die konteks van die studie te verken en te beskryf.

Hierdie doelwit is bereik deur ’n teoretiese uiteensetting van bogenoemde konsepte, asook die toepassing daarvan op die huisouer binne die huisouermodel. Dit is in hoofstuk drie bespreek.

- Om kwalitatiewe data in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met huisouers en kernrolspelers van drie verskillende satelliethuise van ’n spesifieke kinderhuis in Johannesburg.

Kwalitatiewe data is ingesamel deur middel van die benutting van ’n onderhoudskedule [Bylaes 3(a); 3(b) & 3(c) verwys] tydens semi-gestruktureerde onderhoude met deelnemers. Dit het die navorser in staat gestel om die huisouers en kernrolspelers se persepsies van die take van die huisouers, sowel as die wyses waarop kernrolspelers hulle in die uitvoering van hulle take kan ondersteun, te verken. Die volgende aspekte is tydens die semi-gestruktureerde onderhoude hanteer, naamlik:

- huisouers en kernrolspelers se persepsie van die take van huisouers binne satelliethuise;
- faktore wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik en faktore wat dit vergemaklik;
- emosionele ondersteuning van huisouers;
- fisiese ondersteuning van huisouers;
- watter bydraes kernrolspelers kan lewer om huisouers fisies en emosioneel te ondersteun.

- Om die kwalitatiewe data te analiseer en met literatuur te verifieer, ten einde die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers te ondersteun in hulle take, te beskryf.

Die doelwit is bereik deur middel van die analisering van die data en die verifiëring daarvan met bestaande literatuur. Die data is in hoofstuk vier aangebied deur middel van hooftemas, subtemas en kategorieë. Die volgende hooftemas is geïdentifiseer, naamlik:

- Hooftema 1: Deelnemers se menings ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers en kernrolspelers binne die huisouermodel
- Hooftema 2: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take bemoeilik
- Hooftema 3: Faktore wat die uitvoering van huisouers se take sal vergemaklik

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bydraes wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun, in ’n navorsingsverslag te vervat wat onder meer aan die bestuur van die kinderhuis, asook die gemeenskapsleiers, bekend gemaak sal word.

Hierdie doelwit is ook bereik, aangesien die gevolgtrekkings en aanbevelings, wat na aanleiding van die data wat ingevorder en geanaliseer is, vervolgens bespreek word.

## 5.4 GEVOLGTREKKINGS

Die inligting wat tydens die empiriese ondersoek ingevorder en geanaliseer is, het die navorser in staat gestel om bepaalde gevolgtrekkings te maak. Hierdie gevolgtrekkings behels die volgende:

- Al die deelnemers aan die empiriese studie is van mening dat die huisouers van satelliethuise ’n groot verantwoordelikheid het om vir tien getraumatiseerde kinders te sorg en dat hulle ondersteuning nodig het om hulle in staat te stel om hulle take effektief uit te voer.
- Die kernrolspelers betrokke by die satelliethuise is almal gemotiveerd om huisouers te ondersteun in die uitvoering van hulle take.
- Huisouers en rolspelers betrokke by die satelliethuise van die kinderhuis, het verskillende verwagtinge ten opsigte van huisouers se verantwoordelikhede, wat

struikelblokke veroorsaak en samewerking tussen huisouers en ander professionele persone ondermyn.

- Voortdurende wisseling van maatskaplike werkers veroorsaak dat daar geen kontinuïteit in dienslewering is nie. Alhoewel 'n spanbenadering gevolg word, maak die navorser die afleiding dat elke betrokke party slegs fokus op die uitvoering van sy/haar take en verantwoordelikhede. Die verskillende partye het almal dieselfde einddoel, naamlik om in die kinders se beste belang op te tree. Samewerking binne spanverband kan effektiewe hulpverlening bevorder.
- Huisouers wil vir die kinders sorg soos vir hulle eie biologiese kinders. Die feit dat die kinders deur die hof in die kinderhuis geplaas is en dat die kinderhuis voogdyskap vir die kinders aanvaar, skep soms verwarring ten opsigte van die huisouers se verantwoordelikhede. Huisouers wil verantwoordelik wees vir die kinders se fisiese en emosionele versorging, opvoeding, sosialisering en dissiplinering. Dit wil egter voorkom asof die Wet op Kindersorg 38 van 2005, asook reëls en regulasies deur die kinderhuis daargestel, huisouers in die uitvoering van hulle ouerskapsrol beperk en hulle inisiatief en spontaneïteit onderdruk.
- Bogenoemde gee aanleiding tot 'n algemene gevoel by huisouers en gemeenskapsleiers dat daar primêr op die kinders se regte gefokus word en dat die huisouers nie op enige regte aanspraak mag maak nie. Dit veroorsaak gevoelens van negatiwiteit by die huisouers en lei tot ontydige bedankings.
- Vanuit die empiriese data was dit duidelik dat die kinders baie bewus is van die beklemtoning van kinderregte in die samelewing en wil dit voorkom asof hulle die situasie tot hulle eie voordeel uitbuit. Die gevolgtrekking wat die navorser maak is dat kinders deeglik ingelig is oor hulle regte, maar dat hulle nie vertroud is met die feit dat daar vir elke reg wat 'n persoon het, 'n bepaalde verantwoordelikheid is nie (verwys 4.2.2.1).
- Huisouers voel minderwaardig. Daar word voortdurend aan hulle voorgeskryf wat hulle mag en nie mag doen nie en indien hulle situasies verkeerd hanteer, word hulle tereggewys. Erkenning vir die positiewe bydrae wat hulle daagliks lewer ten opsigte van die kinders se versorging, word nie gegee nie. Indien 'n kind oortree of uitreageer, word die huisouers se bevoegdheid as ouers bevraagteken.

- Die feit dat huisouers nie insae het in die kinders se agtergrondgeskiedenis en individuele behandelingsplanne nie, is ’n groot leemte. Dit veroorsaak dat huisouers nie altyd begrip het vir die kinders se gedrag in die hier en nou nie en dit beperk huisouers in die ondersteuningsrol wat hulle sou kon vertolk om die kinders te help om hulle individuele doelstellings te bereik.
- Die hoë emosionele eise wat daagliks aan die huisouers gestel word is dreinerend. Huisouers kry voldoende verlof, maar woon op die perseel saam met die kinders. Indien hulle dus verlof kry, maar weens verblyfomstandighede genoodsaak word om steeds ’n huis met die kinders te deel, kry hulle nie geleentheid om emosioneel af te skakel en hulle kragte te herwin nie.
- Die verhouding met die gemeenskapsleiers en skole in die gemeenskap blyk positief te wees. Huisouers het vrymoedigheid om na hulle toe uit te reik in die geval van ’n krisis.
- Die verhouding tussen die bestuur van die kinderhuis en die huisouers blyk onvoldoende te wees. Die infrastruktuur van die kinderhuis bemoeilik die opbou en instandhouding van persoonlike verhoudings tussen die huisouers en die bestuur.
- Die swak verhouding tussen die bestuur van die kinderhuis en die huisouers het tot gevolg dat daar nie ’n oop kommunikasiekanaal tussen die bestuur en huisouers bestaan nie. Huisouers het nie die vrymoedigheid om die bestuur in die geval van krisisse te nader nie.
- Bogenoemde kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat daar nie ’n vertrouensverhouding tussen die huisouers en bestuur bestaan nie. Huisouers voel onder meer bedreig deur die bestuurslede en het nie die vertroue om enige kwessies (persoonlik of binne werksverband) met hulle te deel nie.
- Administratiewe take is veeleisend en tydrowend. Die feit dat huisouers skriftelik van alles wat hulle doen verslag moet gee, skep ’n gevoel by huisouers dat die bestuur van die kinderhuis hulle nie vertrou om oordeelkundige en verantwoordelike besluite te neem nie.
- Huisouers het die behoefte om op ’n gereelde basis met ’n onafhanklike persoon te gesels oor hulle daaglikse ervarings (emosioneel en fisies) in die huis.

- Huisouers benodig hulp ten opsigte van die praktiese uitvoerbaarheid van hulle take. Dit is byvoorbeeld nie altyd prakties moontlik om tien kinders by skole op en af te laai nie. Sommige huisouers het kinders wat by vier verskillende skole inskakel. Sportaktiwiteite, asook mediese en tandheelkundige afsprake, bemoeilik hierdie taak verder.
- Huisouers benodig hulp met die kinders se huiswerk. Die kinders in die huis is in verskillende ontwikkelingsfases en elke graad het ’n bepaalde kurrikulum wat gevolg word. Huisouers het nie die tyd om al die kinders met hulle huiswerk te help nie. Hulle voel ook nie vaardig genoeg om sinvolle insette te lewer nie.
- Die sukses van ’n satelliethuisplasing word bepaal deur die wyse waarop ’n kind by die gemeenskap inskakel. Die keuring van kinders vir satelliethuise is nie streng genoeg nie. Sommige kinders het blootstelling gehad aan kriminele oortredings en beïnvloed die ander kinders in die huis negatief.
- Die navorser lei af dat daar bepaalde kriteria gestel behoort te word waaraan kinders moet voldoen om in ’n satelliethuis geplaas te word. Die ouderdom, intellektuele vermoëns, gedrag en gemotiveerdheid van kinders om bo hulle omstandighede uit te styg, is aspekte wat hoog deur die huisouers, sowel as gemeenskapsleiers, aangeskryf word.
- Huisouers kry voldoende opleiding, maar is van mening dat dit hulle nie noodwendig in staat stel om alledaagse situasies in die huis te hanteer nie. Huisouers het ’n behoefte aan duidelike riglyne met betrekking tot die praktiese implementering van verworwe kennis.
- In die geval van krisisse weet huisouers nie altyd hoe om op te tree nie, omdat hulle onderworpe is aan die reëls en regulasies van die kinderhuis en nie onafhanklik besluite mag neem nie. Huisouers het ’n behoefte aan ’n noodlyn wat hulle in die geval van krisisse kan skakel.
- Inligting soos in die literatuur bespreek met betrekking tot die ondersteuning van kernrolspelers aan huisouers realiseer nie noodwendig in die praktyk nie en word meestal as ’n leemte deur deelnemers geïdentifiseer. Die navorser is van mening dat ondersteuning aan huisouers in die praktyk wel haalbaar is, indien al die betrokke partye fokus op die einddoel, naamlik die beste belang van die kind.

## 5.5 AANBEVELINGS

Die navorser bespreek vervolgens algemene aanbevelings ten opsigte van die studie, asook aanbevelings vir verdere navorsing wat uitgevoer kan word.

### 5.5.1 Algemene aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan gemaak word om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

- Spanbousessies waar die bestuur van die kinderhuis en die huisouers geleentheid kry om mekaar op ’n informele wyse beter te leer ken, asook waar daar gesamentlik deur die bestuur, die maatskaplike werkers en die huisouers oor die doelstellings en doelwitte van hulpverlening binne spanverband besin word. Positiewe verhoudings tussen die bestuur van die kinderhuis, die maatskaplike werkers en die huisouers kan daartoe bydra dat huisouers se gevoelens van minderwaardigheid verminder en die onderlinge vertrouensverhouding herstel.
- Die inskakeling van huisouers by die professionele span wat dienste aan die kinders in satelliethuise lewer. Huisouers kan waardevolle insette lewer met betrekking tot die kinders se daaglikse funksionering en hulle kan die kinders in die bereiking van hulle individuele doelstellings ondersteun. Dit is belangrik om te alle tye in ag te neem dat die huisouers die kinders se lewensruimte met hulle deel en hulle die beste ken. Huisouers kan, deur ingeskakel te word by die besprekings van die professionele span, sinvolle bydraes lewer ten opsigte van die kinders se emosionele, fisiese, sosiale en opvoedkundige ontwikkeling.
- Gesamentlike gesprekke met die huisouers en individuele kinders oor elke kind se behandelingsplan (IDP), sodat die huisouers die kinders in die bereiking van hulle doelstellings kan ondersteun.
- Kwartaallikse gesprekke tussen die maatskaplike werker, huisouers en individuele kinders waartydens die vordering van die kinders bespreek word, asook waartydens

die huisouers en die kinders geleentheid kry om hulle onderlinge verhouding te evalueer.

- Die werwing van gekwalifiseerde vrywilligers wat kinders met hulle huiswerk kan help.
- Uitreiking deur die betrokke maatskaplike werkers of gemeenskapsleiers na skole met die doel om ’n stelsel te implementeer waar onderwysers help met die kontrolering van klasbywoning, huiswerk, asook die bywoning van ekstra klasse na skool. Indien kinders nie hulle klasse bywoon nie, of byvoorbeeld nie hulle huiswerk doen nie, sal dit huisouers se taak aansienlik verlig indien die betrokke onderwyser die huisouers per sms in kennis kan stel.
- Die opstel van ’n vervoerrooster deur huisouers, wat die gemeenskapsleiers in staat sal stel om vrywilligers in die gemeenskap te identifiseer wat met die vervoer van die kinders kan help.
- Die identifisering van twee of meer gemeenskapslede wat gewillig is om, in die geval van ’n krisis, toesig te hou by die ander kinders in die huis.
- Die aanstelling van ’n onafhanklike terapeut wat huisouers emosioneel ondersteun en teenoor wie hulle met vrymoedigheid hulle gevoelens (persoonlik of binne werksverband) vertroulik kan lug.
- Die vasstelling van spesifieke kriteria waarvolgens die kinders vir plasing in satelliethuise gekeur word, asook betrokkenheid van die voorsitters van die gemeenskapskomitees by die keuringsproses.
- Deurlopende indiensopleiding aan huisouers om hulle met die praktiese probleme waarmee hulle daagliks gekonfronteer word, te help. Huisouers het ’n behoefte om byvoorbeeld opgelei te word oor hoe om ’n kind wat aggressief optree, te hanteer.
- Opleiding aan huisouers oor die Wet op Kindersorg 38 van 2005, asook riglyne oor toepaslike strafmaatreëls vir spesifieke oortredings.
- ’n Noodlyn (24 uur per dag; sewe dae per week) wat deur een van die bestuurslede of maatskaplike werkers (op ’n rotasiebasis) beman word en wat huisouers in die geval van ’n krisis kan skakel.
- ’n Fasiliteit, weg van die satelliethuise, waarheen huisouers gedurende hulle afdae en naweke kan gaan om hulle in staat te stel om fisies en emosioneel af te skakel.

- ’n Skriftelike uiteensetting van huisouers se regte en verantwoordelikhede op grond van die Handves van Regte, in ooreenstemming met die regte en verantwoordelikhede van die kinders.

### 5.5.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

- Die impak van kruiskulturele verskille op die versorgingsrol van huisouers met spesifieke verwysing na taalverskille, rasverskille, etnisiteit en godsdiens.
- Die ontwikkeling van ’n praktiese opleidingsprogram wat huisouers in staat sal stel om daaglikse situasies waarmee hulle in die praktyk gekonfronteer word, te hanteer.
- ’n Longitudinale studie om te bepaal of die daarstelling van kriteria vir inskakeling by ’n satelliethuis, die suksesvolle integrasie van kinders in ’n gemeenskap bewerkstellig.

## 5.6 SAMEVATTING

Die fisiese en emosionele eise wat aan huisouers binne die huisouermodel gestel word, is hoog. Huisouers is gemotiveerd om hulle lewe met dié van die kinders te deel en is entoesiasties om ’n positiewe bydrae tot die kinders in hulle sorg, se lewe te lewer. Die realiteit van die versorging van tien getraumatiseerde kinders, is egter oorweldigend en huisouers voel nie altyd opgewasse vir die veelvuldige take en verantwoordelikhede wat die rol van huisouer omvat nie. Kernrolspelers betrokke by die huisouermodel is almal van mening dat die huisouers ondersteuning nodig het om hulle in die uitvoering van hulle take te help. Die algemene gesindheid van kernrolspelers ten opsigte van ondersteuning is positief.

Die navorser wil afsluit met die volgende aanhaling uit Guishard-Pine *et al.* (2007:12): *“Every bit of help that caregivers receive to support children is an investment in the children themselves.”*

## BRONNELYS


- Abraham Kriel Kindersorg. 2003. *Praktykhandleiding van satelliethuise.*
- Abraham Kriel Kindersorg. 2007. *Satellite homes.* Beskikbaar: http://www.kinderhuis.co.za [2009, September 24].
- Anglin, J.P. 2002. *Pain, normality and the struggle for congruence.* New York, NY: The Haworth Press, Inc.
- Bell, J. 2005. *Doing your research project.* Fourth edition. Maidenhead: Open University Press.
- Bernhardtson, L. 2008. Gestalt ethics: A utopia? *Gestalt Review,* 12(2):161-173.
- Berridge, D. & Brodie, I. 1988. *Children's homes revisited.* London: Jessica Kingsley Publishers.
- Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt therapy*. Fichardtpark: Blom.
- Brown, E., Bullock, R., Hobson, C. & Little, M. 1998. *Making residential care work: Structure and culture in children's homes.* Farnham: Ashgate Publishing Limited.
- Brownell, P. 2001. A discussion of field theory in Gestalt therapy. *Gestalt!*, vol. 5, nr.2. Beskikbaar: www.studie-in-gestalt.org. [2010, 25 Junie].
- Carstens, M. & Vercueil, P. 2005. *Kollig op lewensoriëntering.* Sandton: Heinemann.
- Chakrabarti, M. & Hill, M. 2000. *Residential child care: International perspectives on links with families and peers.* London: Jessica Kingsley Publishers.
- Clarkson, P. 1995. *Gestalt counselling in action.* London: Sage.
- Corey, G. 1996. *Theory and practice of counseling and psychotherapy*. Fifth edition. Wadsworth, CA: Brooks/Cole Publishing Company.
- Courtney, M.E. & Iwaniec, D. 2009. *Residential care of children: Comparative perspectives.* Oxford: Oxford University Press.
- Crocker, S. 2001. A discussion of field theory in Gestalt therapy. *Gestalt!*, vol. 5, nr. 2. Beskikbaar: www.studies-in-gestalt.org. [2010, 25 Junie].
- Darlington, Y., Healy, K. & Feeney, J.A. 2010. Approaches to assessment and intervention across four types of child and family welfare services. *Child and Youth Services Review,* 32:356-364.

* Davidson-Arad, B., Dekel, R. & Wozner, Y. 2004. Correspondence in residents' and staff members' assessments of the quality of life of children in residential care facilities. *Social Indicators Research,* 68:77-89.
* Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2005. The qualitative research report. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 350-354. Third edition. Pretoria: Van Schaik.
* DeMarrais, K. & Lapan, S.D. 2004. *Foundations for research.* Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates Publishers.
* Department of Health. 1998. *Caring for children away from home: Messages from research.* Chicester: John Wiley & Sons Ltd.
* De Vos, A.S. 2005a. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 357-366. Third edition. Pretoria: Van Schaik.
* De Vos, A.S. 2005b. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 333-349. Third edition. Pretoria: Van Schaik.
* Encyclopedia of Mental Disorders. *Group homes.* Beskikbaar: http://www.enotes. com/mental-disorders-encyclopedia. [2010, 20 Februarie].
* Eriksson, H.G. & Tjelflaat, T. 2004. *Residential care: Horizons for the new century.* Farnham: Ashgate.
* Farlex Free Online Dictionary. Beskikbaar: http://www.thefreedictionary.com. [2010, 14 Julie].
* Fernbacher, S. 2005. Cultural influences and considerations in Gestalt therapy. In Woldt, A. L. & Toman, S.M. *Gestalt therapy: History, theory and practice*. Thousand Oaks, CA: Sage.
* Finn, J.A. 2005. *Getting a PhD.* London: Routledge.
* Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 267-273. Third edition. Pretoria: Van Schaik.

- Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 71-85*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.
- Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Problem formulation. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 100-110*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.
- Frazao, L.M. 1999. Healthy and unhealthy functioning: Process-oriented diagnostic thinking. *Gestalt!*, vol. 3, nr. 3. Beskikbaar: www.studies-in-gestalt.org. [2010, 25 Junie].
- Gaffney, S. 2009. The cycle of experience re-cycled: Then, now … next? *Gestalt Review*, 13(1):7-23.
- Goodwin, C.J. 1999. *A history of modern psychology*. New York, NY: John Wiley & Sons, Inc.
- Graziano, A.M. & Raulin, M.L. 2004. *Research methods: A process of inquiry.* Fourth edition. Boston, MA: Allyn & Bacon.
- Greeff, M. 2005. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 286-313*.* Third edition. Pretoria: Van Schaik.
- Greenberg, E. 2005. The narcissistic tightrope walk: Using Gestalt therapy field theory to stabilize the narcissistic client. *Gestalt Review*, 9(1):58-68.
- Guishard-Pine, J., McCall, S. & Hamilton, L. 2007. *Understanding looked after children.* London: Jessica Kingsley Publishers.
- Gurman, A.S. & Messer, S.B. 1995. *Essential psychotherapies: Theory and practice.* New York, NY: The Guilford Press.
- Hergenhahn, B.R. & Olson, M.H. 1997. *An introduction to theories of learning.* Fifth edition. Upper Saddle River, NJ: Prentice Hall.
- Heron, G. & Chakrabarti, M. 2003. Living in community-based children's homes: Exploring the perceptions of staff towards children and young people. *Journal of Social Work*, 3(1):81-98.
- Hicks, L., Archer, L. & Whitaker, D. 1998. The prevailing cultures and staff dynamics in children's homes: Implications for training. *Social Work Education,* 17(3):361-373.

- Hicks, L., Gibbs, I., Weatherly, H. & Byford, S. 2007. *Managing children's homes: Developing effective leadership in small organisations.* London: Jessica Kingsley.
- Hills, D. & Child, C. 2000. *Leadership in residential child care: Evaluating qualification training.* Chicester: John Wiley & Sons, Ltd.
- Holland, S. 2005. *Child and family assessment in social work practice.* London: Sage.
- James, R.K. & Gilliland, B.E. 2003. *Theories and strategies in counseling and psychotherapy.* Fifth edition. Boston, MA: Allyn & Bacon.
- Jones, L., Landsverk, J. & Roberts, A. 2007. A comparison of two caregiving models in providing continuity of care for youth in residential care. *Child Youth Care Forum*, 36:99-109.
- Kahan, B. 1994. *Growing up in groups.* London: HMSO.
- Kendrick, A. 2008. *Residential child care: Prospects and challenges.* London & Philadelphia, PA: Jessica Kingsley Publishers.
- Kerfoot, C. & Winberg, C. 1997. *Learning about action research.* Cape Town: Juta.
- Kirchner, M. 2000. Gestalt therapy theory: An overview. *Gestalt!*, vol. 4, nr. 3. Beskikbaar: www.studies-in-gestalt.org. [2010, 25 Junie].
- Latner, J. 1992. *Gestalt therapy: Perspectives and applications*. Beskikbaar: http://www.aagt.org.
- Lipscombe, J., Farmer, E. & Moyers, S. 2003. Parenting fostered adolescents: Skills and strategies. *Child and Family Social Work*, 8:243-255.
- Little, I. & Burkhalter, T. 2008. *Life talk for parents.* Cape Town: Oshun Books.
- Lourens, A. 2004. *Wetenskaplike skryfvaardighede: Riglyne vir die skryf van tesisse en proefskrifte.* Stellenbosch: Sun Press.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2001. *Research in education: A conceptual introduction.* Fifth edition. Petaluma, CA: Addison Wesley Longman.
- Melnick, J. & Nevis, S.M. 2005. Gestalt therapy methodology. In Woldt, A.L. & Toman, S.M. *Gestalt therapy: History, theory and practice.* Thousand Oaks, CA: Sage.
- Milligan, I. & Stevens, I. 2006. *Residential child care collaborative practice.* London: Sage.

- Monareng, K.N. 2008. *A simple guide to South African family law.* Tokai: Siber Ink CC.
- Mouton, J. 2001. How to succeed in your Master's & Doctoral studies. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Nasionale Kinderregte Komitee. 2006. *Kinders se regte en verantwoordelikhede.* Beskikbaar: http://www.childline.org.za/Buddies/buddies_rightsandresponsibilities.htm [2010, 9 Oktober].
- Neal, M.B. & Wagner, D.L. 2004. *Working caregivers: Issues, challenges, and opportunities for the aging network.* Beskikbaar: http://www.caregiverslibrary.org. [2010, 25 September].
- Neill, J. 2004. *Field theory – Kurt Lewin*. Beskikbaar: http://www.wilderdom.com/theory/FieldTheory.html. [2010, 13 Mei].
- Nelson-Jones, R. 1996. *The theory and practice of counselling*. Second edition. London: Cassell.
- Nevis, E.C. 1997. Gestalt therapy and organization development: A historical perspective, 1930-1996. *Gestalt Review*, 1(2):110-130.
- Nevis, E.C. 2002. Intervening beyond organizations: Exchanges at the contact boundaries of interdependent systems. *Gestalt Review,* 6(2):79-83.
- Osmond, J., Scott, T. & Clark, J. 2008. The knowledge of caring: Revisiting the need for knowledge support of carers. *Child and Family Social Work,* 13:262-273.
- Parlett, M. 1997. The unified field in practice. *Gestalt Review,* 1(1):16-33.
- Petty, G.C. & Brewer, E.W. 2005. Job satisfaction among employees of a youth development organization. *Child Youth Care Forum,* 34(1):57-73.
- Pieterse, R. 2010. Assistentbestuurder van Satelliethuise. Persoonlike onderhoud. 15 Februarie, Johannesburg.
- Price, J.M., Chamberlain, P., Landsverk, J. & Reid, J. 2009. KEEP foster-parent training intervention: Model description and effectiveness. *Child and Family Social Work,* 14:233-242.
- Pring, R. 2004. *Philosophy of educational research.* Second edition. London: Continuum.

- Rubenfield, F. 2008. Expanding the field: Gestalt therapy and the evolutionary Process. *Gestalt Review,* 12(3):295-304.
- Rubin, A. & Babbie, E. 2008. 6th edition. *Research methods for social work.* Belmont, CA: Thomson/Brooks/Cole.
- Sidhu, K.S. 2004. *Methodology of research in education.* New Delhi: Sterling Publishers.
- Sinclair, I. & Gibbs, I. 1998. *Children's homes: A study in diversity.* Chicester: John Wiley & Sons.
- Smith, M. 2009. *Rethinking residential child care: Positive perspectives.* Bristol: The Policy Press.
- Smith, J.A. & Dunworth, F. 2003. Qualitative methods in the study of development. In Connolly, K. & Valsiner, J. 2003. *The handbook of developmental psychology.* London: Sage.
- Staatskoerant no. 33076. 2010 (1 April). *Die Wet op Kindersorg 38 van 2005.* Pretoria: Staatsdrukkers.
- Staatskoerant no. 31165. 2008 (27 Junie). *Konsep Regulasies tot die Kinderwet 38 van 2005.* Pretoria: Staatsdrukkers.
- Stevens, I. 2004. Cognitive-behavioural interventions for adolescents in residential child care in Scotland: An examination of practice and lessons from research. *Child and Family Social Work,* 9:237-246.
- Strydom, H. 2005a. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 192-204. Third edition. Pretoria: Van Schaik.
- Strydom, H. 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S. (ed.). *Research at grass roots for the social sciences and human service professions,* 56-70. Third edition. Pretoria: Van Schaik.
- Suid-Afrikaanse Konstitusie en Handves van Regte. 1996. *Chapter 1: Bill of Rights and Constitution – Human Rights.* Beskikbaar: http://www.paralegaladvice.org.za/docs/chap01/06.html. [2010, 9 Oktober].
- Thomas, R.M. 1998. *Conducting educational research: A comparative view.* London: Bergin & Garvey.

- Törrönen, M. 2006. Community in a children's home. *Child and Family Social Work,* 11:129-137.
- Van Zyl, M. 2009. Hoof van Kinderdienste. Persoonlike onderhoud. 3 Desember, Johannesburg.
- Wallen, N.E. & Fraenkel, J.R. 1991. *Educational research: A guide to the process.* New York, NY: McGraw-Hill Inc.
- Ward, A. 2006. Models of 'ordinary' and 'special' daily living: Matching residential care to the mental-health needs of looked after children. *Child and Family Social Work,* 11:336-346.
- Whipp, R., Kirkpatrick, I. & Kitchener, M. 2005. *Managing residential child* care: *A managed service*. New York, NY: Palgrave Macmillan.
- Whitaker, D., Archer, L. & Hicks, L. 1998. *Working in children's homes: Challenges and complexities*. Chicester: John Wiley & Sons.
- Woldt, A.L. & Toman, S.M. 2005. *Gestalt therapy: History, theory, and practice.* Thousand Oaks, CA: Sage.
- Yates, J.M. 1991. *A re-vision of Gestalt therapy: Reframing Gestalt therapy theory through systems theory and field theory.* Ph.D.-tesis. Ann Arbor: The Union Institute.
- Yontef, G. 1993. *Gestalt therapy: An introduction.* Beskikbaar: www.gestalt.org/yontef.htm. [2010, 25 Junie].
- Yontef, G. 1995. Gestalt therapy. In Gurman, A.S. & Messer, S.B. *Essential psychotherapies: Theory and practice.* New York, NY: The Guilford Press.
- Yontef, G. 2002. The relational attitude in Gestalt theory and practice. *International Gestalt Journal*, 25(1):15-35.
- Yontef, G. 2005. Gestalt therapy theory of change. In Woldt, A.L. & Toman, S. M., *Gestalt therapy: History, theory, and practice.* Thousand Oaks, CA: Sage.

## Bylaag 1(a): Toestemming om deel te neem aan navorsing (kernrolspelers)

### 1. Titel van die studie

**Bydraes wat kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun.**

Voordat u instem om deel te neem aan hierdie studie, is dit belangrik dat u die volgende verduideliking lees en verstaan. Dit beskryf die prosedures, voordele, voorsienbare risiko's en ongerief aan die studie verbonde. Dit is belangrik dat u verstaan dat daar geen waarborge gegee kan word met betrekking tot die resultate van die studie nie.

### 2. Doel van die studie

Ek is 'n meestergraadstudent wat 'n navorsingstudie oor huisouers binne die huisouermodel in 'n kinderhuis loods. Die doel van die studie is om vas te stel watter bydraes u as kernrolspeler binne die huisouermodel van die kinderhuis kan lewer om die huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

### 3. Prosedure en tydraamwerk van die studie

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, sal daar van u gevra word om tydens 'n individuele onderhoud aan te dui watter ondersteuning u voel die huisouers nodig het en watter bydraes u as kernrolspeler kan lewer om die huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

Die onderhoud behoort nie langer as 60 minute te duur nie. Die onderhoud sal op videokamera opgeneem word ten einde akkuraatheid van inligting by die analisering van data te verseker. Die onderhoud sal op 'n voorafbepaalde datum en tyd wat u pas plaasvind.

## 4. Moontlike risiko's en ongerief

Die navorser voorsien geen risiko's of ongerief met betrekking tot deelname aan die studie nie. Die navorser beoog om u as rolspeler op 'n tyd en plek te ontmoet wat vir u gerieflik sal wees.

## 5. Moontlike voordele vir deelnemers en/of samelewing

Indien die huisouers voldoende ondersteuning van u as rolspeler in die uitvoering van hulle take ontvang, kan dit hulle in staat stel om primêr op hulle verhouding met die kinders, asook op die onderlinge verhoudings tussen die kinders in die huis, te fokus. Dit sou ook kon meebring dat huisouers minder stres sal ervaar wat uitbranding en ontydige bedanking kan voorkom. Dit sal dus onnodige onkostes met betrekking tot die werwing, keuring en opleiding van nuwe huisouers spaar en die kinders sal 'n stabiele "ouerfiguur" hê met wie hulle 'n langtermyn verhouding kan opbou. Die navorser beplan om na afloop van die studie aanbevelings aan die bestuurspan en gemeenskapsleiers te maak ten opsigte van bydraes wat gelewer kan word om die huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

## 6. Vergoeding vir deelname

U as deelnemer moet daarvan kennis neem dat u geen finansiële vergoeding vir deelname aan die studie ontvang nie.

## 7. Vertroulikheid

Enige inligting wat deur middel van die navorsing ingesamel word sal vertroulik hanteer word. Tydens die aanbevelings aan die bestuurspan van die kinderhuis en die gemeenskapsleiers, asook die publisering van die resultate en gevolgtrekkings in die navorsingsverhandeling, sal u identiteit anoniem bly deur van skuilname gebruik te maak. Video-opnames van die onderhoude sal slegs deur die navorser en indien nodig,

die supervisor en die eksterne eksaminator besigtig word. In laasgenoemde geval sal u toestemming weer daarvoor verkry word.

**8. Deelname en onttrekking**

U kan self besluit of u aan die studie wil deelneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te enige tyd daarvan onttrek sonder enige verdere verwagtings of verpligtings.

**9. Identifikasie van ondersoekers**

Navorser: **Karen van Niekerk**, meestergraadstudent, Instituut vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Hugenote Kollege.
**Kontaknommer: 079 693 1647**

**10. Regte van proefpersone**

Soos reeds aangedui kan u enige tyd van die studie onttrek. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte nie. Indien u vrae het oor u regte as ’n proefpersoon by navorsing, skakel asseblief vir:
**Mev. Issie Jacobs**
Supervisor vir die navorsingstudie
Instituut vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Hugenote Kollege
021 873 1181

**Verklaring deur deelnemer of sy/haar regsverteenwoordiger**

Die bostaande inligting is aan my gegee en verduidelik deur **Karen van Niekerk** in Afrikaans en ek is die taal magtig en benodig nie ’n vertaler nie. Ek is die geleentheid gebied om vrae te stel en my vrae is tot my bevrediging beantwoord.

Ek stem hiermee vrywillig in om deel te neem aan die studie. Ek verstaan waaroor die studie handel en waarom dit gedoen word.

______________________________________

**Naam van deelnemer**

______________________________________

**Naam van regsverteenwoordiger (indien van toepassing)**

______________________________________ __________

**Handtekening van deelnemer** **Datum**

**Verklaring deur ondersoeker**

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument vervat verduidelik het aan die deelnemer en sy/haar regsverteenwoordiger. Hy/sy is aangemoedig en oorgenoeg tyd gegee om vrae aan my te stel. Dié gesprek is in Afrikaans gevoer en geen vertaler is gebruik nie.

______________________________________ ________

**Handtekening van ondersoeker** **Datum**

## Bylaag 1(b): Toestemming om deel te neem aan navorsing (huisouers)

### 1. Titel van die studie

**Bydraes wat kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun.**

Voordat u instem om deel te neem aan hierdie studie, is dit belangrik dat u die volgende verduideliking lees en verstaan. Dit beskryf die prosedures, voordele, voorsienbare risiko's en ongerief aan die studie verbonde. Dit is belangrik dat u verstaan dat daar geen waarborge gegee kan word met betrekking tot die resultate van die studie nie.

### 2. Doel van die studie

Ek is 'n meestergraadstudent wat 'n navorsingstudie oor huisouers binne die huisouermodel in 'n kinderhuis loods. Die doel van die studie is om vas te stel watter bydraes kernrolspelers kan lewer om u as huisouers binne die huisouermodel van die kinderhuis in die uitvoering van u take te ondersteun.

### 3. Prosedure en tydraamwerk van die studie

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, sal daar van u gevra word om tydens 'n individuele onderhoud aan te dui watter ondersteuning u as huisouer voel u nodig het en watter bydraes kernrolspelers in die kinderhuis kan lewer om u in die uitvoering van u take te ondersteun.

Die onderhoud behoort nie langer as 60 minute te duur nie. Die onderhoud sal op videokamera opgeneem word ten einde akkuraatheid van inligting by die analisering van data te verseker. Die onderhoud sal op 'n voorafbepaalde datum en tyd wat u pas plaasvind.

**4. Moontlike risiko’s en ongerief**

Die navorser voorsien geen risiko’s of ongerief met betrekking tot deelname aan die studie nie. Die navorser beoog om u as huisouer op ’n tyd en plek te ontmoet wat vir u gerieflik sal wees.

**5. Moontlike voordele vir deelnemers en/of samelewing**

Indien u voldoende ondersteuning van rolspelers in die uitvoering van u take ontvang, kan dit u in staat stel om primêr op u verhouding met die kinders, asook op die onderlinge verhoudings tussen die kinders in die huis, te fokus. Dit sou ook kon meebring dat u minder stres sal ervaar wat uitbranding en ontydige bedanking kan voorkom. Die kinders sal dus ’n stabiele “ouerfiguur” hê met wie hulle ’n langtermynverhouding kan opbou. Die navorser beplan om na afloop van die studie aanbevelings aan die bestuurspan van die kinderhuis, asook die gemeenskapsleiers, te maak ten opsigte van bydraes wat kernrolspelers binne die huisouermodel kan lewer om u in die uitvoering van u take te ondersteun.

**6. Vergoeding vir deelname**

U as deelnemer moet daarvan kennis neem dat u geen finansiële vergoeding vir deelname aan die studie ontvang nie.

**7. Vertroulikheid**

Enige inligting wat deur middel van die navorsing ingesamel word sal vertroulik hanteer word. Tydens die aanbevelings aan die bestuurspan van die kinderhuis en die gemeenskapsleiers, asook die publisering van die resultate en gevolgtrekkings in die navorsingsverhandeling, sal u identiteit anoniem bly deur van skuilname gebruik te maak. Video-opnames van die onderhoude sal slegs deur die navorser, en indien nodig,

die supervisor en die eksterne eksaminator besigtig word. In laasgenoemde geval sal u toestemming weer daarvoor verkry word.

**8. Deelname en onttrekking**

U kan self besluit of u aan die studie wil deelneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te enige tyd daarvan onttrek sonder enige verdere verwagtings of verpligtings.

**9. Identifikasie van ondersoekers**

Navorser: **Karen van Niekerk**, meestergraadstudent, Instituut vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Hugenote Kollege.
**Kontaknommer: 079 693 1647**

**10. Regte van proefpersone**

Soos reeds aangedui kan u enige tyd van die studie onttrek. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte nie. Indien u vrae het oor u regte as ’n proefpersoon by navorsing, skakel asseblief vir:
**Mev. Issie Jacobs**
Supervisor vir die navorsingstudie
Instituut vir Kinder-, Jeug- en Familiestudies, Hugenote Kollege
021 873 1181

**Verklaring deur deelnemer of sy/haar regsverteenwoordiger**

Die bostaande inligting is aan my gegee en verduidelik deur **Karen van Niekerk** in Afrikaans en ek is die taal magtig en benodig nie ’n vertaler nie. Ek is die geleentheid gebied om vrae te stel en my vrae is tot my bevrediging beantwoord.

Ek stem hiermee vrywillig in om deel te neem aan die studie. Ek verstaan waaroor die studie handel en waarom dit gedoen word.

________________________________________

**Naam van deelnemer**

________________________________________

**Naam van regsverteenwoordiger (indien van toepassing)**

________________________________________ __________

**Handtekening van deelnemer** **Datum**

**Verklaring deur ondersoeker**

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument vervat verduidelik het aan die deelnemer en sy/haar regsverteenwoordiger. Hy/sy is aangemoedig en oorgenoeg tyd gegee om vrae aan my te stel. Dié gesprek is in Afrikaans gevoer en geen vertaler is gebruik nie.

______________________________________ ________

**Handtekening van ondersoeker** **Datum**

## Bylaag 2: Etiekkomitee-aansoekvorm

Aansoek om klaring van nuwe/hersiene navorsingsprojekte

**Naam:** Karen van Niekerk
**Posisie/Professionele status:** Meesterstudent in Spelterapie
**Affiliasie: Navorsingsprogram/Instelling:** Hugenote Kollege

**Telefoon:** 079 693 1647

**E-posadres:** karenvniekerk@telkomsa.net

**Titel van navorsingsprojek**

**Bydraes wat kernrolspelers kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun.**

**The contribution that key role players can provide to support houseparents within the houseparent model with the fulfilment of their duties.**

**Waar sal die navorsing uitgevoer word?**

Die navorsingstudie sal by ’n kinderhuis in Johannesburg, Gauteng, uitgevoer word.

Al die volgende afdelings moet voltooi word. Merk (√) asseblief alle tersaaklike blokkies waar van toepassing.

**1. BEFONDSING VAN DIE NAVORSING:** Hoe sal die navorsing befonds word?

Die navorser is primêr verantwoordelik vir enige finansiële uitgawes rakende die studie.

## 2. DOEL VAN DIE NAVORSING

Die oorhoofse doel van die navorsing is om ’n verkennende studie te onderneem ten einde te bepaal watter bydrae kernrolspelers in die kinderhuis (bestuurspan, die betrokke maatskaplike werkers en die gemeenskap wat by die kinderhuis betrokke is) kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun.

## 3. OOGMERKE EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING (Lys asseblief alle doelwitte)

Die praktiese doelwitte vir die studie kan soos volg geformuleer word:

- Om ’n konseptuele raamwerk daar te stel ten opsigte van die take en verantwoordelikhede van huisouers sowel as kernrolspelers binne die huisouermodel in ’n kinderhuis;
- Om die Gestaltkonsepte veldteorie, kontak en kontakmaking, asook Gestaltformasie teoreties binne die konteks van die studie te verken en te beskryf;
- Om kwalitatiewe data in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met huisouers en kernrolspelers van drie verskillende satelliethuise van ’n spesifieke kinderhuis in Johannesburg;
- Om die kwalitatiewe data te analiseer en met literatuur te verifieer, ten einde die bydrae wat kernrolspelers kan lewer om huisouers te ondersteun in hulle take, te beskryf;
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van bydraes wat kernrolspelers kan lewer om huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun, in ’n navorsingsverslag te vervat wat onder meer aan die bestuur van die kinderhuis, asook die gemeenskapsleiers, bekend gemaak sal word.

## 4. OPSOMMING VAN DIE NAVORSING

(Gee ’n beknopte beskrywing van die navorsingsplan: hoogstens 200 woorde.)

Direkte waarneming van die daaglikse funksionering van huisouers in verskillende huiseenhede, sowel as individuele gesprekke met huisouers, het die navorser bewus

gemaak van die intensiteit en kompleksiteit van huisouers se rol as kinderversorgers. Om die behoefte vir en relevansie van die navorsing te bepaal, het die navorser toepaslike literatuur oor die huisouermodel, sowel as die funksionering van huisouers binne die huisouermodel, geraadpleeg. Die navorser het ook gesprekke met die hoof van kinderdienste van ’n kinderhuis in Johannesburg (Van Zyl, 2009) en die assistent-bestuurder van die satelliethuise (Pieterse, 2010) gevoer wat bevestig het dat huisouers se take baie kompleks en stresvol van aard is en dat dit tot emosionele uitbranding kan lei.

Die navorser wil ’n verkennende studie doen ten einde vas te stel watter bydrae kernrolspelers in ’n kinderhuis kan lewer om huisouers binne die huisouermodel in die uitvoering van hulle take te ondersteun. Semi-gestruktureerde onderhoude sal met huisouers, die hoof van die kampus, maatskaplike werkers betrokke by die verskillende satelliethuise en die voorsitters van die gemeenskapskomitees gevoer word. Onderhoude sal op videokamera opgeneem word. Dataprossessering sal gedoen word deur video-opnames te transkribeer en verskillende ooreenstemmende temas te identifiseer en te organiseer.

## 5. AARD EN VEREISTES VAN DIE NAVORSING

5.1 Hoe word die navorsing gekarakteriseer? (merk alle toepaslike blokkies)

| | |
|---|---|
| 5.1.1 Persoonlike en sosiale inligting direk van deelnemers/proefpersone verkry | √ |
| 5.1.2 Deelnemers/proefpersone word liggaamlik ondersoek | |
| 5.1.3 Deelnemers/proefpersone word psigometries getoets | |
| 5.1.4 Identifiseerbare inligting oor persone word uit beskikbare rekords verkry | |
| 5.1.5 Anonieme inligting word uit beskikbare rekords verkry | |
| 5.1.6 Literatuur, dokumente of argiefmateriaal oor individue/groepe word ingesamel | √ |

5.2 Deelnemer/proefpersoon inligtingsblad aangeheg? (vir geskrewe en mondelinge toestemming)

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

5.3 Vorm vir Ingeligte Inwilliging aangeheg? (vir geskrewe instemming)

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

LW: Indien ’n vraelys, onderhoudskedule of waarnemingskedule/raamwerk vir etnografiese studie in die navorsing gebruik sal word, moet dit aangeheg word.

5.4 Sal u van enigeen van bogenoemde meetmiddels gebruik maak in die navorsing?

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

**6. DEELNEMERS/PROEFPERSONE IN DIE STUDIE**

6.1 Indien mense bestudeer word, meld waar hulle uitgekies word.

Nie van toepassing op hierdie studie nie. Navorser gaan ’n gevallestudie as navorsingsontwerp gebruik.

6.2 Merk √ asseblief die toepaslike blokkie

| | |
|---|---|
| Deelnemers/proefpersone gaan | |
| Gevra word om deel te neem | √ |
| Sal uitgesoek word | |

6.2.1 Meld hoe die deelnemers/proefpersone uitgesoek sal word en wie as vrywilligers deelneem.

Al die kernrolspelers wat by die huisouermodel van die kinderhuis betrokke is, sal by die studie betrek word.

6.3 Is die deelnemers/proefpersone ondergeskik aan die persoon wat die werwing doen?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | √ |

6.3.1 Indien ja, regverdig die keuse van ondergeskikte proefpersone.

6.4 Sal kontroledeelnemers/proefpersone gebruik word?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | √ |

6.4.1 Indien ja, verduidelik hoe hulle gekies sal word.

6.5 Watter rekords, indien enige, sal gebruik word en hoe sal hulle gekies word?

6.6 Wat is die ouderdomsomvang van die deelnemers/proefpersone in die studie?

6.6.1 Is inwilliging vir voogde/toestemming vir deelnemers/proefpersone verkry?

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

Indien JA, heg asseblief die toepaslike vorms aan.

6.6.2 Indien NEE, meld asseblief waarom nie.

Toestemming is reeds mondelings verkry om navorsing by die spesifieke kinderhuis in Johannesburg te doen. Die navorser het egter nog nie die verskillende individuele deelnemers se toestemming verkry om aan die studie deel te neem nie.

6.7 Sal deelneming of nie-deelneming die deelnemers/proefpersone enigsins benadeel?

| | |
|---|---|
| JA | |
| NEE | √ |

6.7.1 Indien JA, verduidelik asseblief hoe: Nie van toepassing nie

6.8 Sal die navorsing die deelnemers/proefpersone op enige manier direk bevoordeel?

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

6.8.1 Indien JA, verduidelik asseblief hoe:

Indien huisouers ervaar dat almal as ’n span saamwerk, kan dit hulle stresvlakke verminder en uitbranding en ontydige bedanking voorkom. Dit kan dus vir die bestuur van die organisasie kostes bespaar, omdat hulle nie nuwe huisouers hoef te werf en op te lei nie. Die kinders van die kinderhuis sou ook op ’n indirekte manier by die studie kan baatvind, omdat wanneer die huisouers minder stres ervaar, dit sou kon voorkom dat hulle moeg en geïrriteerd raak of ontydig bedank. Daar sal dus ’n stabiele “ouerfiguur” wees wat kontinuïteit en sekuriteit bevorder en die atmosfeer in die huis sal meer ontspanne wees.

## 7. PROSEDURES

7.1 Merk (√ ) die navorsingsprosedure(s) wat gebruik sal word:

| | |
|---|---|
| Literatuur | √ |
| Dokumenter | |
| Persoonlike rekords | |
| Onderhoude | √ |
| Opname | |
| Deelnemerwaarneming | |
| Ander (spesifiseer asseblief) | |

7.2 Hoe sal die data bewaar word?

Onderhoude en fokusgroepe sal op videokamera geneem word en die videobande sal veilig in die navorser se toesluitkabinet in haar huis bewaar word. Na afloop van die transkribering van die inligting en die voltooiing van die eksamineringsproses sal die opnames uitgevee word.

7.3 Indien ’n onderhoudsvorm/skedule, vraelys of waarnemingskedule/raamwerk gebruik sal word, is dit hierby aangeheg?

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

7.4 Risiko’s van die prosedure(s): deelnemers/proefpersone sal/kan miskien van die volgende ondergaan:

| | |
|---|---|
| Geen risiko | √ |
| Ongemaklikheid | |
| Pyn | |
| Moontlike komplikasies | |
| Vervolging | |
| Stigmatisering | |
| Negatiewe etikettering | |
| Ander (spesifiseer asseblief) | |

7.4.1 Indien u enige van bogenoemde gemerk (√ ) het, behalwe die ‘geen risiko’, verskaf besonderhede.

**8. NAVORSINGSDUUR**

(a) Wanneer sal die navorsing begin?

Indien die navorsingsprojek goedgekeur word, beoog die navorser om die empiriese ondersoek Junie 2010 te doen.

(b) Ongeveer hoe lank sal die navorsing duur?

Die navorser beplan om die gevolgtrekkings en aanbevelings teen Augustus 2010 af te handel.

**9. ALGEMEEN**

9.1 Is die toestemming van die toepaslike owerheid/owerhede verkry?

Nie van toepassing op die studie nie.

9.2 Indien JA, meld die naam/name van die owerheid/owerhede.

9.3 Vertroulikheid: Hoe sal die vertroulikheid gehandhaaf word om te verseker dat deelnemers/proefpersone nie geïdentifiseer kan word deur persone wat nie by die navorsing betrokke is nie?

Skuilname sal deurentyd gebruik word om die identiteit van deelnemers te beskerm. Aanbevelings sal ook skriftelik aan die bestuur van die kinderhuis en gemeenskapsleiers gemaak word en sal op so ’n wyse gedoen word dat enige verwysing na ’n persoon nie sal plaasvind nie.

9.4 Resultate: Aan wie sal die resultate beskikbaar gestel word en hoe sal die bevindinge aan die navorsingsdeelnemers meegedeel word?

Die resultate sal aan al die deelnemers van die studie bekend gemaak word. Die bestuur van die kinderhuis sal ’n afskrif van die verhandeling ontvang en sal die resultate aan die betrokke deelnemers weergee.

Onkostes sal gely word deur:

| | |
|---|---|
| Deelnemer/proefpersoon | |
| Instelling | |
| Ander (spesifiseer asseblief)<br><br>Die navorser | √ |

Die navorsingstudie vorm deel van die vereistes vir die graad Magister Diaconiologiae (Spelterapie) en die navorser is dus vir die finansiering van die projek verantwoordelik.

9.5 Navorsingsvoorstel/protokol hierby aangeheg?

| | |
|---|---|
| JA | √ |
| NEE | |

9.6 Enige ander inligting wat vir die Komitee van waarde sal wees, moet hier verskaf word:

Geen

## Bylaag 3(a): Onderhoudskedule vir huisouers

1. Hoe sou u u rol as huisouer binne die huisouermodel omskryf?
2. Watter faktore kan u identifiseer wat u in die uitvoering van u take en verantwoordelikhede strem?
3. Watter faktore kan u identifiseer wat u in die uitvoering van u take en verantwoordelikhede ondersteun?
4. Met watter kernrolspelers skakel u op ’n gereelde basis in die uitvoering van u take?
5. Watter bydraes kan elk van die genoemde rolspelers lewer om u in die uitvoering van u take as huisouer te ondersteun?
6. Eksploreer huisouers se ervarings met betrekking tot:
    - kommunikasie ten opsigte van reëls en regulasies binne die kinderhuis, opname- en verwysingsprosedures, inligting oor gesinsagtergrond van kinders wat in hulle sorg is en toepassing van dissipline;
    - supervisiegeleenthede en opleiding;
    - betrokkenheid en algemene houdingsingesteldheid van ouers van kinders, onderwysers, polisie, algemene praktisyns.

## Bylaag 3(b): Onderhoudskedule vir kernrolspelers in satelliethuise

1. Wat is u persepsie van huisouerskap binne die huisouermodel?
2. Hoe sou u die rol van die huisouer binne die huisouermodel omskryf?
3. Wat is, na u mening, die primêre take van die huisouer binne die huisouermodel?
4. Watter faktore kan u identifiseer wat die huisouer in die uitvoering van sy/haar take en verantwoordelikhede strem?
5. Watter faktore kan u identifiseer wat die huisouer in die uitvoering van sy/haar take en verantwoordelikhede ondersteun?
6. Watter bydrae sou u as rolspeler in die kinderhuis kon lewer om die huisouer in die uitvoering van sy/haar take te ondersteun?
7. Eksploreer die volgende areas soos van toepassing:

- kommunikasie ten opsigte van huisouers se take en insette van rolspelers om die uitvoering van take te vergemaklik;
- houdingsingesteldheid en betrokkenheid van bure, polisie, onderwysers en algemene praktisyns;
- emosionele ondersteuning;
- praktiese ondersteuning.

## Bylaag 3 (c): Whitaker, Archer en Hicks (1998) se tabelle ter gedeeltelike verklaring van die formulering van vrae vir die onderhoudskedules

Whitaker, Archer en Hicks (1998) het navorsing in kinderhuise gedoen wat spesifiek betrekking het op kinderversorgers wat op ’n aflosbasis in kinderhuise werk. Whitaker *et al.* (1998:179) het in hulle studie bevind dat daar sekere faktore is wat goeie praktyk van personeellede kan ondersteun of verhinder. Hulle het die faktore in pare gegroepeer, omdat ’n positiewe krag, wat goeie praktyk ondersteun, verband kan hou met ’n negatiewe krag, wat goeie praktyk kan verhinder.

Volgens Whitaker *et al.* (1998:180) is dit nodig dat praktisyns en bestuurders bewus moet wees van faktore wat goeie praktyk ondersteun, sodat hulle dit kan versterk. Dit is ook nodig dat hulle bewus moet wees van faktore wat goeie praktyk verhinder, sodat hulle stappe kan neem om dit te verwyder of die invloed daarvan kan verminder. Whitaker *et al.* (1998:179) het Kurt Lewin se kragveldanalise gebruik om aan te dui watter faktore ’n kinderhuis verhinder om hulle oorhoofse doel te bereik, asook watter stappe geneem kan word om dit te bereik.

Die navorser het Whitaker *et al.* (1998:183-191) se skematiese voorstelling as ’n riglyn tydens die empiriese ondersoek van hierdie studie gebruik om aan te dui watter leemtes huisouers binne die huisouermodel ervaar ten opsigte van ondersteuning van kernrolspelers in die praktyk (negatiewe kragte), asook wat kernrolspelers kan doen om die huisouers in die uitvoering van hulle take te ondersteun (positiewe kragte).

Faktore wat in die verskillende tabelle geïdentifiseer word, is as riglyn tydens semi-gestruktureerde onderhoude gebruik om huisouers en kernrolspelers se persepsies van die onderlinge verhoudings tussen die huisouers en rolspelers verder te eksploreer.

**Tabel 1: Verhouding tussen bestuur en personeellede**

| **Swakker praktyk** | **Huidige praktyk** | **Beter praktyk** |
|---|---|---|
| Prosedures is in plek sodat kinderversorgers hulle ervarings en insig met bestuur kan deel, veral oor die moontlike implikasies van die toepassing van nuwe beleid. | | Kommunikasie tussen bestuur en kinderversorgers is eenrigting. Riglyne en/of prosedures word deur bestuur neergelê – kinderversorgers word nie by die bespreking daarvan betrek nie. |
| Konsultasie met kinder-versorgers oor beplande veranderings vind plaas en hulle sienings word in ag geneem. | | Kinderversorgers hoor soms van beplande veranderings maar definitiewe inligting is nie beskikbaar nie. Die datum van veranderings is onbekend en kinderversorgers ervaar deurentyd gevoelens van onsekerheid. |
| Kinderversorgers is bereid om inisiatief te neem wat betref prosedures wat hulle glo tot nadeel van die kinders strek. Hulle vorder bewyse in, en voorkom konfrontasie. | | Kinderversorgers voel hulpeloos teen bestuursbesluite wat hulle voel nie altyd in die praktyk uitvoerbaar is nie. |
| Inspeksies is regverdig en kinderversorgers is bewus van die tye wanneer dit uitgevoer sal word. | | Inspeksies is indringerig en word as bedreigend en onregverdig ervaar. |

**Tabel 2: Verhouding tussen maatskaplike werkers in die veld en kinderversorgers**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Kinderversorgers en die maatskaplike werker in die veld wat vir 'n kind verantwoordelik is, handhaaf 'n oop kommunikasiekanaal. Hulle sê wanneer hulle verskillende menings huldig en poog om dit op te los. | → ← | Kinderversorgers en die maatskaplike werker in die veld wat vir 'n kind verantwoordelik is, het ongereeld kontak en kommunikasie oor menings-verskille is beperk. Hulle is in kompetisie met mekaar. |
| Kinderversorgers en die maatskaplike werker in die veld het duidelikheid oor wie verantwoordelik is vir en besluite neem oor wat. | → ← | Daar is 'n gebrek aan duidelikheid oor die kinder-versorgers se verantwoor-delikhede en besluitnemingsmag ten opsigte van die kinders in hulle sorg. Die maatskaplike werker in die veld aanvaar vir alles verantwoordelikheid. |

## Tabel 3: Opnames en verwysingsbeleid en prosedures

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Kinderversorgers kan met bestuur onderhandel oor beleid ten opsigte van nuwe opnames, byvoorbeeld of hulle kinders langtermyn akkommodeer; of hulle ’n spesialishuis is, ensomeer. | | Kinderversorgers het geen seggenskap oor opnames nie, selfs al het hulle inligting wat daarop dui dat ’n spesifieke kind nie met die ander inwoners oor die weg sal kom nie. |
| Kinderversorgers kan suksesvol argumenteer teen die opname van ’n spesifieke kind, op grond van die feit dat hy/sy kriminele na die huis toe kan aantrek; saam met ’n ander huislid sal oortree of in fisiese konflik met ander huislede betrokke kan raak. | | Kinderversorgers het geen seggenskap oor die oorplasing van ’n kind nie – hulle weet nie wanneer dit gaan gebeur of waarheen die kind oorgeplaas sal word nie. Hulle kan voel asof hulle goeie werk met die kind onderbreek of tot niet gemaak word. |
| Kinders word geskuif wanneer dit tot hulle voordeel strek en die tydsberekening word versigtig oorweeg. | | Kinders word soms om administratiewe redes geskuif, of met die hoop dat ’n pleegsorgplasing suksesvol mag wees. |
| Die besluit oor wanneer ‘n jongmens van 16-18 jaar die huis moet verlaat om onafhanklik te begin leef, word op sy/haar omstandighede en behoeftes gebaseer. | | Die aanvraag vir beddens is so groot dat daar druk op kinderversorgers geplaas word om ’n jongmens vir ’n lewe in die samelewing voor te berei die oomblik wanneer hy/sy 16 jaar oud is, ongeag of hy/sy persoonlik gereed voel daarvoor. |

**Tabel 4: Beplanning en moniteringsprosedures vir individuele kinders**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Gereelde hersienings-vergaderings rakende elke individuele kind word gehou. | → \| ← | Hersieningsvergaderings rakende elke individuele kind word sporadies gehou. |
| Gedurende hersienings-vergaderings kry almal die geleentheid om hulle mening te lug en almal se menings word gerespekteer. | → \| ← | Gedurende hersienings-vergaderings kry almal nie 'n spreekbeurt nie of hulle menings word verontagsaam. |
| Die voorsitter van die hersieningsvergaderings is vaardig in die hantering van konflikte, ontstelde lede en die hantering van hoogs emosionele woordewisselings. | → \| ← | Die voorsitter van die hersieningsvergaderings is nie vaardig om groepbesprekings te hanteer nie en een of meer lede domineer die besprekings. |
| Intervensieplanne vir elke kind is in plek en gebaseer op 'n deeglike begrip van die kind se behoeftes en omstandighede; dit word gereeld aangepas. | → \| ← | Intervensieplanne vir elke kind is in plek, maar dit is vaag of in algemene terme uiteengesit en word nie aangepas soos die kind se behoeftes of omstandighede verander nie. |

**Tabel 5: Implementering van reëls en riglyne binne die breër organisasie**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Grondreëls is in plek en die toepassing daarvan is buigsaam, soos toepaslik vir elke individu se omstandighede. | → ← | Binne die kinderhuisopset as 'n geheel word reëls streng toegepas en uitsonderlike omstandighede word nie in ag geneem nie. Besluite word soms geneem wat individue of die groep as 'n geheel, benadeel. |
| Die formulering van riglyne op grond van spesifieke gebeure, is deeglik oorweeg en alle moontlike gevolge is in ag geneem. | → ← | Die daarstelling van nuwe riglyne is in reaksie op 'n probleemsituasie of krisis en die implementering daarvan veroorsaak verdere onvoorsiene probleme. |

**Tabel 6: Diversiteit van kinders in 'n (kinder)huis**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Die groep kinders as 'n geheel is relatief gevestig, of sluit kinders in wat die kinderversorgers kan ondersteun in die handhawing van orde en hantering van kinders met uitreagerende gedrag. | | Die groep kinders sluit kinders in met uitreagerende gedrag wat die ander kinders ontstel of wat gereeld betrokke is in situasies wat deur destruktiewe gedrag gekenmerk word. In sommige gevalle is dit onmoontlik om te voorkom dat kinders hulleself in gevaar stel deur byvoorbeeld weg te loop, die hele nag uit te bly, dwelmmiddels te gebruik of prostitusie te beoefen. |
| Nuwe opnames word gespasieer wat aan die kinderversorgers die geleentheid gee om met al die kinders in die huis te werk. | | Nuwe opnames vind so dikwels plaas dat die kinderversorgers gedurig besig is om die kinders te help om aan te pas by die nuwe omgewing. Kinder-versorgers kry nie tyd om aan die ander kinders aandag te gee nie. |

**Tabel 7: Die howe**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Besluitneming deur howe het soms tot gevolg dat 'n kind na 'n ander plek geskuif word. Indien die kind baie moeilik was om mee saam te leef, voel kinderversorgers dit is gepas en voordelig vir almal in die huis. | | Besluitneming deur howe het soms tot gevolg dat kinders voel hulle het "met moord weggekom". Hulle is derhalwe minder gewillig om op kinderversorgers se pogings om verdere oortredings te voorkom, te reageer. |

**Tabel 8: Die breër netwerk**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Kinderversorgers word in hulle pogings ondersteun deur aksies en houdings van mense binne ’n kind se netwerk, byvoorbeeld ouers wat belangstelling in die kind toon; onderwysers wat gewillig is om met ’n kind met gedragsprobleme te werk; polisie wat samewerking gee en simpatiek is. | → ← | Kinderversorgers word beperk in wat hulle kan bereik deur mense van ’n kind se breër netwerk, byvoorbeeld ’n ouer wat nie die hersieningsvergaderings bywoon nie; ’n skool wat die kind skors en hom/haar nie weer wil toelaat nie; polisie wat onsimpatiek is. |
| Kinderversorgers handhaaf goeie verhoudings met lede van die netwerk rondom die huis. | → ← | Kinderversorgers het swak verhoudings met skole, polisie, bure, ensomeer. |

**Tabel 9: Opleiding en supervisie**

| Swakker praktyk | Huidige praktyk | Beter praktyk |
|---|---|---|
| Bestuur voorsien voldoende supervisie en opleiding wat deur kinderversorgers toegepas word. | → ← | Bestuur voorsien supervisie en opleiding wat onvoldoende is en nie deur kinderversorgers toegepas word nie. |
| Bestuur skep opleidings-geleenthede vir kinder-versorgers deur middel van indiensopleidingskursusse. Aflospersoneel word voorsien terwyl kinderversorgers vir indiensopleiding gaan. | → ← | Voltydse of deeltydse bywoning van kursusse ontneem personeel van sommige van hulle meer ervare lede. Indiensopleidings-kursusse stel ekstra eise aan kinderversorgers wat alreeds oorwerk is. |